LINEAR LIBRARY
C01 0074 7611

# Sweisbril

deur

**Jaco Botha**

Voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad

Magister Artium (Skeppende Skryfwerk)

in die Fakulteit Geesteswetenskappe,
Universiteit van Kaapstad

PROMOTOR: Etienne van Heerden
April 1999

2000/592

University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, dat hierdie my eie werk is en dat dit nie gedeeltelik of in die geheel vir enige graad aan 'n ander universiteit voorgelê is nie.

Signed by candidate

Jaco Botha

April 1999

# INHOUD

1. Teoreties

   *OM TERUG TE STAAN, DIE SWEISFLAP TE LIG, EN SAGGIES DEUR JOU VINGERS TE BLAAS*

2. Manuskrip

   *SWEISBRIL*

# OM TERUG TE STAAN,

# DIE SWEISFLAP TE LIG, EN

# SAGGIES DEUR JOU VINGERS TE BLAAS

"Teorie het sy eie storie. En oor skrywery is daar maar min te vertel" - Abraham H de Vries, *Nag van die Clown*

## 1 VOORAF

Ek begin by die teks, want dit is ten slotte die onderwerp onder bespreking. Die skrywer, nog tam en gedisoriënteer deur die gesplete perspektief van al sy vertellers en karakters, word derhalwe nou ook in die ongemaklike rol van verantwoordbare kritikus gedwing.

Die situasie is nie na wense nie.

## 2 ALGEMENE ELEMENTE

In *Sweisbril* het ons te make met die middelklas en sub-middelklas wêreld van die voorstede - onder andere Springs, Vereeniging en Kroonstad: die fisiek en geestelik gestroopte wêreld van *scrapyards*, Seven Elevens, karavaanparke en plotte.

Die karakters is onteiendes, sukkelaars en dromers; haarkappers, petroljoggies, bankklerke, ensovoorts. Algar produkte van hul omstandighede, gelyktydig slagoffers en slagters; in hierdie wêreld is daar geen ware *good guys* of *bad guys* nie.

Die optrede van die karakters is bloot simptomaties van iets wat veel dieper strek as wat hulle self besef, iets wat ontstellend en onherstelbaar is: 'n onhoudbare uitsigloosheid, waarteen blink planne, vol whisky-flesse en selfs 'n sweisbril maar min verweer bied.

**2.1 Die titel**

Baie van die bogenoemde elemente word dan vergestalt in die titel en titelverhaal, wat ook as seminale verhaal tot die bundel gedien het.

In die eerste plek is die *sweisbril* simbolies van die industriële, "blue-collar"-wêreld waarin die karakters lewe. Soos in die titelverhaal is die "bril" egter nie net beperk tot die werkplek (garage of skrootwerf) nie, maar kan dit ook huis toe geneem word om na 'n sonsverduistering te kyk. Die *sweisbril* vergestalt die volledige leefruimte van die karakters.

Tweedens is die *sweisbril* ook 'n vorm van beskerming (teen te skerp lig). Die karakters skroei onder die strawwe son van Afrika (die kontinent waarop hulle woon); hulle is voortdurend op soek na skuiling (veral in alkohol, *schemes & dreams* en ander mense se stories).

En derdens is die konsep "sweis" gekoppel aan "bril" op 'n literêre vlak heel dienstig. Hier is die gedagte dat die skryfproses gesien kan word as 'n aanmekaar *sweis* van verskillende elemente (vertellinge, grappe, tonele, ens) om

uiteindelik 'n verhaal te vorm, in samehang met die bekende beeld van die "bril" as 'n sekere manier van kyk na die wêreld (hieroor later in groter besonderhede).

**2.2 Verhaalelemente**

a) Die karakters

In al die tekste is dit dan ook die karakter(s) wat sentraal staan. Bykans elke verhaal word ingelei deur 'n kennismaking met die hoofkarakter: "Basil was gatvol vir die reuk van sigaretstompies, petrol en rubber" ("Visblik") of "Op vyf-en-dertig het Tersia in die oggende opgestaan om vir haar man en haar twee kinders ontbyt te maak ... Sy was nie 'n ongewone vrou nie" ("Huisvrou"). Dít is sprekende voorbeelde van hierdie tegniek.

Wat opvallend is, is dat daar aanvanklik aan die karakters in elke verhaal 'n argetipiese gevoelswaarde verleen word. Dit word bewerkstellig deur die gebruik van algemene of gewone name (soos Frannie, Basil, Jefrey, ens) en ironiese sinskonstruksie ("Sy was nie 'n ongewone vrou nie" ["Huisvrou"]).

Lees mens egter verder word daar só intensief op die karakters inge*zoom* en met hulle *saamgeleef* dat hulle nie anders kan as om ondupliseerbare individue te word nie. Die volgende uittreksel uit "Hangkas" is tekenend van hierdie (sintuiglik) intieme en empatiese meelewing met die karakters:

> In die slaapkamer het hy op sy ma se bed gaan lê - hy was fokkin moeg. Hy het die draagbare televisie aangeskakel ... Hy kon niks hoor nie - sy ore het verskriklik gesuis. Hy't sy gesig tot teenaan die skerm gedruk en kon die staties-elektriese prikkels teen sy lippe en neus voel.

Maar ja, dit is ook duidelik dat ons nie hier met onkreukbare individue te make het nie: Hulle is in baie gevalle rassisties, misbruikers van drank, egbrekers en swak ouers. Hul hele optrede skreeu teen die oormag van 'n destruktiewe *geskiedenis* en 'n uitsiglose bestaan. ("Give me back my young brother, hard / and furious, with wide shoulders and a curse / for God and burning eyes that look upon / all creation and say, You can have it," - Philip Levine, *The Norton Anthology of Poetry* (Ferguson, 1996:1650).)

Morele en sosiaal-politieke sieninge oor menslikheid word gevolglik hierdeur geproblematiseer. Vrae ontstaan soos: Hoe kan 'n mens empatie hê vir 'n rassis of kindermolesteerder? Het ons in hierdie polities-korrekte tye te make met 'n heel nuwe marge van ontheemdes? En wat sê dit oor die aard van marges?

Die reedsgenoemde "Hangkas" behoort die meeste lesers te laat met 'n gevoel van empatie met Dan, die blinde skakelbord-operateur wat uiteindelik selfmoord pleeg - nieteenstaande die feit dat hy rassistiese terme soos "'n true blue-gummed koeliemeid" gebruik. Die volgende vrae ontstaan: Waar lê die etiese toleransievlakke van die leser? Wat is die etiese verantwoordelikheid van die skrywer? Wat moet 'n karakter doen

om die empatie van die leser te verloor? Waarmee is die leser bereid om hom-/haarself te identifiseer?

(NB: Tans sal ek volstaan met die bekende woorde van Oscar Wilde: "There is no such thing as a moral or an immoral book. Books are well written, or badly written. That is all" [Wilde 1993:17].)

Te midde van 'n hartstogtelike menseliefde (waarby brandewyn nie onbetrokke was nie) het dié skrywer die volgende oor sy karakters te sê gehad:

> My bemoeienis is met die mense wat nie verhale het om te leef nie; mense wat nie groot stellings het om te maak nie; my bemoeienis is met dié wat gebreek is sonder dat hul ooit heel was. Ek wil hul toevou in die liefde wat ek nie het nie. Oor hulle wil ek skrywe.

b) Die ruimte

Die wêreld waarin hierdie karakters vir hulself 'n bestaan probeer maak, is drieledig van aard:

Eerstens is dit die uitbeelding van die leefruimte van 'n spesifieke snit van die samelewing: sub-middelklas, wit Suid-Afrikaners. Hierdie "snit" is spesifiek gekies, nie slegs as 'n voorbeeld van sleurende voorstedelikheid (soos in die werk van Amerikaanse "dirty fiction"-skrywers soos Raymond Carver) nie, maar ook vanweë die finansiële en politieke bankrotskap van die karakters. Hulle lewe tussen garages, *strip*-klubs, laerskoolrugbyvelde en Spur-braairestaurante. In hul huise staan die tweedehandse TV-stel sentraal. Vir hulle is die lewe

maar "kak entertainment" ("Wolfram").

Die "down & out" kwaliteit van hierdie ruimte is gevolglik ook direk te verbind aan hoe die karakters hul wêreld en die wêreld ervaar. "Na sewe is dit regtig lekker om die kroeg. Almal praat, rook, drink en eet klein pakkies kaas-en-uie chips - die heerlike geur van bier hang dik in die lug." Hierdie gholfklub-toneel uit "Grasperk" is dan byvoorbeeld nie bloot die uitbeelding van 'n sekere ruimte nie, maar weerspieël ook die maniese teensin van die karakters om terug te keer na hul neerdrukkende huise en vroue.

In die derde plek dien die ruimte eenvoudig as tegniek om atmosfeer te skep. Die gevoelswêreld van kunstenaars soos Tom Waits, Koos du Plessis, Quentin Tarantino, Alexander Strachan, Vincent van Gogh en Philip Levine kan hierin herken word. Bekende merkers van melancholie (gebrande gras, leë brandewynbottels, 'n winkelsentrum in die aand) word deurlopend gebruik om dié "When you're down and they're counting" gevoelswaarde oor te dra.

(NB: Die bostaande aanhaling is van die popsanger, Sting.)

c) Die tyd

Die tydvak is in die meeste gevalle die laat negentigs - 'n tyd van ontmagtiging en ontnugtering vir die middelklas, wit Afrikaanse karakters in die boek.

(NB: Ek wil dit werklik duidelik stel dat my

belangstelling, of simpatie, nie sodanig by die groepering, soos hierbo omskryf, lê nie. Die fokus van hierdie bundel is karakters se gestrooptheid [van politieke en sosiale mag] en slegs daarom is hierdie groepering bruikbaar.)

Daar is dikwels terugflitse, waarin die karakters ontsnap na 'n vroeëre tydvak, 'n tyd waarin dinge vir hulle meer *sin* gemaak het. "Fokkin lekker het ou Frannie gedroom van sy kleindae: Van sy pa wat hom op sy skouers dra en die nuwe springbokkies wys; van sy ma se boeke en koel hande" uit "Sweisbril" is 'n sprekende voorbeeld van hierdie soort "escapism". Die nalatenskap van hul verledes, soos dit op die karakters inspeel, word verder ook in 'n verhaal soos "Pophuis" gedemonstreer.

Wat die narratiewe tyd betref, is die verhale saamgestel uit gekonsentreerde tonele, wat deur die bykans terloopse noem van gebeure verbind word. Behalwe vir die funksionaliteit hiervan ('n mens kan eenvoudig nie alles in "real time" vertel nie), dien dit ook as 'n relativering van dit wat intens deur die karakters ervaar word.

In die verhaal "Wolfram" is hierdie tegniek (die *wys* van laste, om terug te keer na die sweismetafoor) heel duidelik. Die teks wissel van tonele waar die vertelde tyd bykans stadiger as die verteltyd is, soos:

> Hy staan op en maak die yskas se deur oop, en weer toe. Hy gaan krap in die gangkas en kry 'n string liggies van die vorige Kersfees - sy ma het nog gevra dat hy die gefusede lampies moet regmaak. Hy

> draai stadig die koeke uit die draad uit en staan dan weer op om te kyk of daar nie iets lekkers in die yskas is nie - hy maak die deur oop en weer toe.

Hierdie tonele word verbind deur groot *spronge* soos: "Daardie dag is maar 'n gewone dag, en die volgende een ook, en die volgende een ook" of "Vir twee weke werk hulle dat hulle kak" uit dieselfde verhaal. Die voortslepende gelatenheid word dan ook deur hierdie *tydspronge* gefasiliteer.

d) Die verteller

Hier lê, na alle waarskynlikheid, die mees interessante kwaliteit van die teks. Die volgende aspekte kan hier uitgelig word:

Die verteller is (vanselfsprekend) die leser se (enigste) medium tot, nie net die verhaal nie, maar ook die bewussynswêreld van die karakters. Die verteller in "Bankroof" neem byvoorbeeld dieselfde rassistiese houding as die karakters (Douw en Ryno) in deur te sê: "Vrydagoggend bel 'n connection van Douw en laat weet dat een van sy hotnots met 'n vrag teëls by Du Toitskloof af is." Die *meeleef* en gevolglike sketsing van die scenario en karakters word dus tot 'n uiterste gevoer.

In teenstelling met hierdie *vriendskaplike taalverhouding* wat die verteller met die karakters deel, staan die siniese en afsydige vertellerstem wat stellings maak soos: "Dit was winter '76 en Sagrys het eintlik maar fokkol van fokkol af

geweet" (met sy sydelinge politieke kommentaar) uit "Pophuis" of (die ironies-seksistiese stelling), "Anders as vroue, wat meesal heel happy is om bloot deur die motions te gaan, het 'n man 'n plan nodig" uit "Bankroof".

Daar word gevolglik gewissel tussen 'n empatieke *woordvoerder* vir die karakters, tot 'n siniese *kommentator*.

Hierdie twee vertelhoudings kom selfs in botsing in die verhaal "Huisvrou", waar die siniese *kommentator* sy geduld met die vroulike hoofkarakter verloor en "My jirre jessis, wat gaan aan met Tersia?" sê - teenoor die empatiese, "Wag baby, sjjjj. Moenie so oorhaastig wees nie" van die "huisvrou" se *woordvoerder* of *kampvegter*.

Die bostaande *konflik* kan selfs gesien word as losse kommentaar op die *tydsberekening* van die teks (verhaalelemente soos spanning en karakterontwikkeling) en gevolglik op die skryfproses in geheel. Hoeveel verteltyd word 'n karakter gegun om hom-/haarself *uit te sorteer*? Wat van die karakter se ervaring moet in die teks omskryf word? Wat is nodig en wat is oorbodig?

Die kliniese meedoënloosheid waarmee die verteller (sonder om van stem te verander) situasies propageer, opstuur en rangeer laat uiteindelik 'n hele paar vrae oor waar *sy* sentiment en lojaliteite lê. (Vanselfsprekend is vrae wat oor die verteller gevra kan word, in baie gevalle ook vrae wat oor die skrywer gevra sal word.)

## 2.3 Opsommend

Betreffend algemene eienskappe in die bundel kan die volgende twee elemente uitgelig word:

1. die karaktergesentreerdheid, wat van alle verhaalelemente (tyd, ruimte en vertelperspektief) gebruik maak; en
2. die wisseling, deurgaans tussen die intieme en die afsydige; die "landscape" en die "close-up".

## 3 BESPREKING VAN "BANKROOF"

(NB: Hierdie verhaal is waarskynlik goed verteenwoordigend van die meeste temas en tegnieke wat in die bundel gebruik word.) Soos gebruiklik word begin met 'n wye, siniese blik oor die karakters en hul milieu, van waar inge*zoom* word op die individuele, "manlike" ervaring.

(NB: Hierdie "manlike ondervindings" is, vrees ek, met minder ironie gestel as in die werk van Koos Prinsloo. Machismo word opgestel as verdedigingsmeganisme, eerder as ideologiese konstruk.)

Selfs die *siniese* verteller praat vanuit 'n *manlike* perspektief (alhoewel daardie betrokke *stem* ook ironies gelees kan word - "''n Lekker fokkin plek wat julle hier het,' sê Ryno vir die derde of vierde maal en inspekteer weer die selfgeboude binnebraai").

Die verhaal handel oor twee boesemvriende, Douw en Ryno, wat sy aan sy in die eksistensiële loopgrawe van hul bestaan "veg". Hulle drink te veel, vertel stories en grappe, dink

nostalgies terug aan die verlede en oorweeg selfs 'n bankroof. Vir hulle is daar nie hoop nie.

Hier is daar eerstens dan 'n verband te tref tussen die vertel van stories en grappe, en die skryf van 'n verhaal.

(NB: Die meriete in "Bankroof" lê nie in die intrige [*plot*] nie; dié is maar yl - opeenvolgende sessies "kak-pratery", met slegs die vae moontlikheid van 'n bankroof. Die meriete lê eerder in die *vol* uitbeelding van 'n *leë* bestaan.)

In die eerste plek gaan dit oor die *interessantheid* van die verteller se aanbieding. Wat hier van belang is, is die *intrek* van die leser in die tekstuele wêreld (in die karakters se realiteit) - die bekende "*suspension of disbelief*". (Die storie moet geloofwaardig wees, anders roep die leser, soos Ryno ná Douw se "tierstorie" uit, "Kak man ... Ek wil nie meer na jou storie luister nie".)

Die leser moet as 't ware die storie voor sy/haar oë sien afspeel. In "Bankroof" word die eerste toneel geaktiveer deur konsepte soos: 'n plot, 'n saggesitte rusbank, 'n TV-stel en Vrydagaand. Sintuiglik en atmosferies word die leser *tuisgemaak* saam met Douw en Ryno.

(NB: Daar is 'n gedeelde sintuiglike geskiedenis tussen die leser en die skrywer; tussen die leser en die teks.)

Die verhale van J van Melle word tipies ingelei deur 'n toneel soos: "In die sitkamer van sy taamlik ruim, maar armoedige huis" (De Vries, 1995:41) as "*scene setting*" en dit bring ons by die volgende element van 'n goeie vertelling, nl

die individualiteit, vermaaklikheid, of aktualiteit van die aanbieding. ("Die lyn skiet styf. Die punt van die stok trek krom. Basil spring op, gryp die visstok en kap vas", uit "Visblik" demonstreer hoe die leser/luisteraar ingetrek word - maar, wat nou verder?)

(NB: Daar is 'n besliste verband te tref tussen 'n bekwame verteller van grappe en 'n bekwame verteller van stories - waarin lê die sukses van 'n Jan Spies, 'n Tolla van der Merwe, William Shakespeare of Ernest Hemingway? Is die *stem* van 'n skrywer soos die bogenoemde J van Melle sterk genoeg om deur die moderne taal en aktualiteite van die hedendaagse leser te breek?)

Omdat ons in "Bankroof" met die uitbeelding van 'n saai bestaan te make het, moet daar een of ander kompenserende element wees - anders voel die leser verneuk en *byt* traag aan enige verdere stories van daardie skrywer. Wat is in die plek van die intrige? Waar lê die truuk?

(NB: Dat daar in 'n kortverhaal altyd een of ander vorm van *truuk* - hetsy in taal of intrige - ter sprake kom, is nie te betwyfel nie.)

Hier kan die volgende elemente uitgelig word:

Eerstens die kleurvolle, in baie gevalle, humoristiese taal van die verteller in "Bankroof". Die leser word gesus in die illusie dat hierdie verteller self deel uitmaak van hierdie wêreld van skrootyster, doodgerypte gras en leë brandewynbottels. Sinsnedes soos, "Douw gaan pis, sonder om

vir Ryno saam te nooi" of "Voor Gôt swaer Douw, daai kâfer," is gelaai met meesleurende *kleurvolheid*. Die problematisering hiervan kom dan ook in die verhaal "Grasperk" voor waar Jefrey 'n afgewaterde kombinasie van twee van Douw se stories vertel. Sy meer maatskaplik-morele variant "Gaar Gort, swaer Douw, daai Owambo" het egter nie dieselfde trefkrag as Douw se *oorspronklike* vertelling nie. Hoekom? Waarin lê die outentisiteit van die vertelling?

Hierdie kleurvolle vertelling is natuurlik uitstekende *kamoeflering* vir die agiterende skrywer in sy manipulering van dialoog, vertellersperspektief, of die roete waarlangs die karakters *gestuur* word.

Douw en Ryno moet 'n lorriewrak gaan "salvage" en op pad laai hulle die verongelukte drywer se vrou op. Alhoewel sy bykans bloot in die *verbygaan* genoem word, kom haar ("understated") weemoed (veral wanneer sy in die skaduwee van Tygerberg-hospitaal agtergelaat word) meer akuut na vore as dié triestige bestaan van Douw en Ryno. Hierin kan dan ook die ironie van die eerste sin, "Anders as vroue, wat meesal heel happy is om bloot deur die motions te gaan" gesien word. Die *kommentaar* is egter nie bloot ideologies-aktueel van aard nie. Miskien is dit juis selfs die teenpool van aktualiteit in die sin dat daar aan alle karakters 'n gedeelde weemoed, 'n gedeelde eksistensie gegee word.

(NB: Die ware literêre skrywer is geen aktivis nie - dat daar enigsins *'n saak van belang* in sy/haar teks voorkom, is

bloot toevallig.)

Die tweede belangrike element in 'n suksesvolle vertelling bestaan in die *reis* waarop die karakters geneem word. Dit is geleë in die eenvoudige nuuskierigheid - die "Wat gaan nou gebeur?" wat die leser laat voortlees.

(NB: Die vertelling is 'n voortdurende proses van verleiding.)

Die leser volg saam met Douw en Ryno 'n geelwortel van moontlikhede en is waarskynlik eers teleurgesteld in die feit dat die bankroof aan die einde steeds nog net 'n moontlikheid is; teleurgesteld dat hulle nie in die ontlading, in die aksie, kon deel nie. Hopelik sal hierdie *verbeelde* leser dan terugblaai en vra: "Goed, wat is dan hier?" in die afwesigheid van 'n heerlike bankroof (die opheffing van uitsiglose bestaan).

Dan mag die titel "Bankroof" dalk met die volgende betekenisse gelees word:

Eerstens die bewussyn van 'n wond (onder 'n roof) van Douw en Ryno wat op 'n (rus)bank sit en nie deel van die reedsgenoemde *aksie* (van vooruitgang) uitmaak nie.

En, in die tweede plek, die roof "diefstal" van ander mense se stories om so, op 'n manier, te kan "lewe", te kan ervaar.

Douw vertel bv voortdurend stories van sy oom Gerbrand, of "'n heel fokkin snaakse storie" wat "Giel Prins" hom vertel het. Behalwe vir die *ontsnap* uit hul eie saai lewens, is dit

ook 'n verwysing na die kwessie van outeurskap.

(NB: Natuurlik is ek nie onaangeraak deur die self- en teksbewustheid van die postmodernisme nie. Só is ek ook nie onaangeraak deur die soeke na verband en betekenis uit die modernisme, of die voortslepende nagevolge van drankmisbruik, nie. Dit wat egter 'n jaar of tien terug as problematies ervaar is, is nou bloot 'n nalatenskap; 'n tegniek.)

Die skrywer kan gesien word as die ewige (*plotting*) voyeur, wat dit wat (in baie gevalle) *privaat* is, aanmekaar *sweis* en in 'n verhaal uitstal. Die vraag bly steeds: wat is die etiese implikasie van hierdie *roof* van mense se persoonlike *goedere* (grappe, gewoontes, stories)? Hieroor skryf DJ Opperman: "Die kunstenaar buit dus die mens uit, hy aas op hom, por hom aan tot belydenis" (1959:147). "Fok, vertel net!" sê Ryno in die verhaal en eggo so die "aasige" aard van die skrywer.

(Wat sê dit oor die leser van verhale?)

Hierdie uitkringende ongemaklike bestaan - die lewe deur fiksie - word uiteindelik ook gedemonstreer in die *gesprek* tussen en samehang van verhale. (In "Bankroof" word onder andere terugverwys na Basil en Charlie in "Visblik".)

(NB: Die samehang van verhale kan grafies in die patroon van 'n spinnerak uitgebeeld word. Daar is egter heelwat los drade wat lei na *onvertelde* verhale. Die samehang is nie sekuur nie.)

Eerstens is hierdie "samehang" funksioneel in die uitbou

van 'n *landskap;* 'n sekere bewussyn van ontgogeling; die verlies aan sin. (Soos reeds genoem was "Sweisbril" die seminale verhaal in dié wêreld wat *Sweisbril* geword het.)

Die verhale *praat* met mekaar, maar soos in die geval van die karakters, is die kommunikasie maar rakelings; word daar meestal by mekaar verby *gepraat*.

Maar wat van uiteindelike belang is, is die groei van hierdie bewussynsweb, via haar moontlike lesers; 'n duideliker sketsing van die ongemaklike kondisie wat lewe is. Die slotsin van die bundel, "'Fok dit,' sê Frannie terwyl die son oor bome en skoolbusse en ice-cream-manne en godweetwatnog skyn", is gevolglik nie bloot 'n opstuur nie, maar ook 'n uitstuur van hierdie teks.

**4 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE SKRYWER EN DIE LESER**

Die leser en die skrywer loer vir mekaar deur die verkleurde lens van dié teks. Vir 'n oomblik of twee verbeel hulle mekaar en daarna verval die teks tot blote geskiedenis - nee, daarna ***is*** die teks deel van die leser en deel van die skrywer se *geskiedenis*.

Na afhandeling van die teks word die skrywer natuurlik ook gereduseer tot bloot nog 'n leser. Dat hy in die eerste plek die *visor* opgehou het, is van minder belang.

**5 DIE VERHOUDING TUSSEN SKRYWER EN TEKS**

Oor die skryfproses is daar al heelwat uitgewei. Al wat ek

hiertoe wil byvoeg is die volgende (en vergeef my tog maar die primitiewe, manlike metaforiek):

Idees is soos vroue - die skrywer flankeer met verskeie en kies uiteindelik een.

(NB: Die teks is bloot 'n idee waarop voortborduur word.)

Oor die *verhouding* (tussen skrywer en teks) wat hieruit spruit, is daar net so veel as oor die liefde te sê.

Dit is 'n proses wat nie afgejaag kan word nie - die handhawing en opbou van seksuele en tekstuele spanning is naverwant: "Stadig, stadig oor die klippertjies / die reën val sulke wonderlike druppeltjies" (Gutsche, 1980:394).

Dit is 'n vertrouensverhouding: om oor jou *suksesse* uit te praat is fataal - *sy* sal jou leeg laat.

En, per slot van sake is dit, in Frannie se woorde, "A lot of fucking effort" - hoekom doen ons dit? Eenvoudig: "We need the eggs" (Woody Allan in *Annie Hall*).

Voorwaar, dit kan ek sê: om te skryf, is om lief te hê.

"That is all," sou Oscar Wilde waarskynlik op hierdie oomblik gesê het, maar vergun my, om vanuit die milieu van *Sweisbril*, af te sluit met die eksistensiële uitroep: "Barman!"

## 6 BRONNE


De Vries, AH (Red). 1985. *Die Afrikaanse kortverhaalboek.* Kaapstad: Human & Rousseau.

De Vries, AH. 1989. *Nag van die Clown.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Ferguson, M (Red). 1996 (1970). *The Norton Anthology of Poetry* (fourth edition). New York: WW Norton & Co.

Opperman, DJ. 1959. *Wiggelstok.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Prinsloo, K. 1982. *Jonkmanskas.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Gutsche, H (Red). 1980. *FAK volksangbundel.* Kaapstad: De Bussy.

Sting. 1996. *Mercury Falling.* Hollywood: A&M Records/BMG Music.

Wilde, O. 1993. *The Complete Plays, Poems, Novels and Stories of Oscar Wilde.* London: Magpie Books.

# SWEISBRIL

deur

# Jaco Botha

Die boek wat hieruit sal volg is opgedra aan **Etienne, Betsie** en **Henning**.

My bemoeienis is met die mense wat nie verhale het om te leef nie; mense wat nie groot stellings het om te maak nie; my bemoeienis is met dié wat gebreek is, sonder dat hulle ooit heel was. Ek wil hul toevou in die liefde wat ek nie het nie. Oor hulle wil ek skrywe. - *Outeur*

# INHOUD


- VISBLIK (3)
- POPHUIS (13)
- SWEISBRIL (23)
- HANGKAS (33)
- ROLTRAP (44)
- PLAASHEK (50)
- BANKROOF (61)
- GRASPERK (76)
- SEEBOEI (88)
- HUISVROU (94)
- GRENSDRAAD (102)
- WOLFRAM (114)
- VOSPERD (123)
- TEERPAD (136)
- SONSKYN (142)

# VISBLIK

Basil was gatvol vir die reuk van sigaretstompies, petrol en rubber. Die garage het hom in elk geval al lankal 'n breek geskuld en dit was nie moeilik om vir Charlie te oorreed om vir die langnaweek saam met hom te gaan visvang nie.

So opgewonde soos 'n kind was Baz met al die voorbereidings: Hy het die tent wat hy vir die trip gekoop het op die agterste grasperk opgeslaan om te kyk dat al die pennetjies en toutjies reg is - die seuns het na 'n lang geneulery toe sommer ook die aand buite in die tent geslaap; hy't sy viskas ('n ou gereedskaptrommel) uitgepak, elke hoekie en sinkertjie nagegaan, die katrolle geolie en 'n lysie gemaak van wat alles nog kort; toe het hy na Jack Lemkus gery, waar hy veel meer gekoop het as wat oorspronklik op sy lysie geskryf was.

Hulle het die Vrydagmiddag 'n bietjie vroeër by die werk geloop, sodat hulle voor sononder by die viswaters kon uitkom. By die garage het hulle die bakkie vol petrol getap.

"Stywe lyne!" het Sampie, die dieselmechanic, agter hulle aangeroep.

Die jongetjie by die kouebier-winkel moes help dra aan al die plastieksakke.

Op die warm, lang teerpad het Charlie se bakkie al gladder

geloop. Hulle was vrolik met die geel koringlande weerskante van hulle, die son in hul nekke, die musiek op die draadloos en die windjie deur die oopgedraaide ruite om hul gesigte koel te hou.

Die viswaters het al van ver af vir hulle gewink - net daar, anderkant die blou berge.

Dit was reeds skemer toe hulle afsak in die laagte. Lang skaduwees het uitgestrek gelê oor die koue, geel rivierwater.

Hulle kon braaivleisvure ruik en die gelag van kinders hoor toe hulle by die hek van die karavaanpark stilhou. Êrens het iemand 'n generator aangeskakel: Die helder, wit ligte van die ablusieblokke het aangegaan en tussen die reguit stamme van bloekombome deur kon hulle die blou flikkering van 'n draagbare TV-stel sien.

"Goeienaand, menere," het die man by die hek hulle verwelkom en "Ja, ek sal iemand stuur om vir julle vuurmaakhout onder toe te bring," het hy gesê nadat hy die hek, met die stopteken daarop, vir hulle gelig het om deur te ry.

Hulle is nog besig om af te pak toe 'n bruinman met twee bondels rooikranshout in die ligte van die bakkie verskyn.

Basil kyk op van die tent wat uitgesprei oor die gras lê en lag. "Yes, net wat die dokter georder het. Wat weet jy van tent-opslaan, Oudste?" Hy staan stram op, grawe in die een koelerboks en knak 'n bier. "Net wat die dokter georder het,"

sê hy en gee vir die bruinman, wat so pas die hopie rooikrans langs die vuurmaakplek neergesit het, 'n handjie vol tentpenne en 'n hamer aan.

"Wat is die gesingery hier anderkant?" vra Charlie die man terwyl hy met moeite die tweede koelerboks van die bakkie af lig.

"Dis kinders, van die blindeskool op Worcester, Meneer. Hulle is hier met 'n kerk-geleentheid. Baie kerke kom hiernatoe vir hulle kampe."

"Ot!" sê Baz. Hy sluk lank aan sy bier terwyl sy pinkie effentjies beweeg.

Na die tent opgeslaan, die kampstoele uitgesit en die vuur aangesteek is, groet die bruinman - hulle gee vir hom 'n bier en hy belowe om die volgende dag weer 'n draai te kom maak.

Hul lyne is in die water, tot diep in die nag.

Die volgende oggend sit hulle vars aas aan. Charlie spoel sy hande in die modderige rivierwater af - hy vee met sy klam vingers oor sy slape.

"'n Sappie," sê hy, "'n sappie sou nou nogal heel fokkin lekker gewees het."

Basil maak met stywe vingers 'n bier oop. Hy hou dit vir Charlie uit.

"Okay," sê Charlie.

Hulle gooi weer in.

Die water van die rivier is vaal en glad in die vroeë

oggendlig. Charlie steek 'n sigaret op. Êrens, verder stroomop, spring 'n vis.

'n Ent agter hulle hoor hul later die geluid van lepels en blikborde. "Vir spys en drank gee ons U dank," sing die kinders van die blindeskool.

"Ot!" sê Baz en krap agter sy oor. "Dit kon ons nou nie voorsien het nie."

Later, heelwat later, kom die son bokant die rantjies agter die karavaanpark uit - die strale weerkaats skerp teen die toegewasemde voorruit van Charlie se bakkie.

Teen elfuur bak hulle al lekker in die kampstoele. Daar is nie veel beweging in die water nie - die visstokke se punte roer skaars in die luggie wat die reuk van die modderwater in hulle neuse opstoot.

'n Ruk later kom drie van die blindetjies langs die wal opgeloop. Hulle loop in 'n trein - die een voor moet seker 'n bietjie kan sien. Hy kyk skeef met sy gesig, amper asof hy die een ogie wil bo hou.

"Ho!" sê Baz en skop amper sy bier om wanneer die kinders voor verby die visstokke wil loop. Die treintjie stop dood.

Charlie kyk vir Basil en dan tel albei hul visstokke op en katrol in.

"Julle kan nou maar loop. Die lyne is uit die pad uit," sê Charlie.

"Dankie Oom!" roep die een met die ogie en dan die ander

agterna. "Dankie Oom!"

Vir middagete braai hulle wors en eet sardiens uit 'n blikkie vir nagereg. Die vis is effe bitter. Basil ruik in die halfgeëete blikkie en dan aan sy vingers.

Laatmiddag bak die son nog op die harde rivierwal.

Charlie, wat vroeër 'n paar byte gekry het, sit nog agter sy visstok. Baz rus in die mond van die tent - 'n leë blikkie lossies tussen sy vingers.

Hy trek 'n punt van die slaapsak oor sy gesig - die son brand nog sterk deur die openinge tussen die boomtoppe.

"Charlie," sê hy, "ek wonder hoe dit sou wees om blind te wees."

"Wat?"

"Ek wonder hoe dit sou wees om blind te wees." Hy vou die slaapsak onder sy kop in sodat dit heeltemal om sy gesig gedraai is.

"Wat?"

"Hulle sê dat 'n mens oranje ligte sien - spookbeelde - iets soos twee sonne."

Charlie staan op en pluk die slaapsak van Baz se gesig af.

"Wat de moer," sê Baz en probeer om met sy hand die son van sy gesig af weg te skerm. Daar lê vetterige druppeltjies sweet onder sy oë.

"Ek kannie fokkin hoor wat jy sê nie," sê Charlie en gooi die

slaapsak eenkant toe.

Wanneer dit weer stil en donker raak in die kampterrein, begin die water te lewe. Elke nou en dan kry hulle byte en Charlie vang selfs 'n kleinerige kurper wat hulle opsny vir aas.

Langs mekaar sit hulle op die kampstoele. Hulle oë is gefokus op die punte van hul visstokke.

Agter, tussen die bome, giggel iemand en dan nog iemand.

"Ek ken 'n ou van Worcester," begin Basil vertel, "Fred Pratt, hy het lank daar by P.G. Glass gewerk." Hy moet egter eers wag dat Charles weer hulle glase vol maak.

"Hy en sy familie was vir 'n naweek by Puntjie, daar teen die Duiwehoksrivier."

"Dam lekker wêreld vir visvang daardie."

"Ja, hulle het bakkies en alles gehad waarmee hulle op die see uitgegaan het. Fred se vrou se mense het lank daar langs die see geboer. Goeie mense, maar rof, jis."

Die punt van Basil se visstok sak effens en vir 'n oomblik of twee wag hulle in stilte voordat hy voortgaan.

"Hulle is toe die dag uit op die see en een van Fred se seuns se aas raak op. Fred het so 'n ent van hom af in 'n bakkie sit en vang. Hy roep toe 'n heel paar keer na sy pa, maar Fred bly net stil - antwoord nie 'n moer nie."

Die stok se punt sak weer - die lyn pluk-pluk effens.

"En toe, wat's fout met die ou? Hoekom sê hy niks?"

"Hartaanval, net daar, op die boot. Hy het glo so vooroor oor

sy stok gelê. Maar die snaaksste ding van alles is, toe hulle by hom kom, is daar 'n kabeljou by hom in die boot - spartel dat hy kak aan Fred se lyn. Hy moes die vis net in die boot gelig het toe die excitement hom kry."

"Here, wat 'n storie. Ek wonder of hulle die kabeljou toe geëet het."

Die lyn skiet styf. Die punt van die stok trek krom. Basil spring op, gryp die visstok en kap vas.

Die vis klim uit die water en probeer dan om onder die boomstompe in, uit die maanlig uit te kom.

"Speel haar, speel haar mooi," fluister Charlie. "Speel haar tot sy moeg is."

"Here, dis 'n paling," sê Charlie wanneer Basil die lang, blink lyf uit die water lig. "Ek het nie geweet mens kry palings in hierdie wêreld nie."

"Ja man, ek en Ronny du Plessis het laas jaar ses van die bliksems net hier anderkant gevang," sê Basil terwyl hy die hoek versigtig uit die paling se bek losmaak. Hy haal swaar asem. "Dit was vir jou 'n ander storie."

"Hoe hou mens so 'n paling? Hy is mos dun genoeg om deur die ogies van die net te kan swem."

"Ja, mens gooi hom sommer hier op die wal. Jy hoef nie te worry nie, hy kan nie seil nie." Basil lag. "Daai keer van ek en Ronny het ons hoenderderms vir aas gebruik. Ken jy hom, vir

Ronny?"

"Nie regtig nie - maar net van sien."

"'n Stoute bliksem." Basil begin om weer aas aan sy hoek te sit. "By daai naweek het hy seker ten minste vier hotnotshoendertjies met sy bakkie platgery. Hy mik hom só vir die troppie en dan wip-wip die bakkie net so effens - soos 'n speedwobble. Here, dan moet jy daai volk hoor rumoer. Die vroue skree en die kinders huil. Bloody goeie aas daai hoenderderms."

"Ot!" sê Charlie.

"Ons het darem die volgende oggend vir hulle 'n paar rand vir die hoendertjies gaan gee. Mens weet nooit - deesdae is dit sommer polisiesake."

Hulle vang nog drie palings voordat die lyne weer gaan lê. Die lig van die maan weerkaats op die rivierwater, op die knoetsige boomwortels teen die wal en op die stil bruin lywe van die palings.

Charlie klap 'n muskiet teen sy nek dood en begin dan skielik lag. "Ek moet jou hierdie een vertel," sê hy.

Baz wag.

"Twee ouens gaan kamp langs 'n rivier."

"Baz en Charles," sê Baz.

"Jy het hom," sê Charlie. "Anyway - hulle slaap die aand in hulle tweeman-tentjie en so 'n ruk na middernag skrik Baz wakker. Hy kyk op en wat sien hy? Nie wat nie, maar 'n muskiet - 'n moerse een. Die ou staan so hande-viervoet oor Baz se

bors, met sy angel net reg om te steek."

"Gonse ot!" sê Baz.

"Hy kyk toe in Charlie se rigting."

"Charles."

"In Charles se rigting om te sien of hy wakker is. En daar, bo-oor Charles, staan selfs 'n groter muskiet. Maar toe kom die weird ding: Die muskiete praat, en hy kan hulle verstaan."

Baz vat 'n diep sluk bier.

"Die een muskiet kyk so vir die ander een en vra, 'Sal ons hulle hiersó of buite eet?" Die ander muskiet 'MMM' vir 'n rukkie en sê toe: 'Eerder hier binne - buite sal die grotes hulle net by ons afvat'."

"Otterjasie, jit, sulke bloedsuiers!" lag Baz saam met Charlie. Hy wil nog net begin vertel van Ronny en die hoendertjies; Ronny wat die een se kop afgebyt het dat die bloed so spuit - hy wou nog net begin vertel presies hoe gesuip hulle daardie naweek was, toe Charlie iets in die water sien.

"Wat de?" begin Basil en steek sy hand uit na die flits links van sy visstok. "Wat is dit?"

Charlie antwoord nie - sy oë volg bloot die kol van die flits soos wat dit stroom-op beweeg. "Meer links," sê hy wanneer die lig tot stilstand kom.

Eers sien hulle die rimpels en dan die wit gesig onder die drywende, swart hare. Die meisie swem rukkerig soos 'n hond met haar arms onder die water.

Die reuk van die rivier slaan hoog in hulle neuse op.

"Wat sal haar storie wees?" vra Basil en lig 'n bietjie hoër.

Die meisie kyk reg in die oog van die flits. Haar gesig draai nie en haar hande probeer nie keer nie.

Charlie kyk na Basil. Basil kyk na Charlie. Sonder 'n woord trek hulle eers hul skoene en dan die res van hulle klere uit voor hulle in die water in stap.

Dis moeilik om saggies te swem, want die water is koud. Hulle sukkel ook om stadig asem te haal. Wanneer hulle naby die meisie kom, swem hulle amper nog stadiger. Naderhand trap hulle net water en haal deur hulle neuse asem.

Hulle beweeg in 'n stadige sirkel rondom haar. Die skaduwees tussen die bome op die wal raak dieper - amper donkerder as die ingesinkte oogkaste van die kaal, wit lyf tussen hulle.

Sonder waarskuwing begin sy spartel. Sy skreeu egter nie. Net die krieke tussen die bome bly rumoer. Eers swem sy in Charlie se bors vas en as sy omspring, swem sy in Basil se voorarm vas. Sy sluk water; haar een arm lig verskrik en vir 'n oomblik blink 'n koue, nat tepeltjie in die ronde, wit maanskyn.

Charlie sak eerste onder die water in, dan Basil se kop ook. Hulle steek hul tonge lank uit om die vrank rivierwater te kan proe.

# POPHUIS

Dit was winter '76 en Sagrys het eintlik maar fokkol van fokkol af geweet: In die oggende het hy gegaan na 'n kleuterskool met kabouters teen die mure; middae het hy en Karel op hul fietse na die kêffie toe gery om Sunrise-toffies te gaan koop en saans om ses-uur het sy pa van die werk af huistoe gekom. In die garage het stringe biltong aan draadhakies gehang; die huis het na lemoene en pyptabak geruik en in die verste hoek van die jaart het 'n ladybird aan 'n laaste soet grashalm bly klou. Dis waarskynlik hoe Sagrys dit onthou.

Die ousie het die dag nie opgedaag vir werk nie en hulle het buite gespeel om nie sy ma te pla nie. Die wind het dwars strepe deur die sanderige, wit wolke gewaai. Karel het die oranje rugbybal hoog in die lug in geskop en Sagrys het dit amper gevang. Onder hulle kaal voete het die doodgerypte gras gesteek.

Hulle het by die tuinkraan water gedrink en Marie-biskets geëet wat Sagrys se ma vir hulle op die draadtafel neergesit het.

"Wat is die definisie van 'n slak?" het Sagrys gevra.

Karel het nie geweet nie.

"'n Snotbolletjie met 'n crash-helmet op," het hy die antwoord gegee en albei het op die gras gerol en gelag.

"Hoe hou 'n outa sy kos warm?" het Karel gevra.

"Ek ken dit, ek ken dit, ihh."

"Tinfoil om die neus," het Karel gelag en gekyk na die draadtafel langs die wasgoedpaal. Uit die rigting van die kombuis kon hulle pampoen, aartappels en Blue Surf ruik. "Kom ons gaan na my huis toe," het hy gesê en opgestaan. "My ma maak hamburgers."

"Yes!" het Sagrys geroep en met sy knieë hoog gespring.

Na middagete het Karel se ma vir hulle geld gegee om ice-cream by die kêffie te gaan koop. Sagrys se ketting het afgespring en hulle moes die fietse die laaste ent terug huistoe stoot. Albei Sagrys se maermerries was vol olie. Karel se ma het 'n blik van die oom se griesseep uit die garage gaan haal en daarna het hulle op die mat in die son lê en karretjies speel.

Sagrys se sussie het ingekom en gesê dat Louanie se pa vir haar 'n pophuis gekoop het.

"Ons speel nie met meisies nie," het Karel gesê en toe sy weer uit is, het hy die gangdeur agter haar toegestoot. Later het hulle tog bored geraak en buitentoe gegaan.

Karel se pa het teen een vibracrete-muur 'n hok van sinkplate en ogiesdraad vir kapokkies gebou. Agter in die hok het hy 'n Volksie-bonnet op bakstene gesit waaronder die hennetjies kon broei. Karel het met 'n rietjie die haantjie deur die ogiesdraad geterg. Toe die haantjie storm, het hy agteruit gespring.

"Banggat!" het Sagrys gesê terwyl die haantjie teen die draad

skop en rumoer.

"Jou pa gaan jou boude vuurwarm slaan!" het Karel se ma deur die kombuisvenster geroep - die son het oor die stof en die sinkplate en die seringbome gebrand.

Toe die gaasgordyn voor die venster weer slap hang, het Karel gesê: "Kom."

Hulle het in die boom langs die hoenderhok geklim en van daar af tot bo-op die hok se dak. Hulle kon maklik oor Louanie-hulle se hele agterplaas sien.

"Daar," het Sagrys gesê en gewys na die pophuis se teerpapierdak wat onder die kaal takke van 'n appelkoosboom uitgesteek het.

Karel het vorentoe geleun om beter te sien. "Dis nogal nice," het hy gesê.

"Kom's gaan kyk."

"I don't know," het Karel gesê, "hulle't 'n hond."

"Ons kan saam met jou sussie gaan."

"Ja?" het Karel gesê en stadig weer teruggeklim tot in die boom.

"Hallo Ina," het die tannie in die voordeur gesê en verby haar gekyk na Sagrys en Karel wat op die stoeptrap staan. Die son het op haar gesig geval en haar wange onder die eyeshadow laat blink.

"Hallo Tannie," het Ina gesê. "Kan ons maar by Louanie kom

speel? Tannie ken mos my boetie, Karel, en hierdie is sy maatjie Sagrys."

"Hallo," het die tannie gesê, en "Hallo Tannie," het Sagrys en Karel gesê.

"Louanie!" het die tannie geroep toe hulle by die agterdeur kom. Die hele kombuis het geruik na gemmerkoekies en skons. Teen die muur het 'n tros plastic vrugte gehang en op die vensterbank het twee porseleinpoppies gestaan.

Nadat sy die hond geroep en "Lara, sit!" gesê het, het die tannie die sifdeur agter hulle toegetrek.

"Hallo Mevrou, het u vir ons tee?" het Ina gelag toe Louanie in die deur van die pophuis verskyn.

Louanie het haar hande teen mekaar gedruk en voor haar mond gehou. "O, gaste," het sy gesê. Sy het na Karel en daarna ook na Sagrys gekyk. "Jy't mans saamgebring, het hulle nie werk nie?"

"Ons kom kyk net na jou pophuis," het Karel gesê.

Sagrys het die hond gevryf.

Louanie het na die blou lug deur die droë takke bokant haar pophuis gekyk. "My huis is nie in die mark nie, maar julle is tog welkom vir 'n koppetjie tee," het sy gesê.

Die pophuis het nie nuut geruik nie - Louanie se pa het dit vir haar op 'n vendusie gekoop. Binne was 'n geverfde tafeltjie en stoele, 'n kot met poppe en 'n rak met plastic koppies, borde,

'n teepot en so.

Louanie het eers vir elkeen gewys waar hulle moet sit en daarna die teepot van die rak af gehaal. "Tee, tee?" het sy gevra.

"Dankie Mevrou," het Ina gesê.

Karel het na die koppetjies gekyk. "Ons drink net whisky."

"Jy lieg man!"

"Die tee is lekker sterk," het Louanie gesê.

"Joe, maar jou ma is lank," het Sagrys gesê en by die venster uitgekyk.

Louanie se oë het geblink. Sy het een van die koppetjies vir Karel aangegee. "Sy't toe sy jonk was vir Wes-Transvaal netbal gespeel."

"O," het Sagrys gesê.

Karel het die deur van die pophuis diggedruk. "Wat is die definisie van 'n slak?" het hy gevra.

Dis Sagrys wat eerste die hopie kerse onder in die rak gespot het. "Yes," het hy gesê, "kan ons dit aansteek?"

Louanie het een van die kerse opgetel en tussen haar handpalms gedraai. "Mmmm," het sy gesê.

"Toe."

Sy het deur die venster geloer en toe 'n boksie vuurhoutjies onder die kot se matras uitgehaal. "Steek jy dit aan," het sy gesê en die kers vir Sagrys gegee.

Die eerste vuurhoutjie het doodgewaai.

"Kom, ek sal dit doen," het Karel gesê.

"Fokkof!" het Sagrys gesê. Hy het in die hoek van die pophuis gaan staan en sy hande om die vuurhoutjie gehou soos hy al sy pa en die tuinboy sien doen het.

"Sies!" het Louanie en Ina gelyk gesê. "Ek gaan my ma sê, sy sal jou mond met seep uitwas," het Louanie gesê.

"Dit was 'n ongeluk, sorry."

Toe het die kers gebrand en almal was happy.

Sagrys het die kers in een van die pierinkies staan gemaak en toe nog een aangesteek. "Kyk," het hy gesê en van die kerswas in sy oop hand gedrup.

Louanie het met haar hande in haar skoot gesit. "Ons moet versigtig wees," het sy gesê terwyl sy nog 'n vou van haar valletjiesrok in haar hand omdraai.

"Op die plaas het ons al baie kerse gebrand."

"Luister vir haar," het Ina gesê.

'n Voël het op die pophuis se dak kom sit en met sy pote krapgeluide op die teerpapier gemaak. Sagrys het opgekyk.

Van die ice-cream se kleingeld het uit Karel se broeksak geval en hy het onder die tafel ingekruip om dit op te tel. "Sy het 'n blou pantie aan," het hy in Sagrys se oor gefluister en albei het gelag.

"Wat het jy vir hom gesê?" het Louanie gevra.

"Niks."

"Wil julle nog hier speel?"

"Kyk," het Sagrys gesê en van die kerswas op sy knie gedrup.

"Dit maak niks," het hy gesê. Toe hy die lagie was aftrek, was daar 'n rooi kolletjie op sy knie. Hy het na Louanie gekyk.

"Ek is te bang," het sy gesê.

"Dis rêrig niks."

Sy het haar been uitgehou.

Ina het haar hande voor haar mond gedruk.

Karel het 'n eensentstuk in die rondte gespin.

Sagrys het die kers nader gebring. "Wha!" het hy gegil en die kers tot by haar gesig gebring. Die kers het geraas teen die sagte punte van haar hare.

"Shit," het Karel gesê, en "Kom ons gaan huistoe," het Ina gesê.

Sagrys het met sy vingers stukkies skroeisel uit Louanie se hare getrek. "Dis nie so erg nie," het hy gesê.

"Ek gaan sê," het sy gesê en begin huil.

"Moenie 'n klikbek wees nie, ag asseblief," het Sagrys gevra.

Karel het niks gesê nie.

"Maaaaaa!" het Louanie gegil en die deur van die pophuis oopgeruk.

Sagrys-hulle het buite op die grasperk gestaan toe die tannie en Louanie by die sifdeur uitkom.

"Dis hy, hy het my hare gebrand," het sy gehuil en na Sagrys gewys. Die tannie het haar oë nou getrek teen die son. Êrens het kinders gesing en geskreeu. Dit was die laerskool se atletiekdag.

"Kom!" het sy gesê en vir Sagrys aan die pols gegryp.

Hy het met albei sy voete teen haar beige broek geskop. "Los my uit!" het hy geskree.

Toe het sy hom geklap en weer geklap: Oor sy rug en sy boude en sy kop.

"Net my ma-hulle slaan my. Fokkof!" het Sagrys gegil.

Sy't hom onder haar bene op die sement voor die kombuis vasgedruk. Hy het probeer om haar maag raak te skop, om haar gesig te krap. Die buckle van haar belt het teen sy voorkop gedruk. Hy kon nie asem kry nie. Uit die pyp onder die kombuisvenster het water in die drein afgeloop en klein bubbletjies gemaak. Die sement was grof teen sy wang. "Nou luister jy vir my," het sy gesê.

Toe Sagrys by die huis kom, het hy gehuil.

"Wat?" het sy ma gesê.

"Daardie ander tannie het hom geslaan," het Karel gesê.

Sagrys het na sy kamer toe gehardloop en sy ma is agterna. "Gaan jy maar huistoe, Kareltjie," het sy in die rigting van die kombuis geroep.

Sy het na Sagrys se nerfaf elmboë en die blou merke op sy bobene gekyk. "Toemaar, jou pa is netnou by die huis," het sy gesê terwyl sy hom vashou.

Sagrys het op sy bed gelê toe sy pa by die huis kom. Hy kon hoor hoe sy ma hard praat in die kombuis.

"Maar wat?" het hy sy pa se stem in die gang gehoor en op sy sy gedraai. "Hallo Boeta," het hy gesê en langs hom op die bed kom sit. Sagrys het weer begin huil.

Sy pa het oor die nerfaf plek op sy elmboog gevoel. "Kak, kak, kak," het hy gesê en opgestaan.

Buite kon Sagrys die garagedeur hoor oopgaan.

Sy pa het aan die kamervenster geklop en toe hy die gordyn wegtrek vir hom 'n groot stuk biltong aangegee. "Dis okay, dis okay Grysie," het sy pa gesê en weggedraai. 'n Ruk later kon hy hom voor die TV in die sitkamer hoor. Hy't gewonder of sy pa ook besig is om biltong te eet en gesluk.

Daardie aand het Sagrys gedroom.

Hy't by sy kamervenster uitgeklim en die paar blokke verby die tennisbane en die laerskool tot by Louanie-hulle se huis gehardloop. Daar het nog een lig by Karel-hulle se huis gebrand. Hy het agter om gegaan en oor die tuinhekkie geklim. In die hoek van die jaart het die kapokkies in die donkerte gebrom.

Die boom se bas was grof onder sy hande en die sinkplate van die hok koud onder sy voete. Aan die anderkant was nog 'n boom waarteen hy kon afklim.

"Shh, Lara sit," het hy gesê. Die hond het met 'n nat tong aan sy gesig gelek.

Onder die oop venster van die hoofslaapkamer het hy gestop en geluister. Die hond het steeds aan sy hand gelek en klein

geluidjies gemaak. Binne het die lig teen 'n hangkasdeur geval. Iemand het gesug en omgerol. Hy kon die tannie se parfuum en sweet en nog iets ruik.

Hy't gestap tot onder die droë takke van die appelkoosboom en deur die venster van die pophuis geloer. Hy't met sy kop teen die growwe hout van die raam geleun, sy broek laat sak en gepie.

Dit was die 16de Junie van daardie jaar.

# SWEISBRIL

Nadat hy en Gill uit mekaar is, het Frannie sy aandeel in die garage aan sy jonger broer, Theo, verkoop. Hy het nog net los werkies gedoen vir van sy ou kliënte - eintlik maar vriende wat hom wou uithelp. Meestal was hy in sy moer en die kere wat hy nugter was, het sy hande so gebewe dat hy nie eintlik goeie werk kon doen nie.

"Ek sweis soos voëltjiestront," het hy dan vir homself gesê en 'n dop geskink. Na die eerste een het altyd 'n tweede en 'n derde gevolg, en so aan tot hy reg was om verder te sweis.

Op 'n Donderdag, maar dit kon ook 'n Dinsdag gewees het, het hy besluit om nie meer uit die bed uit op te staan nie. Wat de moer, het hy gedink. Hy het sommer in die sonstreep voor die geblomde gordyne lê en bak - hy het gedroom dat hy kaalvoet in die Karoo-son hardloop, al om 'n witgekalkte plaashuis.

Hy het brandewyn en ys gedrink en later, toe die yskas te ver geraak het, het hy net brandewyn gedrink. Fokkin lekker het ou Frannie gedroom van sy kleindae: Van sy pa wat hom op sy skouers dra en die nuwe springbokkies wys; van sy ma se boeke en koel hande.

So het dit vir 'n dag of vyf aangegaan, totdat Theo hom in 'n poel kots op die linoleumvloer van die badkamer gekry het.

"Here, Ouboet," het Theo gesê en hom gehelp om regop te sit. "Jy is besig om alles weg te dôner."

"Neem jy my kwalik?" het Frannie gevra en Theo reguit in die gesig gekyk.

Theo het weggedraai en gesê: "Kom, ek vat jou vir brekfis - wanneer laas het jy geëet?"

"Wag eers. Kyk hier," het Frannie gesê en 'n druppende stuk koerant uit 'n poel braaksel op die vloer gelig.

Theo was egter klaar by die badkamerdeur uit en het net oor sy skouer geroep: "Was vir jou. Ek kom jou oor 'n halfuur optel."

"Ag, fokkof," het Frannie gemompel en onder die holte van sy arm geruik. Hy het gesnuif en kon 'n bitter smaak in sy droë keel voel drup.

"Nes die ou dae - is dit nie?" het Theo gesê terwyl hy 'n stuk steak roll na sy mond lig.

"Jip," het Frannie gesê en ook begin eet.

"Ou Sammy - sy kos was darem nog altyd a-okay," het Theo gesê en Frannie het geknik. Hy het na sy steak roll gewys en gesê: "Dis nou een ding van die Rietkappers - waar die Porra's 'n stuk beesvleis vat en dit soos 'n stuk perdevleis laat proe, vat die Rietkappers 'n stuk perdevleis en laat proe dit soos 'n stuk bees."

Hulle het albei gelag en verder geëet.

"*Visors,*" het Frannie gesê, sy mond nog halfvol kos.

"Wat?"

Frannie het gesluk en weer probeer. "Ek wil *visors* by jou

leen."

"Hoekom? Jy't dan self een en ek verstaan jy doen nie meer so baie sweiswerk nie."

Frannie het vinnig nog twee happe weggewerk. "Sonsverduistering," het hy gesê en 'n sluk lemoensap gevat. "Fokkit, dis kak," het hy gesê en die glas van hom af weggeskuif.

"Here Ouboet, waarvan praat jy? Dit lyk my die drank het jou kop heeltemal deurmekaar gemaak."

"My kop is nog reg - a-okay - dis wat ek vir jou vanoggend in daardie stuk koerant wou wys."

"Watter stuk koerant?"

"My god, luister net na my. Daar is oormôre 'n sonsverduistering - ek het dit in die koerant gelees - en ek wil graag vir klein Frannie en Marinda dit gaan wys."

"En Gill?" het Theo gevra.

"Fok haar," het Frannie gesê en opgestaan. "Dis my kinders ok."

Theo het vir die kos betaal.

"Kom stap saam," het Theo gesê, "dan kan jy sommer die *visors* by die garage kom optel."

"Thanks," het Frannie gesê.

Hulle het 'n ruk lank in stilte gestap. By die blok voor die haarsalon waar Gill gewerk het, het Frannie links gedraai en met 'n effense ompad in die rigting van die garage gestap.

Theo het eers stil bly staan en toe vinniger gestap om vir Frannie in te haal.

"Het ek jou vertel?" het Theo gevra. "Die grappie van Mr Moodly en Mrs Patel?"

"Vertel maar," het Frannie gesê.

"You know, Mr Moodly used to work for Mr Patel and he had to work late every evening."

"Jy klink nes 'n koelie," het Frannie gelag en 'n sigaret aangesteek.

"Well, the one day Mr Moodly decides that this is really shit and all, and he goes home early. But, you know, when he gets home, he finds everything quite locked up - so he was very surprised.

"He walked round and round the house and finally found an open window. When he looked inside, he was very shocked to see his boss, Mr Patel, fucking his wife, Mrs Moodly."

"Môre, meneer Frannie," het een van die petroljoggies gesê toe hulle by die garage aankom. "Waar is Meneer dan deesdae? Ons mis vir Meneer hier by die garage."

"Dag, ja, Morris. Ek is afgetree, man."

"Ja, ek kan sien Meneer het lekker vet geraak," het Morris agterna gelag toe hulle by die kantoortjie ingaan.

"Morris! Sê vir Joseph hy moet vir ons twee *visors* uit die workshop bring," het Theo deur die oop kantoordeur geroep en agter sy lessenaar gaan sit. "Koffie?" het hy gevra.

Frannie het sy kop geskud. "Is hier nie drank nie?"

"Ai, Ouboet," het Theo gesê en na die yskassie gewys. "Help jouself. Waar was ek met die grap gewees?"

Frannie het 'n bier oopgemaak en oorkant sy broer gaan sit. "By die deel waar Mr Moodly vir Mrs Moodly en Mr Patel saam in die bed vang."

"O," het Theo gesê. "Anyway - so Mr Moodly was very upset, and rightly so.

"He started to walk down the road, and walked and walked and walked, until he came to a tickey box."

"Sigaret?" Frannie het die oop pakkie uitgehou.

"Thanks," het Theo gesê en vorentoe geleun sodat Frannie vir hom die sigaret kon aansteek. "So Mr Moodly decides it's time to take action and promptly makes a collect call to the house of Mr Patel.

"Of course Mrs Patel answers the phone, and in a broken voice Mr Moodly tells her about the whole caboodle and all. So Mrs Patel says: `What do you think we should do about this terrible thing, Mr Moodly?' Mr Moodly thinks for a bit and then replies: `Well, I think I should come over to your place so we can have some revenge.' And Mrs Patel agrees wholeheartedly."

"Ja, kom in, Joseph," het Theo gesê toe 'n ouerige bruin man aan die kantoor se deur kom klop. "Sit die *visors* sommer daar op die tafel neer."

"Môre, meneer Frannie," het Joseph gegroet en sy pet gelig.

"Dankie Joseph," het Theo gesê.

"Ja, dankie Joseph," het Frannie gesê.

"Fokkit, ek kry net nie my storie klaar nie."

Frannie het sy skouers opgehaal en nog 'n sluk bier gevat.

"So, Mr Moodly went over to Mrs Patel's house and they had some very delightful revenge. After a while Mrs Patel however said: `Mr Moodly, how about some more revenge?' And so promptly they had some more revenge. But after another five minutes or so Mrs Patel said: `Mr Moodly, how about some more revenge?' And so they had some more revenge, and so it went on for a couple of times, until Mrs Patel asked again: `Mr Moodly, how about some more revenge?' And Mr Moodly answered: `Well, I would very much like some more revenge, but to be quite frank, I don't have any more hard feelings'."

Albei het gelag en Frannie het sy bierbottel geklink teen 'n leë koffiebeker wat op die lessenaar voor sy broer gestaan het.

"Don't have any more hard feelings - fokken lekker grappie," het Frannie, steeds laggend, gesê, en, soos vroeër die oggend, vir Theo reg in die gesig gekyk.

Hy het die sweisskerms van die tafel af opgetel en dit in 'n groetende gebaar gelig. "Dankie vir die bier," het hy gesê voordat hy die kantoordeur tussen hom en Theo, wat steeds half onseker sit en lag het, diggedruk het.

Frannie het die oggend vroeg opgestaan en net 'n vinnige dubbel gedrink om homself te stabiliseer.

Toe het hy 'n lys gemaak. Waarvan hou die kinders? het hy gedink en begin skryf:

*Sonsverduistering - 3:30 nm.*

- *Koeldrank*
- *Hotdogs*
- *Chips*
- *Chocolate*
- *Servette*
- *'n Kombers*
- *3 x Visors*

Wat vat 'n mens nog saam na 'n sonsverduistering toe? het hy gewonder.

Meer as 'n uur voordat die skool uitkom, sit Frannie reeds in sy motor en wag vir Marinda en klein Frannie. Hy gaan weer oor sy lysie en twee keer kyk hy in die kattebak om seker te maak dat alles daar is.

Later haal hy een van die sweisskerms onder die sitplek uit en draai dit vir 'n rukkie tussen sy hande rond. Hy kyk rond om te sien of niemand hom dophou nie en sit dit dan op. Deur die lens kyk hy na die son, maar haal die *visor* egter gou weer af en sit dit op die passasiersitplek neer.

Anderkant die skool se heining staan 'n dogtertjie vir hom en kyk, haar gesig vasgedruk teen die groen diamantdraad. "Ek wag vir my sussie - sy's al in die skool," sê sy.

Hy lag.

Sy steek haar tong uit.

Toe die laaste ma's se motors en selfs die skoolbusse al weg is, staan Frannie steeds en wag. Waar kan hulle wees? wonder hy.

Later skakel hy sy kar aan en ry stadig in die rigting van die middedorp.

Eers gaan hy by Gill se woonstel aan, maar die gordyne is toegetrek. Daar slaan sweet op sy voorkop uit. Here, maar ek is lus vir 'n dop, dink hy. Fok, dink hy, terwyl hy by die rooi trap van die woonstelblok afloop.

Hy hou voor die haarsalon stil. Vir 'n oomblik hou hy aan die stuurwiel vas om homself te steady en klim dan uit.

Daar is pienk gordyntjies en plakkate van vroue se gesigte in die venster en hy kan nie sien of Gill en die kinders daarbinne is nie.

Wanneer hy sy hand na die deur uitsteek, trek Marie, Gill se baas, dit van binne af oop. Sy moes hom sien uitklim het, of sy het vir hom staan en wag.

"Marie?" sê hy.

"Hulle is nie hier nie."

"Waar?" Onder hom begin sy voete al ronder word.

Marie wie. "Dis haar afdag," sê sy en begin om die deur weer toe te stoot.

Frannie druk sy voet in die deur. Die reuk van die plek laat hom effens naar voel. Hy vee met sy mou oor sy klam voorkop.

"Wat van die skool? Wat van ... My dôner, my fok!" sê hy toe sy die deur probeer toedruk.

"Moenie vir my vloek nie - dis nie my besigheid nie," sê sy en draai haar rug op hom.

Frannie lig sy voet uit die deur en stap 'n paar maal heen en weer op die sypaadjie voor die salon. Fok haar, fok haar, fok haar, dink hy, terwyl hy met sy plathand teen 'n parkeermeter klap.

Hy klim weer in die motor en laat sak sy kop teen die stuurwiel. Só, op daardie selfde plek, het hy die vorige keer ook gesit.

Hy was 'n week lank vir sake in Johannesburg. Hy moes gaan kyk na tweedehandse motors wat hy en Theo vir die garage wou koop.

Hy het gouer as verwag sy sake afgehandel en 'n dag vroeër, die middag laat, op die dorp aangekom.

Hy het eers by die salon omgery, maar alles daar het stil gelyk. Hy het geweet dat Gill baie keer na werk eers moes op-cash en het deur 'n skreef in die gordyn geloer.

Hy kon die twee se weerkaatsings in al die groot spieëls sien.

Toe het hy in sy motor geklim en 'n steak roll by Sam's Fine Foods and Take Aways gaan eet. Daarna is hy na die dorp se hotel.

Frannie kyk op sy horlosie - dit is net na drie. Hy kom agter dat hy steeds met die sweisbril tussen sy hande sit.

Hy kyk na die bril en sit dan die helm op sy kop en laat die skerm oor sy oë sak. Dan skakel hy sy motor aan en ry tot buite die dorp.

Hy klim uit en, steeds met die skerm oor sy gesig, begin hy teen die koppie voor hom uit te loop. Een of twee keer val hy oor los rotse. Sy handpalms is rou wanneer hy bo kom.

Hy lig die sweisbril van sy gesig en met 'n lang armbeweging gooi hy dit van hom af weg. Die bril maak klapgeluide tussen die rotse.

Dan gaan lê hy op sy rug en kyk hoe die son al donkerder word.

# HANGKAS

Die lig in die kombuis voel te skerp. Die meeste mense is al weg. Ella staan op om nog 'n slag die ketel aan te skakel. Jason sit langs die kombuistafel en streel oor Radar, Dan se gidshond, se kop. Niemand weet regtig wat om te sê nie.

"Ons moet seker ook nou maar huis kry," sê Sussie eindelik en Jason staan op om vir klein Marietjie in die slaapkamer te gaan haal.

"Ek sal haar vir jou kar toe dra. Julle kan maar môre of so die kombers terugbring," sê hy.

"Sal julle allright wees?" vra Sussie en kyk na Ella wat langs die wasbak met 'n lepel in 'n halfleë bak bobotie krap.

Ella knik. Sy lig haar kop net toe Marietjie haar oë op neulerige skrefies oopmaak.

"Wat?" vra sy en begin huil, "wat het oom Daantjie nou weer vir jou gesê?"

Jason, met die kind in sy arms, staan onseker teen die sifdeur.

*

Dan het in 'n fucked-up karavaantjie agter in sy ma-hulle se jaart gebly. In die week het hy op die switchboard by die provinsiale hospitaal gewerk en naweke het hy op 'n opvoustoel voor die karavaan gesit en radio luister. Hy het wyn uit 'n

vyf-liter-kan gedrink en sy pyp gerook.

"Blindemoer, jy moet vir jou 'n kierie kry," het Jason amper elke Vrydagmiddag gesê terwyl hy sy skopgraaf teen een van die perskebome in die agterplaas skoon kap. "Jou hond kak die hele jaart vol."

Hy was nie 'n slegte ou nie, ou Jason, so 'n regte Engelsman uit Pietermaritzburg. Hy het met Ella getrou omtrent twee jaar nadat Dan se pa besluit het om sy goed te vat en te fokkof.

"As ek 'n kierie gehad het," sou Dan dan altyd antwoord, "het ek dit lankal in jou ou vet, rooi hol opgedruk" - die wyn en sy pyp het lank voor sononder al goed begin loop en, let's face it, Dan, soos meeste switchboard-operators, was net so 'n ietsie meer as gefok in die kop.

Op een so 'n Vrydagaand, die aand net voor Dan se twenty-first, het Henkus daar by hom aangekom. Hy kon van ver af al sy kierie op die sypaadjie hoor klap. Soos altyd het die hond op die punt van die straat begin blaf, tot uiteindelik die hele straat se honde vir Henkus voor die tuinhekkie laat poesvloek het.

"Yes, yes," het Henkus met 'n effense lisp gesê.

"Yes ja, wat vloek jy so?" het Dan ook gegroet. "Dis ordentlike mense wat hier bly."

"God," het Henkus geantwoord en gesnuif. Hy het die klinkende rugsakkie met die brandewyn en Coke daarin van sy skouer gelig en nadat hy die karavaan se wiel raakgevoel het, het hy dit op die grond daar langsaan neergesit. "Het jy vir ons ys?" het hy

gevra.

"In die koelerboks, onder die tafel," het Dan geantwoord. "Haal sommer vir ons die wors ook uit. Ek gaan nou die vuur aansteek."

"Kan ek nie maar die hele koeler uitbring nie? Anders moet ons weer heel aand opstaan om drank te gooi."

"Maak of jy mal is en doen alles," het Dan geantwoord. Hy het diep aan sy pyp gesuig en toe effens gehoes. "Hier is vir jou 'n opvoustoel hier buite."

Met die koelerboks in sy arms het Henkus voel-voel by die deurtjie uitbeweeg. Hy het met sy elmboog teen die karavaan se sy geskuur en in die rigting van sy rugsak beweeg. "Godweet, fokkin hond se kierie. Eina godtog!" het hy geroep en geskop na die plek waar die hond eers gelê het.

"Is jy allright?" het Dan gevra en sy kop skeef gedraai.

"Dônerse hond," het Henkus geantwoord en rondgevoel op die grond. "Ek het my skeen moertoe gestamp teen die koeler en die helfte van ons ys lê op die grond."

Die stoeplig het geklik en die sifdeur het geklap.

"Gee whiz kêrels, maar julle blinde mannetjies kan darem geraas maak - mens sou sweer julle is eintlik doof. What's cutting?"

"Henkus het oor Radar geval," het Dan gesê en effens gelag.

"Fok jou man! Dis 'n ou kak stuk verskoning vir 'n hond. Kan hy my nie sien aankom nie. God, ons sal vir hom 'n gidshond van sy eie moet kry."

Al drie het gelag.

"Kyk," het Jason gesê en 'n plastieksak van die grond af opgetel, "julle wors lê hier in die stof." Hy het na die buitekraan gestap en die pakkie afgespoel. "Dit behoort nog okay te wees, dink ek."

"Thanks Jason, wil jy nie 'n dop saam met ons drink nie?"

"Nee pel, ek moet jou ma in die kombuis gaan help met môreaand se kos. Terwyl julle mannetjies hier buite sit en suip, organise ons mos 'n twenty-first."

Jason het liggies aan Dan se oor getrek en weer die huis ingeloop.

Deur die oop kombuisvenster het Ella geroep: "Daantjie, wil julle nie broodjies vir saam met die wors hê nie?"

"Nee, ons is allright, Ma," het Dan geantwoord en sy hand uitgesteek na die kan wyn op die grond langs hom.

Die vuur was al amper uitgebrand - hulle kon nog skaars die hitte van die as teen hulle bene voel opslaan. Dan en Henkus het al hoe laer in hul opvoustoele sit en gesels.

"Is jy lus vir uitgaan?" het Henkus gevra.

"Nee, nie eintlik nie, ek voel so 'n bietjie oubrood. Besides, as ons nou uitgaan, eindig ons dalk ook soos Piet Coetzee op die Brooklyn-sirkel, met 'n jong boompie in elke hand en ons broeke op ons knieë."

"God, maar daardie Pretorianers is fucked."

"Feite. Het jy gehoor wat hulle met die laaste Ralley in

Bloem gedoen het?"

"Vertel maar," het Henkus gesê terwyl hy sy glas teen sy oor gelig en die ys daarin laat rinkel het.

"Fok, dis snaaks. Johnny het weer die hele aand om die bar gebitch en moan oor presies hoe jags hy is en wat hy nou met 'n girl alles sal aanvang. Jy ken mos die Noord-Transvalers - Sgt. Peppers' Lonely Hearts Club Band."

"En toe?"

"Toe vra die ouens vir Johnny of hulle nie vir hom 'n hoer kan organise nie. Daai grootbek dink toe natuurlik hulle is nie ernstig nie en sê dis piele, hy sal haar naai, hulle moet net die ching gee."

Dan het weer aan sy pyp begin suig en agtergekom dat dit doodgegaan het.

"Vertel, fok!"

"Gee my kans, jissis, ek wil net eers weer my pyp brand maak." Hy het sy hande bak om die pyp se kop gehou en sy oë geknyp teen die rook.

"Rook jy nog steeds die aaptwak?"

"Here, is dit die eerste maal wat jy dit ruik vanaand? Anyway - daardie klomp blinde Blou Bulle vaar toe die stad in op soek na 'n steek vir Johnny. Een van hulle, wat is daardie ou se naam nou weer, die een wat in die army blind geraak het, Dries of Dreyer of so iets."

"Sy naam is Antonie, maar ek dink nie hy's heeltemal blind nie - hy't net een glasoog."

"Antonie, ja dis sy naam, maar hoekom het ek dan gedink sy naam is Dries - fok dit in elk geval. Hy het nog 'n paar connections daar gehad en hulle kry toe vir Johnny 'n true blue-gummed koeliemeid."

"Sies Here en hy't haar genaai?"

"Wel, hulle het natuurlik eers tot die volgende dag in die kombi gewag voordat hulle vir Johnny gesê het dat Shauna, of Shani, of wat haar naam ook al mag wees, se van Moodly is. Hy het natuurlik gestry, jy ken vir Johnny - selfs dié wat kan sien moes volgens hom verkeerd gekyk het. By die volgende stop het hulle hom in die kakhuis hoor kots - 'hangover' het hy gesê, en die res van die pad fokkol, toe Piet hom vra of dit kerrie-katte is wat hy geskiet het."

"Hulle sal dit nie met my regkry nie."

"Hoe weet jy?"

"Ek sal haar uitruik," het Henkus gesê en die lug hoog in sy neus opgetrek.

"En as jy haar dalk like? Jy weet mos, abstinence makes the blacks grow blonder."

"Fok dit, ek verneuk nie my hand nie, in any case nie met 'n meid nie."

Henkus het lammerig opgestaan en langs die karavaan se wiel gaan hurk. Hy het met moeite die Coke op die brandewyn gegooi en gevloek toe die drank stort. Op pad terug na sy opvoustoel het hy en Dan teen mekaar vasgeloop.

"Fok," het Henkus gesê, "as dit nie jou hond is nie, dan is

dit jy. Waarheen is jy nou op pad?"

"Gaan net gou pis - loop jy saam?"

"Ja, wag net dat ek my dop eers neersit waar ek dit weer kan kry."

Hulle het met hul rûe teen die agterkant van die karavaan gaan leun en lang strale pis die stil nag ingestuur.

"Ou Johnny, haai shame," het Dan saggies by homself gelag en sy gulp opgetrek. Hy't 'n tree of twee na sy linkerkant verskuif en op die grond gaan sit. "Ou Henkus, jy sê jy verneuk nie jou hand nie." Hy het harder gelag.

"Waar sit jy?" het Henkus gevra.

"Hier, kom dis droog." Dan het op die grond langs hom geklap.

"Het jy gehoor van die brother van Kroonstad wat in laas week blind geword het?" het Henkus gevra en vir hom 'n sagte plekkie in die sand losgewikkel.

"Nee." Dan was nie meer baie lus vir gesels nie.

"'n Girl by die werk het die storie vir my in die koerant gelees. Die ou in die storie, ek kan nie meer sy naam onthou nie, wou sy kids vat om na 'n sonsverduistering te gaan kyk. Toe sy eks nie wou toelaat dat hy die kinders vat nie, toe raak die ou glo heeltemal bos en gaan lê êrens op 'n koppietjie en kyk reg in die son in." Hy het nog 'n bietjie in die stof geskuifel en toe gesê: "Ek dink dis redelik fucked-up."

"Dis vir my weer 'n mooi storie," het Dan gesê.

"Die ergste is, vertel die girl my, dat 'n vriendin van haar wat ook in Kroonstad bly sê dat die ou en sy vrou uitmekaar is

oor die vrou haar eie swaer genaai het. Fokkin *blind,* sou ek sê."

"Jip," het Dan gesê en sy kop op sy knieë laat sak.

Voor Dan se pa sy goed gevat en gefokkof het, het dit moeilik in die huis gegaan. Hendrik kon eenvoudig nie cope met 'n blinde kind nie, Ella was pal moeg van omsien na Dan en ja, brandewyn was ook betrokke.

Dan het toe vir drie maande by sy ouma-hulle in Pretoria gaan bly.

Hulle het hom na baie plekke toe geneem: Na die Dieretuin met sy voëlgeluide, reuk van kabbelende water en leeus wat steun; na die Voortrekkermonument met sy gegraveerde mure en hol stemklanke, maar vir hom was die lekkerste die restaurant op die twee-en-dertigste verdieping van die Volkskas-gebou.

Die hysbak het sy maag diep onder in die skag laat agterbly - Dan was eintlik spyt toe die lift tot stilstand kom. Die restaurant het geruik na braai-aartappels en skaapboud en daar was 'n kelner wat 'n gestyfde servet op sy skoot neergesit het. Een keer het die servet geval, en toe hy afbuk om dit op te tel het sy vingers paadjies deur die dik hare op die mat getrek.

Sy oupa-hulle was nie haastig nie en met poeding het die middagsonnetjie op sy skouers en sy nek gebak. Hy kon die droë witwyn in sy ouma se glas ruik en het lomerig gevra: "Wat is op die drie-en-dertigste verdieping?"

"Het enige iemand vir Daantjie gesien?" het Ella gevra. "Die kos is amper klaar."

"Is hy nie in sy karavaan nie?" het Sussie gesê en deur die kombuisvenstertjie geloer.

Jason het stadig opgestaan en na die agterdeur geloop. "Ek sal gaan kyk, Lovey. Is jy seker dat hy nie binne saam met die jongmense is nie?"

"Nee, ek het al gekyk. Ek is worried oor daai seun van my," het sy gesê toe die sifdeur agter Jason toeklap. "Het jy gesien hoe vaar hy in daardie punch in?"

"Dis sy twenty-first, Ella."

"Ja, ek weet, maar as Hendrik net hier was. Die kind - shame, ek dink hy was regtig teleurgesteld dat sy pa nie hier uitgekom het nie."

"Nee," het Jason gesê toe hy van buite af terugkom, en later het almal begin soek na Dan.

Dis Marietjie, Sussie se meisiekind, wat hom gekry het. Sy het uit Ella se slaapkamer geroep.

Toe sy ore ordentlik sing, het Dan opgestaan. Hy het nie eens gehoor toe iemand hom roep nie.

"Daantjie!"

Hy het, met sy hand op die muurlysie, die gang afgestap op pad badkamer toe. Voor sy ma se slaapkamerdeur het hy vasgesteek. Die reuk van motballetjies het dik in die lug gehang.

In die slaapkamer het hy op sy ma se bed gaan lê - hy was fokkin moeg. Hy het die draagbare televisie aangeskakel - Dan het gewonder of hulle dalk 'n program sou hê oor die man van Kroonstad wat so graag vir sy kinders iets amazing soos 'n sonsverduistering wou wys.

Hy kon niks hoor nie - sy ore het verskriklik gesuis. Hy't sy gesig tot teenaan die skerm gedruk en kon die staties-elektriese prikkels teen sy lippe en neus voel.

Die bedlampie het omgeval.

Hy het omgerol en opgestaan van die dubbelbed af. Die spieëls op die groot stinkhout-hangkas was koel onder sy handpalms. Hy't sy voorkop teen een van die vollengte-spieëls laat sak en vir 'n rukkie so gestaan - toe het hy die hangkas se deur oopgemaak.

Hy het die das gekry waar dit nog, soos altyd, agter in die hangkas gehang het. Vir 'n hele ruk het hy dit teen sy neus gedruk en diep asem gehaal.

Dit was vir hom moeiliker as vroeër om in te klim. Op die gedeelte wat vir kouse en onderbroeke bedoel is, het hy geklim en op sy hurke gaan sit. Hy het met sy bene vasgeskop teen die kas se rant en sy pyp opgesteek. Die boute waarmee sy pa destyds die kas teen die muur gevestig het, het lekker onder sy skouerblaaie gedruk. Hy het sy oë toegemaak.

Later, heelwat later, het hy die stem van 'n dogtertjie gehoor. "Ek ry lift. Ek gaan op," het hy op haar vraag geantwoord en toe vooroor getiep met sy vingers nog lossies om

die das se knoop.

# ROLTRAP

Joseph kyk na die kind aan die anderkant van die breë, gladde tafel.

"Henri," sê hy.

Die kind draai 'n steakmes wat die kelnerin 'n rukkie vroeër voor hom neergesit het om en om tussen sy vingers. Eers het hy die mes en vurk uit die wit servet, waarin dit toegerol was, losgedraai.

Joseph moes sy eie vingers deur mekaar vleg om nie dieselfde te doen nie.

"Jy gaan die tafel seermaak," sê hy wanneer Henri die mes se punt na onder draai en die hef stadig tussen sy palms beweeg. Wanneer hy die kind se gesig sien, is hy dadelik spyt. Jissis, dink hy, dis net een aand in twee weke, dis veronderstel om lekker te wees.

Agter hulle sit daar nog 'n Vrydag-pa wat opgewonde iets met sy vurk beduie. Joseph kyk verby Henri se skouer na die vol glas bier voor die man. Ek sweer ek kan dit ruik, dink hy en leun effe vooroor.

"Wat kyk Pa?"

Hy skrik. Vir 'n oomblik het hy van die kind oorkant hom vergeet.

"Hierdie man agter jou gaan enige oomblik nou sy bier omstamp," sê hy.

"Hy sê hy gaan vir Hannes op 'n vakansie na Disney World

toe vat."

"Wie's Hannes?" vra Joseph en dwing homself om na die kind oorkant hom te kyk.

"Die seuntjie."

"Hoe weet jy?"

"Dis wat sy pa hom noem."

"Wat sê hulle nog?" vra Joseph en beduie met sy ken na die twee agter Henri. Die bier glim saggies onder die bewegende rooi hande van Hannes se pa.

Joseph kyk na die drywende blokkies ys in die glas voor hom. "Masjien-Coke," sê hy hardop en probeer om oogkontak met die kelnerin op die punt van die gangetjie te maak. Sy is 'n hoërskooldogter met 'n gestreepte peakcap en 'n voorskoot - haar arms vou selfbewus om drie houtspyskaarte voor haar bors. Dan kom hy agter dat Henri besig is om iets te sê. "Wat sê jy? O, jy wou vertel oor dié twee." Hy knipoog in Hannes-hulle se rigting. "Gaan gerus voort, meneer Bond."

"Ag, hulle praat maar."

"Nee man, vertel."

"Hulle praat."

"Is almal nog gelukkig?" vra die kelnerin. Sy glimlag vir Henri en kyk dan na Joseph.

"'n Bier, kan jy asseblief vir my 'n bier bring?"

"Watter soort, Meneer?"

"Die koue soort."

Die kelnerin lag.

"Castle, Black Label, Amstel?"

"Rêrig, enigiets wat koud is."

"En vir hom?" Sy kyk weer na Henri.

"Nog 'n Coke, Boeta?" vra Joseph.

"Pepsi," sê Henri.

"Vra mooi man."

Die kelnerin draai 'n klein groen potloodjie tussen haar vingers. "Ek het skoon vergeet dis 'n Pepsi-man wat hier sit," sê sy.

Joseph skud sy kop. "Sy ma leer hom maniere," lag hy en vat die steakmes uit Henri se hand uit.

*

Mickey Mouse spring van 'n krans af - die gat wat hy in die grond maak is in die vorm van 'n muis - twee groot ore.

Hannes lag.

"Disney World," sê hy.

Buite is dit nog blou skemer. In die voorstede en op die N1 ry motors met hul ligte aan. Koerantjongens op fietse ruik Rice Krispies met warm melk. Oor die stil posbus in die voortuin brand 'n straatlamp.

Sy ma het 'n pienk japon aan. Sy gaap agter haar hand. Onder die breekwit buislig van die kombuis smeer sy toebroodjies, draai dit in waspapier toe en sit dit in 'n kosblik.

"Kom," sê sy, "is jou boeksak gepak?"

Die TV-stel flikker blou in die leefvertrek van die woonstel. Die kamera wys sirkelpatrone wat in songeel koringlande van die Vrystaat en Iowa ontdek is.

"Henri, skakel die lig aan," sê 'n vrou in 'n grys sweetpak, "dis sleg vir jou oë om so in die donkerte te sit." Dan skakel sy self die lig aan. "Onthou, jou pa kom jou vandag na skool haal," sê sy later wanneer sy hom tussen al die ander kinders op die sypaadjie aflaai.

*

Hy is die klein een, die een met die groot vierkantige boeksak; die een wat pouses te laat is vir die swaaie; die een wat vergeet het presies waaroor nou gepraat word.

Sy kleurbaadjie is 'n hele wêreld wat hom omring, maar steeds loop sy voete; tel hy die oranje straatlampe, een, twee, drie.

Een keer gaan staan hy voor 'n hekkie om na 'n hond te kyk - die hond blaf nie, maar 'n dogtertjie in die tuin skreeu: "Moet hom nie vryf nie, hy sal jou byt!" Dis eintlik makliker om te stap - dis soos om jou voete te swaai wanneer jy tussen jou ouma en oupa op 'n parkbank sit en Marie-beskuitjies eet. "Die een voet voor die ander sit en só kom mens eindelik daar."

Die klaskamer met sy reuk van leë kosblikke en vetkryte is reeds ver agter hom. Een, twee, drie, vier, tel hy die ligkolle op die sypaadjie. Die boeksak skaaf sy skouers. In sy baadjiesak is daar 'n leë lekkergoedpapier.

Hy het eers binnekant die groen diamantdraad-omheining gesit. Toe die klaskamers se skaduwee te ver oor die speelgrond kom lê het, het hy buite op die sypaadjie gaan wag. Hy hou van die son.

Hy kon die Meneer se fluitjie agter op die rugbyvelde hoor. Die groot kinders het middae daar gespeel. Later het van hulle met sportsakke en tennisrakette ook op die sypaadjie kom sit. Karre het stilgehou en getoet en toe was hy weer alleen.

Later het hy begin loop.

Dan sien hy die 7-11. Hy wil eers begin hardloop, maar dink dan aan sy ma - sy sal kwaad wees as sy hom langs 'n grootpad sien hardloop. Hy kyk verby die boeksak na die ligte van die aankomende motors en voel skielik bang. Dis nou nie meer te ver nie, dink hy, die winkelsentrum is net anderkant die petrolstasie. "Jy moet altyd vir jou bakens kry," het sy oupa vir hom gesê, "dan weet 'n man mos presies waar in die wêreld hy is."

Meeste van die winkels in die sentrum is reeds toe. By die telefoonhokkies kyk hy hoe 'n man sigarette by 'n masjien koop. Hy gaan kyk in die Spur en by die flieks, maar daar's

niemand wat bekend lyk nie. In 'n glasboks roer 'n masjien lemoensap om en om.

Vir 'n ruk sit hy op 'n bankie voor 'n meubelwinkel - deur twaalf TV-stelle draai twaalf aardbolle in die ruimte.

Hy is moeg. Sy ma gaan baie kwaad wees.

Voor hom strek die roltrap tot bo. Hy gaan lê met sy wang teen die koel staal plaat van die trap.

Voor die Spur wuif 'n hanswors met 'n uitgestrekte groen en rooi arm. 'n Vrou staan roerloos langs 'n blou babawaentjie. Die kind aan haar hand laat los sy ballon. Op en op, tot ver bokant al die liggies van die sentrum styg dit.

Die roltrap brom saggies. Bo, weet hy, wag Antjie Somers, 'n alien of 'n engel, met 'n groot geel ballon net vir hom.

# PLAASHEK

*Dit maak nie werklik sin nie.* Dit is hoe Jans oor sy eie idee gevoel het, maar hy het in elk geval opgestaan en 'n klompie klere in een van die tasse gegooi wat sy vrou agtergelaat het.

Dit was toe al meer as 'n maand sedert hy deur die myn geboard is en hy't nie werklik 'n goeie plan nodig gehad om hom in een of ander rigting in te druk nie.

Hannah, sy vrou, het net nadat hy geboard is die kinders in die kar gelaai en gefokkof. Nee, sy't nie net vir Jans verlaat nie, sy't amper al die goed in die huis in 'n treklorrie laat laai en gefokkof. Vra maar die bure - sy't die laaste twee dae amper aanhoudend geskreeu en daar was drie gebreekte ruite in die mynhuis toe sy daar uit is.

Jans het daarna nie werklik sy pad oopgesien om die meubels of gebreekte ruite te vervang nie. Bedags het hy bloot die kolle sonlig deur die huis gevolg - daar was nie meer gordyne of leunstoele in die son se pad nie. Saans het hy mieliepap op 'n gasstofie gemaak en aan die lugdraad van die krakende wit-en-swart TV-stelletjie getorring.

Op een van daardie dae het daar 'n bode met 'n eviction notice in sy hand aan die voordeur geklop.

"Kon hulle nie maar 'n witman gestuur het nie?" het Jans daardie aand aan Jefrey, sy buurman, gevra.

Jefrey en sy vrou, Anne, het stry gekry "oor 'n dônerse putter" wat Jef vir homself gekoop het. Toe kom sit hy maar

met 'n halfbottel J&B by Jans en gesels.

"Noem my 'Sir', terwyl hy die koevert met die notice na my toe uithou," het Jans gesê en Jefrey het saamgestem dat dit sommer baie kak styl van die myn was - hy't vir Jans nog 'n doppie van die "**J**akkals & **B**olf" geskink - hy wou eerder oor sy vrou Anne se kak styl praat.

Só het dit dan gebeur dat Jans op 'n droë wintersoggend sy tas in die stasiewa laai en 'n laaste draai om die huis stap. Hy het gehou van hierdie huis, al is dit hier waar die moeilikheid tussen hom en Hannah begin het. Die huis het hom op 'n manier aan sy oupa-hulle se opstal anderkant Richmond in die Karoo herinner. Die mynhuis was na genoeg aan die rant van die dorp dat 'n mens skemertyd die tarentale en fisante in die bossieveld kon hoor. Veral middae, wanneer die son op sy wit maag gebak het en die blokkiesvloer koel onder sy agterkop gelê het, kon hy maklik droom van daardie dae in die Karoo.

Hy gee 'n laaste draai aan 'n buitekraan wat lankal reeds drup. Die wasser sal vervang moet word, dink hy. Selfs deur die sole van sy swart skoene is die sement koud onder sy voete.

Wanneer hy die motor in die pad in swaai, loop 'n stroom water uit die oop buitekraan reeds tot ver oor die uitgedroogte grasperk.

*

Wanneer hy wakker word, stamp hy sy knie teen die stuurwiel van die stasiewa - hy vloek. Buite lag kinderstemme - groot oë probeer om deur die toegewasemde ruite te loer. Dit moet hulle wees wat hom wakker gemaak het. Wanneer hy met sy hand 'n kolletjie op die ruit skoonvee, hardloop die kinders weg en gaan staan op 'n afstand. Hy draai stadig die ruit af.

"Hei!" probeer hy brul, maar slegs 'n dun geluid klink deur sy growwe keelgat. Die kinders lag weer. Hy voel na 'n sigaretpakkie op die paneelkis - dit is leeg.

Dit is nou amper twee maande dat hy van die huis af weg is: eers het hy in hotelkamers geslaap, maar dit het eenvoudig te duur geraak - gin en tonic het darem gehelp met die koue karslapery.

Hy beweeg weer stadig, rek homself effens uit, en gooi dan die kombers wat oor sy bene gelê het na agter, tot bo-op 'n hoop los ysters, drade, leë bottels, twee tange en 'n skroewedraaier wat in die dogboks van die stasiewa lê.

Toe hy die deur aan die bestuurderskant oop stamp, hardloop die kinders weg. Hy strek homself in die wintersonnetjie uit. Respek, dink hy, is 'n belangrike ding vir 'n man om te hê. Hy kyk na die grondwal waaragter die kinders verdwyn het. "Hotnotskinders," roep hy hulle agterna.

Hy stap tot teen die wal van die plaasdammetjie, staar vir 'n oomblik oor die vaal weerkaatsing van die wêreld en buig dan stram sy knieë. Hy staan hande-viervoet bo die modderige

water en spoel sy gesig af. Sy keel is dik van die slym.

"Sies, fokkit!" gril hy hardop vir homself wanneer 'n klein bietjie suurbraak deur sy keel brand en in sy baard gaan sit. Hy spoel vinnig nog 'n maal sy gesig af voordat hy omdraai om te kyk of die kinders nie dalk terug is nie.

In 'n geel hotelkamer op Richmond het hy met sy arms agter sy kop gelê - net gelê. Alles in die vertrek het na motballetjies en seep geruik.

"Dis eenvoudig, maar skoon," was die vrou by ontvangs se woorde toe sy die sleutels en twee handdoeke aan hom oorhandig het.

Hy het op sy horlosie gekyk. Dit was nog vroeg genoeg. Hy het orent gekom en op die rand van die bed gaan sit. Hy kon die nommer nog onthou - Hannah se ma het geantwoord.

"Hallo Ma," het hy gesê.

Sy het nie geantwoord nie, bloot die gehoorbuis op die tafeltjie langs die telefoon neergesit. "Dis vir jou," het hy haar hoor sê.

In sy gedagtes het Jans die huis van sy skoonma gesien. Die meubels met hul fluweel-oortreksels en geborduurde armleuninglappies; die skoon glas-asbakke en die klein staanhorlosie op die rak. Hy't gewonder wat Hannah aan het en wat die kinders besig is om te doen.

"Hallo," het Hannah gesê, en "Hallo," het hy gesê. Vir 'n rukkie was daar stilte. Hy't die gehoorbuis teen sy skouer

vasgedruk en sy skoenveters begin losmaak.

"Anne sê vir my jy's weg," het sy eindelik gesê.

"Het jy gebel?"

"Nee, sy't vir my gebel. Waar is jy?"

"Ek was vandag op die plaas." Hy't sy een skoen swaar op die houtvloer laat val en die gehoorbuis na sy ander skouer versit.

"En?"

Hy sug.

"Nie goed nie?"

"Nee. Hoe gaan dit met die kinders?" het hy gevra. Hy wou nie met haar oor die plaas praat nie.

"Hulle kyk TV. Ma het vir hulle Marmite en toast gemaak en netnou sal sy seker weer die Jim Reeves plate loop uithaal. Jy ken mos Sondagaande hier."

"Ja," het hy gesê en sy ander skoen ook op die vloer laat val. "Dit klink lekker."

Weer het hulle nie gepraat nie.

"Ons?" het hy later gevra.

"Jy moet vir my 'n adres laat weet. Ek - dis verby. Ek kan nie dat jy weer aan my of die kinders vat nie." Haar stem was skielik baie moeg. "Ek wil jou - ek wil ons, agter my en die kinders sit. Ons moet aangaan."

Lank nadat sy al die telefoon neergesit het, het hy steeds die gehoorbuis teen sy wang bly hou. Sy naels het klein krapgeluidjies in sy baard gemaak.

Die enjin neem 'n rukkie om te vat en dan trek hy die stasiewa stadig om die rant van die lappie bome waarlangs hy parkeer het.

Dis 'n goeie skuilplek vir spietkops hierdie, dink hy, voordat hy met die stasiewa op die provinsiale pad inswaai. Hy neem die halfleë bottel gin wat bokant die stuurwiel lê en laat dit tussen blikkies tonic op die rubbermatjie onder die sitplek val.

Soos elke dag die afgelope week, stop hy op die parkeerterrein van die klein winkelsentrum in die hoofstraat van die dorp. Hy kyk in die truspieëltjie en trek sy vingers deur sy hare. In die paneelkissie kry hy 'n peperment.

Hy stap, nie te vinnig nie, oor die sypaadjie in die rigting van die landboukoöperasie. Vir 'n oomblik talm hy voor Uncle Hennie's Bistro and Take Aways, waar die reuk van spek en eiers hang. Deur die venster van die kafee-restaurant sien hy 'n vrou wat alleen by 'n tafeltjie sit - sy het 'n geel rok aan en botter ingedagte 'n bruin sny roosterbrood.

"Tyd, tyd, tyd, tyd," sê hy en stap verder. By die Springbok Kafee koop hy 'n pakkie sigarette en kyk lank na 'n kromsteelpyp in die vertoonkas. Hy koop ook 'n koerant wat hy onder sy arm druk.

Toe hy by die groot glasdeure van die koöperasie instap, kyk die bestuurderes agterdogtig op - sy groet altyd die boere

vriendelik, ken elkeen by die naam. "Kan ek u help, Meneer?" vra sy.

"Nee, ek kyk sommer," gee hy dieselfde antwoord as die vorige drie oggende en stap in die gangetjie tussen die vyfde en sesde staalrakke op. In sy sakboekie maak hy aantekeninge - die lysie is al 'n hele paar bladsye lank - items en bedrae staan in netjiese kolomme. "Net die noodsaaklikste," sê hy hardop en skrap twee items van sy lysie.

Sy hand bewe effens en hy oorweeg dit vir 'n oomblik om eers weer 'n draai by die stasiewa te gaan maak.

Aan die bokant van die gangetjie kan hy die bestuurderes agter die kasregister sien sit. Hy stryk met sy hande oor die kreukels van sy wit hemp en haal diep asem. Hy besluit om so gou moontlik 'n safaripak aan te skaf en teken dit in sy sakboekie aan.

Teen elfuur is hy eers klaar by die koöperasie en gaan sit hy by een van die tafeltjies buite Uncle Hennie's. Volgens die uithangbord word "KOFFIE, ALLERLEI VERSNAPERINGE EN LIGTE ETES" bedien.

Die vrou met die geel rok is weg.

"Net water, dankie," sê hy aan die blonde kelnerin, wat in 'n klokkieblou rok met 'n frillerige wit voorskoot sy bestelling kom neem. "Juffrou, jy kan glads volkspele in daardie rok doen," maak hy dieselfde grappie wat hy al met twee van die ander kelnerinne gemaak het. Die blonde kelnerin

lag ook.

Hy slaan sy koerant oop, kyk vlugtig na die voorblad - al weer 'n gesinsmoord - hierdie keer op 'n kleinhoewe buite Kroonstad. "Dis verskriklik, nè?" sê 'n boer aan die tafeltjie regs van syne.

"Ekskuus?"

Die boer wys na die koerantartikel: "Dis verskriklik - niemand is meer veilig op hul plase nie."

"Dis 'n plot," sê hy.

"'n Wat?" Die boer leun effens in sy rigting.

"'n Kleinhoewe," sê hy.

"O, ek dag jy sê iets van 'n komplot."

Die kelnerin bring koffie en 'n mandjie vol beskuit vir die boer. Vir 'n rukkie sit hulle net.

"Ken jy die Botrivier-area?" vra Jans later.

Die boer kou nog 'n rukkie en sê dan: "Hoekom vra jy?"

"Ek oorweeg dit om 'n stukkie grond daar te koop," sê hy en wys na 'n advertensie in die bylaag.

"Nee, ek het maar hierdie kant van die berg grootgeword - ek ken nie werklik daardie grond nie. Maar ek verstaan daar's oorgenoeg water."

"Altyd 'n pluspunt," sê hy terwyl hy die *Snuffelgids* weer onder sy arm invou. "Is dit nie 'n mooi woord nie? `Snuffelgids'," sê hy wanneer hy opstaan. "Ek wonder wie het dit uitgedink."

Hy is al 'n ent in die straat af dan dink hy eers aan die

plaas anderkant Richmond - daaroor kon hy en die boer tog lekker gesels het.

"Ek sal dit vir 'n volgende keer moet onthou," sê hy hardop. 'n Swart seuntjie staan met sy vinger in sy mond en kyk na hom. Hy stap verder.

By die poskantoor kyk hy in sy beursie - daar is nog tien oproepe se kleingeld. Hy tel die gehoorbuis op.

"Goeiemôre ... Ja, ja, ek het eergister ook gebel ... Nog niks - ek verstaan ... Nie dalk? ... 'n Lekker dag dan vir u ook."

Hy blaai deur sy sakboekie.

"Ja, hoe gaan dit? ... Mooi reën daar in julle wêreld geval ... So 'n honderd- na tweehonderd-en-vyftigduisend ... Ja, die bank is bereid om my daarmee te help ... graanbou ... Ek verstaan."

Hy het voor die plaashek stilgehou - daar was 'n slot op.

Hy't uit die stasiewa geklim en teen die hek gaan staan. Sy vingers het liggies aan die hekpaal geraak. Dit was vir hom lekker om die stof en die fynbos te kan ruik. Die lug was blou...

Van ver af kon hy reeds die opstal en buitegeboue sien. Hy't al stadiger gestap.

Hy kon homself sy broer se stem oor die telefoon herinner: "Fokkin plakkers het die hele plek gestroop na Ouma hier uit

is. Jans, jy sal nie glo nie: van die dakplate tot die vensterrame; hulle het selfs die vloerplanke uitgelig. Net die vleiskamer het nog 'n dak op."

"Jissis," het hy toe nog gesê.

Vroegaand het hy steeds op die verbrokkelde rooi stoep gesit. 'n Dun windjie het uit die koppies se rigting opgesteek. Hy't moeg opgestaan en teruggestap na die stasiewa - hy wou by die hotel uitkom om vir Hannah te gaan bel.

Toe hy terugkyk na die plaas, het hy homself verbeel hy sien draaiende skietlampe op die oop vlak.

"Trekbokke," het hy gesê en sy oë toegemaak. Hy't aan die warm, wit maagvelletjie van sy eerste springbok gedink en "dis immers die seisoen" gesê.

Middagete stap hy terug na die stasiewa. Hy haal die bottel gin onder die sitplek uit - al die blikkies tonic is warm of leeg.

Terug by die poskantoor blaai hy weer twee maal deur die *Snuffelgids*.

"Goeiemiddag, ja ... Nee, dis die eerste keer wat ek skakel ... In die Hemel en Aarde-vallei ... So vyfhonderdduisend na 'n miljoen ... Ja, die bank is bereid om my daarmee te help ... Wingerdbou ... Nee, ek het ongelukkig nie 'n nommer waar u my môreoggend kan terugskakel nie."

Hy kyk na die spoorlyn wat by die poskantoor verby loop. 'n

Watertoring en stasiehuise staan oorkant die spoor. In een van die huise se agterplaas blaf 'n hond aanhoudend.

Hy voel in sy broeksak na nog 'n muntstuk.

Sy broeksak is leeg.

# BANKROOF

Anders as vroue, wat meesal heel happy is om bloot deur die motions te gaan, het 'n man 'n plan nodig. Dit was ook so met Douw en Ryno.

Hulle het minder as 'n jaar uitmekaar getrou, saam-saam besluit om die Polisie te verlaat en het ook met hul pensioengeld saam 'n scrapmetal-besigheid op 'n plot buite Oudtshoorn begin. Dit was fokkin lekker tye daai.

Maar soos dinge maar gebeur het die kinders groot geraak; die vroue het vet geraak en die besigheid was later ook maar net nog 'n werk.

In die aande het hulle op die saggesitte rusbanke in die sitkamer sit en brandewyn drink. Hulle het nie veel gepraat nie en die kere wat hulle gepraat het, het hul eintlik maar net kak gepraat.

Dit is op 'n Vrydagaand (want Vrydagaande is tog die oorsprong van meeste groot schemes) wat hulle op die gedagte van 'n bankroof kom.

Ryno suig aan die ys in sy glas - in sy gedagtes speel die kinders nog buite rugby op die witgerypte grasperk, en die sinkplate vir hul eerste stoor is pas afgelaai. "Ek sê jou," sê hy amper aan homself, "as Boetie nie in standerd vyf sy been gebreek het nie, het hy vandag Springbok gespeel."

"Mmm," sê Douw.

"Jou moer man! Daai klong van my was fokkin vinnig."

"Hoe kan 'n pa nou objektief wees? Ons sal mos nou nie weet wat sou gebeur het nie. Hy't sy been gebreek en klaar."

"Fok jou," sê Ryno en staan van die bank af op. "Wil jy nog 'n brandewyn hê?" vra hy.

Douw hou sy glas uit.

Ryno staan beweginloos.

Na omtrent tien sekondes sê Douw: "Okay, okay, hy sou seker Springbok gespeel het."

Ryno vat die glas by hom. "Was dit nou só moeilik?" vra hy oor sy skouer.

Douw kyk luierig deur die sitkamervenster na stapels pype onder die spreilig langs die stoor. "Het ek jou al vertel van my oom Gerbrand?" vra hy.

"By meer as een geleentheid," antwoord Ryno en staan op om die TV aan te skakel.

"Ek wil jou 'n storie vertel," sê Douw.

"Maar dis Nuustyd."

"Fok die Nuus," sê Douw, "dis elke aand dieselfde."

Ryno gaan sit weer. Hy gee nie regtig om nie.

"My oom Gerbrand," sê Douw, "het bo in die Kalahari saam met 'n spannetjie kaffers vir water geboor - nog met 'n wa en osse in daardie tyd."

Ryno suig maar verder aan die brandewyn in sy glas.

"Na so drie maande raak die spulletjie toe opstandig - wil

net terug na hulle families toe."

"Jy't laas gesê 'twee maande'," sê Ryno en draai sy lyf gemakliker op die vaal rusbank.

"Twee maande, drie maande, wat is die verskil? Anyway, sal jy luister dat ek asseblief met my storie kan klaar maak?"

"Ja," sê Ryno.

"Oom Gerbrand vat toe die voorbok en laat hom met sy kop onder die agterste wiel van die wa lê. Die wa is natuurlik fokkin swaar gelaai met al daardie bore, ysters en kak daarop."

Ryno gaap effens. Douw vertel sy storie.

"Hy sê toe vir die drywer 'Jonas, as ek sê vat, dan vat jy'. Dom kont wat hy is, klap Jonas natuurlik die sweep toe oom Gerbrand sê 'vat!' Die osse skrik en gaan op loop."

"'Voor Gôt swaer Douw, daai kâfer se kop klap soos 'n kanônskoot,' sê jou oom toe vir jou," maak Ryno die storie klaar en Douw gaan pis, sonder om vir Ryno saam te nooi.

"Swartbaars," sê Douw toe hy terugkom. "Ons moet swartbaars in die gronddam hier agter laat gooi."

"Hoekom?"

"Dan kan ons naweke net hier agter sit en visvang." Hy beduie met sy hand.

"Ek dag visvang is dan juis om van die huis af weg te kom."

"Ja, dis ook net 'n fokkin idee," sê Douw. Hy is vir 'n rukkie stil en begin dan weer. "Het jy gehoor wat met Charlie

Marais-hulle gebeur het?"

"Nee."

Douw sit effens regopper.

"Sampie Naudé daar by die garage het my die storie vertel."

"Ja, vertel," sê Ryno toe Douw te lank stil bly.

"Charlie en Basil het langs die Breërivier gaan visvang."

"Basil Meintjies? Is hy nie op die oomblik in die kak oor 'n blinde girl wat verdrink het nie?"

"Ja, maar luister nou dié storie," sê Douw en sit sy glas neer. "Hulle vang die nag palings en natuurlik is die goed te fokkin maer om in die draadnet te hou. Hulle los toe sommer die palings op die wal, en toe hulle waai gooi hulle al die vis in 'n nat streepsak." Douw tel stadig weer sy glas op.

Ryno hou vir 'n rukkie en sê toe maar: "En toe."

"Wel, Charlie se vrou wou nie hê dat hulle die vis by haar huis skoonmaak nie en toe is hulle maar na Basil se huis toe. Daar gooi hulle toe die palings op die garagevloer uit. Hulle kon dit nie verstaan nie - hulle het vier gevang en daar lê toe net drie op die sement."

"Fok, vertel net!" sê Ryno toe Douw weer in die rigting van sy glas mik.

"Toe hulle die streepsak skud, toe val daar fokweet 'n pofadder daaruit."

"'n Pofadder? Het hy iemand gepik?"

"Nee, Charlie het hom met 'n graaf doodgeslaan."

"En die storie van die blinde girl wat verdrink het?"

"Dis 'n kakstorie. Die polisie wou net by hulle hoor of hulle iets gesien het - hulle het daardie naweek nie te ver van waar die girl verdrink het nie, vis gevang."

"Hoe het hulle dan die pofadder vir 'n paling verwar?"

"Dit was glo nog nag toe hulle daar langs die rivier weg is," sê Douw en snuif versigtig aan een van die rusbank se kussings. "Ek is seker een van Suzy se katte het hier gepis," sê hy.

"Weet jy waaraan het ek al gedink," sê Ryno nadat Suzy en Heleen kom nagsê het en Douw klaar vir Suzy uitgekak het oor die pisgewoontes van haar katte.

"Sê maar."

"Ek het gewonder wat is die kanse dat 'n mens, as jy so sit en visvang, 'n sak Krugerponde uit die water kan trek. Jy weet die kommando's was tydens die Boereoorlog tot diep in die Kolonie. Ek het dit die ander dag in *Die Burger* gelees."

"Ja," sê Douw en laat drup die laaste druppels uit sy glas tot diep in sy keel, "dit sou nogal lekker gewees het om baie geld te hê."

"Miskien moet ons 'n bank beroof," sê Ryno en albei lag.

Die volgende dag is maar 'n gewone Saterdag. Douw staan vroeg op om loongeld vir die werkers te gaan trek en Ryno is in die werkswinkel besig om vir Heleen 'n kersstaander aanmekaar te sweis.

Vir middagete eet hul wors en eiers, en soos elke Saterdag stap klompe plaaswerkers met winkelsakke in die grondpad langs die plot verby.

Laatmiddag, wanneer die wind oor die oop morg rooigrond agter die huis opkom, gooi hulle vir hul elkeen 'n shot en stap 'n draai, anderkant die hoenderhokke verby.

"Vandag by die bank het Giel Prins my nogal 'n heel fokkin snaakse storie vertel," sê Douw.

"Is hy nou permanent bestuurder, of wag hulle nog vir iemand uit die Kaap?"

"Permanent, dink ek," sê Douw. Hy gaan sit met sy rug teen die asbesplate van die hoenderhok. "'n Klomp van hulle was nou 'n ruk terug met 'n kombi op Suidwes toe - ''n bietjie gaan jag,' sê hy. Natuurlik mal van die wyn ry hulle op pad plaas toe 'n koedoe om."

Ryno gaan sit langs Douw, maar staan dan weer haastig op en stof sy kakiebroek af. "Dis 'n fokkop, hierdie rooi grond," sê hy en gaan sit dan op sy hurke.

"Jy's darem lekker bang vir die miesies", lag Douw.

"Ek en my vrou praat nie meer met mekaar nie," sê Ryno en gaan sit dan tog plat. Hy sluk lank aan sy dop.

"Shit," sê Douw. "Los nou eers die familie-kak en laat my vir jou vertel wat met Giel-hulle gebeur het."

Ryno sê niks.

"Hulle laai toe die koedoe agter in die kombi, maar so 'n tagtig of so kilometer verder, toe staan Ta op."

"Jissis!"

"My words exactly. Die koedoe was toe nie dood nie, net gestun deur die hou teen die bumper en toe Ta opstaan, toe's hy moeilik. Hy het glo daai kombi se dak op-ge-fok. Die ergste natuurlik is dat dit 'n AVIS-kombi was."

"Jissis," sê Ryno.

Op pad terug huis toe stap hulle langs die wasgoeddraad verby. Daar lê 'n fyn lagie skuim onder die badkamer se afvoerpyp en 'n soel reuk hang in die lug.

"Kyk hier," sê Douw en wys na die broekiekouse op die draad. "Dis mos die klas ding wat hulle vir 'n bankroof gebruik," sê hy.

"Ek weet nie of ek dit oor my kop sal kan kry nie," sê Ryno en koes onderdeur die draad.

"Ons kan vir ons nuwes koop," sê Douw.

Saterdagaande is maar soos Vrydagaande op die plot, behalwe dat hulle vroegaand saam met die vrouens sit en TV kyk.

"Is jy regtig ernstig?" vra Ryno wanneer die vrouens terug kombuis toe is, "is jy ernstig oor die idee van 'n bankroof?"

"Ek weet nie," sê Douw, "maar vanmôre by die bank het ek die weirdste goed opgelet. Goed wat ek gewoonlik nooit raaksien nie."

"Soos wat?"

"Ag, waar die kamera's sit; waar die security guard staan;

al daai kak. Net toe ek uitstap toe stop die Fidelity Guard-bussie buite. Mens kyk anderste as gewoonlik." Hy staan op en skakel die TV-stel, wat vir 'n ruk reeds geluidloos bly flikker het, af. "Dit was nogal exciting," sê hy.

"Ek het gekyk," sê Ryno.

"Wat?"

"Na die program op die TV."

"Wat was dit?"

"Fok jou, wat maak dit saak. Ek het daarna gekyk."

"Sê net wat dit was," sê Douw met sy vinger op die aan/af-knoppie van die 1978 Telefunken kleur-TV.

"'n Rerun van Bonanza."

"Hoekom het jy nie dadelik so gesê nie," sê Douw en skakel vinnig weer die TV aan - hy skuif die klankknoppie tot amper heel bo.

Vir amper 'n week praat hulle niks oor die idee van die roof nie.

Vrydagoggend bel 'n connection van Douw en laat weet dat een van sy hotnots met 'n vrag teëls by Du Toitskloof af is. "Wil jy nie asseblief ry en kyk wat daar te salvage is nie?" vra hy en voor middagete is Douw en Ryno in die lorrie op die grootpad. Die vroue was gelukkig heeloggend in die dorp - hulle ken al so 'n Kaapstorie.

Jissis, het Ryno gedink toe hulle van die plot af weg ry en

"Die vrouens gaan befok wees," het hy gesê.

Hulle het albei uitbundig gelag: die wind in hul hare en bottels bier koel teen hul kuite.

Op Barrydale laai hulle die drywer se vrou langs die pad op. Deur die agterruit van die lorrie beduie Douw vir haar dat sy moet eenkant toe sit. "Here, daai kopdoek van haar wapper. Ek kan amper fokkol in die spieëltjie sien."

"Shame," sê Ryno, "seker maar beste klere aangetrek vir die uitken-besigheid en nou moet sy nog agterop in die wind ook sit."

"Jy kan met haar plekke ruil as jy wil."

"Nie 'n naai nie." Ryno draai die ruit op 'n skrefie oop en skiet sy sigaretstompie uit. "Jy wil net weer langs die meid sit," lag hy.

"Jou poes, ou perd."

Vir 'n rukkie ry hulle sonder om te praat.

"Dink jy," vra Ryno later en beduie met sy ken na agter, "dat die vrouens ook so sad oor ons sal wees as ons vandag met hierdie lorrie by 'n krans af dôner?"

"Só sad?" vra Douw, wie se aandag op die pad gefokus was.

"Soos die meidjie hier agter, man. Het jy nie gesien hoe haar hande maak nie?"

"Wie se kop is nou vol meidgedagtes?" vra Douw.

"Loop kak man! Probeer om net 'n bietjie meer human te

wees."

Douw trek effens af dat 'n BMW by hulle kan verby kom. "Ja, sure boet," sê hy en lig sy hand. "Any time."

"So wat dink jy?"

"Ek weet nie, genuine. Hulle sal seker wag tot Giel die testamente van die bank af bring en dan besluit of hulle happy of sad behoort te voel."

"Sad," sê albei gelyk en lag. Douw haal 'n pakkie sigarette uit sy bo-sak en bied vir Ryno ook een aan. Na hy sy sigaret brandgemaak het, sê hy: "My oom Jeep was een van die laaste sirkusbase wat destyds Suidwes getoer het."

"Jy het my al die storie vertel."

"Nie hierdie een nie. Hy was ook die sterkman in die sirkus - niemand het met hom kak gesoek nie." Die lorrie dreun voort... "Net anderkant Mariëntal, toe bars die voorste trok in die konvooi 'n wiel - die een wat my tant Louisa gedryf het. Jy moet onthou, in daardie tyd het hulle enige kak saamgery: leeus; slange; selfs 'n makkerige krokodil, vertel my oom my."

Ryno steek sy hand uit en haal vir hom nog 'n sigaret uit Douw se bo-sak.

"Toe die lorrie tip, toe is dit chaos. Twee van die tierhokke het afgeval en daai tiere was nie só mak nie - hulle was natuurlik ook befok van die son en die stof - jy ken Suidwes."

"Kyk!", sê Ryno wanneer 'n bobbejaan met 'n kleintjie op die

rug oor die pad hardloop. Die lorrie swenk swaar en die brieke kraak.

"Jissis!" sê Douw. "Fokkin bobbejaan!"

Hulle kyk na mekaar.

"Fokkin bobbejaan!" skreeu hul albei en lag terwyl die lorrie voort brom en die bobbejaan agter 'n bult verdwyn.

"Jou tierstorie?"

"My tierstorie! Oom Jeep het van agter af alles gesien gebeur. Hy vertel dat toe die lorrietjie loop stil lê, toe staan hy reeds langsaan om vir tant Louisa die deur oop te maak. Toe hy die deur oop kry, toe is dit nie tant Louisa nie, maar een van die tiere wat van onder af na hom toe op kom." Douw hou skielik op met praat en kyk stip in sy truspieëltjie. "Kyk," sê hy, "Fidelity Guard."

Toe Ryno ook sy kop draai, is die groen en wit kombi amper al by hulle verby.

"Ek wonder," sê Ryno, "of hulle ook armour-plating teen die dakke het. Jy weet die storie van Giel-hulle."

"Hhhh?"

"Die koedoe-storie."

"O," sê Douw.

"As 'n koedoe sy horings van binne af kan deurdruk..."

"I don't know," sê Douw, "'n benoude dier is 'n anderste fokker."

Ryno trek sy skouers op. "Vertel my eerder die storie van jou oom en die tier."

"Ek het jou gesê dis 'n lekker storie. Toe oom Jeep afbuk om tant Louisa uit die lorrie te trek, toe kom die tier op na hom toe. So 'n tier het glo 'n vrot fokkin asem."

"Here, maar jy kan 'n storie uitrek."

"Okay, toe dôner hy hom een shot met die vuis - morsdood."

Ryno begin lag.

"I'm not shitting you. Ek het jou gesê dat hy die sterkman in die sirkus was."

"Kak man," sê Ryno. "Ek wil nie meer na jou storie luister nie." Hy buk af en lig een van die koel, groen bottels tussen sy enkels uit. "Een shot," sê hy en knak die bier se kop.

Net anderkant die ou tonnel sien hulle die oranje cones waar die lorrie die pas af is. Voordat Douw van die pad af trek, staan die drywer se vrou reeds regop agter op die bak. Sy rek haar nek om oor die gebuigde silwer barriers te kan sien.

Ryno krap in die cubby-hole en kry 'n paar Spur-pepermente en 'n Rennie - die reuk van olie laat hom effens narerig voel.

"Ek haat hierdie draaie in die pas," sê hy voordat hulle uitklim om die spietkop te groet.

"Nee, hulle het die trok reeds ingesleep Kraaifontein toe," vertel hy, terwyl hulle oor die groen afgrond loer. "In sy moer ja," antwoord hy op 'n vraag van Douw en gee hulle die besigheidskaartjie van die scrapyard.

Die drywer se vrou staan eenkant.

"En die drywer?" vra Ryno.

"Tygerberg toe. Dit was op slag, nie 'n halwe kans gehad nie. Ons het hom onder 'n hoop teëls uitgegrawe."

"Ai, so ons moet nou die hele pad Tygerberg toe, voordat ons daai naaiers in Kraaifontein kan gaan opskroef. Pottie moet net weet hy gaan betaal vir hierdie mission," sê Douw en draai na die spietkop. "Wie de dôner gee hulle die reg om net iemand se lorrie te vat?"

"Dit moes hier weg," sê die spietkop en klim in sy kar.

Toe hulle uit die koel skaduwee onder die reeks hoë geboue van Tygerberghospitaal wegry, kyk Ryno een maal oor sy skouer.

*

"Ons sal seker moet oorbly," sê Douw na die tweede bottel Klipdrif gekak het en hulle al 'n soort deal oor die lorrie gestrike het.

Die son het al laag teen die berge gelê en op een of twee plekke kon mens braaivleisrook ruik, toe hulle by die scrapyard aankom. "Nee, die Baas-hulle is nie hier nie," het die wag by die hek gesê, maar kon hulle darem verduidelik waar hy bly - dit was nie ver nie.

"'n Lekker fokkin plek wat julle hier het," sê Ryno vir die derde of vierde maal en inspekteer weer die selfgeboude binnebraai. "Jy is seker ons kan nie nog vleis gaan koop nie?" Hy kyk op sy horlosie. "Hier is seker 'n Seven Eleven hier

naby."

"Nee'g dôner. Julle's vanaand my gaste. Uit die Klein Karoo, Jis! Solank Douw bly stories vertel, is ek happy," sê Jerry, wat steeds baie spyt oor die fokkop met die lorrie is.

"Kan ons rêrig nie gaan vleis koop nie?" vra Ryno.

"Gwen, haal nog tjops uit die deepfreeze!" roep hy in die rigting van die oopplan-kombuis. "Die manne's honger, hulle't 'n ver pad gekom!"

Douw leun effens vorentoe uit die rottangstoel waarin hy sit. "'n Plaasmeid voor Tygerberg, now that's a sight to see," sê hy.

Die volgende oggend drink hulle baie water.

"Ons wil maar vroegerig in die pad val sodat ons voor die rugby op Oudtshoorn kan wees," sê Douw aan Jerry. "Dankie vir alles, en o, voor ek vergeet, hier is Pottie se nommer. Julle kan mos maar die cash-reëling met mekaar uitsort."

"Daai's no problem, ons sal met mekaar praat."

"Kom kuier!" roep Ryno met die wegry, en "Here, laat dit asseblieftog nie gebeur nie," sê hy saggies aan Douw.

"Wat, ou Jerry is lekke', lekke' soes 'n krekke'," sê Douw en albei lag met moeite.

By die Hyperama stop hulle om vir Douw 'n sonbril te koop. Hulle koop ook oogdruppels en 'n mout of twee vir die lang pad terug huistoe. Sonder om 'n woord te sê, laai Ryno ook 'n cutting torch in die trollie.

Bo-op Du Toitskloof trek hulle af en klim uit. Vir 'n minuut of twee staan hulle en kyk na die Kaap.

"Ek wonder hoeveel games word vandag in hierdie valley gespeel," sê Douw en trek die dun lug diep in sy neusholtes op. "Hier word elke Saterdag seker 'n klein kakhuis vol Deep Heat gebruik."

Ryno kyk na die vlieswolkies bokant Tygerberg en dan verder na waar die see blink. Sonder om na Douw te kyk, sê hy: "Dit sal nogal lekker wees om op 'n eiland te kan bly, of hoe dink jy?"

"Solank dit nie Robbeneiland is nie."

"Voor Gôt, swaer Douw!" sê Ryno voordat hulle weer in die lorrie klim om verder te kan ry.

# GRASPERK

Jefrey wou net 'n goeie man vir sy vrou wees; 'n goeie pa vir sy kinders - dis seker nie te veel nie, maar dis tog hoe hy dit wou hê.

Op Vrydagmiddae het hy gaan gholf speel. "Dit maak dat ek ontspan," het hy aan sy vrou Anne gesê, "en dan is die naweek soveel lekkerder vir almal."

"Ja," het sy geantwoord en die tydskrif waarmee sy besig was in die sonkol langs haar stoel neergesit. Dan het sy opgestaan en kombuis toe gestap. Later het sy kom vra of hy wil koffie hê.

"Ou Paula," sê Jefrey, "daar's darem min dinge so lekker as om jou skouers oop te maak en die bal so bietjie lug te gee." Hy verander sy greep effe op die drywer en neem nog 'n oefenhou. "Net om hier te kan stap, is eintlik al vir my genoeg." Hy beduie met die gholfstok in die rigting van die watergate tussen die vierde en vyftiende putjie. "Kyk net daardie bleshoender en haar kleintjies."

"Yes," sê Paul. "I think they want us to tee off now. Ons moenie die Boere laat wag nie." Hy lag in die rigting van twee mans wat uit die klubhuis se rigting na hulle toe aankom. "Hennerik," sê hy en lig sy kep.

"Jefrey, Paul," groet Hennerik terug. Hy blaas effens. "Kan ek julle voorstel? Hierdie is my swaer, Sakkie van der Vyfer,"

sê hy. "Hulle is 'n bietjie hier op vakansie."

"Aangenaam."

"Bly te kenne."

Almal skud blad.

"Ek sien julle is ook 'n tweebal, sal ons nie sommer saam stap nie?" vra Hennerik.

"Why not," sê Paul.

Wanneer almal afgeslaan het, stap die caddies vooruit met die gholfsakke.

"Ek verstaan jy's van Montagu," sê Jefrey aan Sakkie van der Vyfer. Hulle balle lê albei links van die skoonveld in die ligte rof. "My neef boer in daardie geweste. Japie Rousseau, ken jy hom dalk?"

"Nee, maar ons is nog nie lank op die dorp nie, ons is eintlik Transvalers."

"O, die Badlands."

"Dis maar nog vreemd vir ons, al die dinge en sê-goed van die Klein Karoo. In Gauteng is die mense mos meer straight-forward."

"Jy moet dit nie vir die Klein Karooers sê nie." Jefrey lag effens. "Hulle glo ook dat hulle uncomplicated is, maar." Hy buk om sy bal te plaas.

"Ja, ek het al agtergekom. Op Barrydale vertel hulle my dat in die Vrystaat kry mens die bo-grond (dis nou die mielies en so), in die Transvaal is daar die ondergrond (die myne) en in

die Kaap, sê hulle, 'het ons die agtergrond'."

"Hulle sal so sê, ja."

"Het jy nie dalk my bal gesien nie?" vra Sakkie. "Hierdie caddy van my is sweerlik blind of iets - ek moet self al my balle merk."

"Ek het 'n pel op Oudtshoorn, Douw Steyn, groot storieverteller. As jy nog 'n ruk op Montagu bly, sal iemand jou wel van hom vertel."

"Ek het al die naam gehoor," sê Sakkie.

"Een van die stories wat hy vertel, is van sy oom wat met 'n sirkus deur Namibië getoer het. Van sy werkers raak toe opstandig en hy was nie 'n man wat twak van enigiemand gevat het nie - hy was immers die sterkman in die sirkus. Hy laat toe die voorbok met sy kop onder die lorrietjie se wiel lê, om hom bietjie skrik te maak."

"Sjoe."

"Anyway", sê Jefrey, "toe glip die lorrie se handbriek en daar ry dit bo-oor die arme ou se kop."

"Dammit."

"Dis nou seker baie lelik, maar dis vir my so mooi hoe hy dit stel: Hy sê sy oom het altyd die storie klaargemaak met dieselfde woorde: 'Gaar gort swaer Douw, daai Owambo se kop klap soos 'n kanonskoot'."

"Sjoe, dis 'n bietjie grusaam vir my bloed," sê Sakkie.

"Ja, ek skat so. Maar jy moet eintlik vir Paulie vra. Hy ken

vir Douw baie beter as ek. Hy sal dié storie dalk anders vertel." Jefrey sak af in die bunker en sê dan oor sy skouer, "Ek vergeet altyd die snaaksste stories."

Die bal hang hoog in die blou middaglug en verdwyn dan agter 'n knop; agter 'n lappie soetdoringbome.

"Shit," sê Jefrey.

Dit begin reeds skemer raak wanneer hulle gholfskoene op die gruis buite die klubhuis kraak. Die veraf mynhope brand rooi in die laaste lig en 'n effense rookreuk kom oor die baan gewaai. "'n Passionfruit en lemonade, ek gaan net gou stort," roep Sakkie van der Vyfer agter die ander aan wat reeds by die trappies van die kroeg op is.

"Het jy tot bekering gekom, Sakman?" lag Hennerik.

"Nee, ek is net dors," antwoord Sakkie, maar Hennerik het reeds in die kroeg verdwyn.

Na sewe is dit regtig lekker om die kroeg. Almal praat, rook, drink en eet klein pakkies kaas-en-uie chips - die heerlike geur van bier hang dik in die lug.

'n Paar kêrels kom in en vertel dat hulle die laaste drie putjies met nege-ysters moes speel. "Dit was net te fokkin donker," lag een, "sewentien houe op die laaste gat."

By die tafeltjie in die hoek waar Jefrey-hulle op sagte stoele sit, lag hulle saam vir al die grappe.

"Paula, jy moet vir Sakkie van Douw Steyn vertel," sê Jef en kyk na Paul, "daar is mos 'n paar lekker stories wat jy ken."

"Ja, shame, die arme ou se vrou het hom nou gelos."

"Vir 'n ander ou?"

"Nee Here! Hy en daai pel van hom, Ryno, jy onthou hom nog, ek het hom Rhyno genoem, hulle het saam net te veel kak gemaak." Paul proe aan die whisky wat die swart waiter voor hom neergesit het. "Ja manandi madot," sê hy en skuif 'n hopie kleingeld in die rigting van die kelner se skinkbord. "Mahala," sê hy.

Die kelner glimlag. "Thank you, Mr Paulie."

Paul draai weer terug na Jefrey. "Daai Oudtshoorn boys kan maar lekker suip, hoor. Die ergste van die hele storie met sy vrou, vertel Douw my, is toe hy en Ryno een Saterdag by die huis aankom en daar is al die banke wat voor die TV gestaan het net weg. 'Toe moes ons soos plaasvolk op die vloer sit en rugby kyk,' vertel hy my - dis 'n funny chap daai Douw Steyn."

Jefrey kyk deur die groot ruite na ligkolle wat deur die spreiligte op die parkeerterein gegooi word. Hy staan op. "Sorry chaps," sê hy, "maar ek het vir my vrou gesê ek sal voor agt by die huis wees."

"Nee," sê Hennerik, "drink nog 'n laaste doppie. And Paul, you stop telling such scary stories, you hear."

"Sorry boys, kom maak maar môreaand 'n kap by my," sê Jefrey en tel sy baadjie op. Daar is nog 'n sluk of twee bier in die glas wat hy op die tafeltjie agterlaat.

Op die parkeerterrein is dit stil. Jefrey sit sy gholfsak in die kattebak en gooi sy baadjie langs die babastoeltjie op die agterste sitplek. Vir 'n oomblik sit hy stil, haal dan 'n suiglekker uit die asbakkie en draai die papiertjie tussen sy vingers los.

Hy sou graag wou laat slaap die Saterdagoggend, maar die kinders moet by die skool afgelaai word vir rugby en netbal. Anne het die kleintjie dokter toe geneem. "Sy bors raas en dis so moeilik om 'n afspraak in die week te kry," het sy die vorige aand gesê.

Na hy die kinders langs die oranje en wit skoolbus afgelaai het, kom slaap hy weer vir 'n halfuur en neem daarna 'n vinnige stort.

Hy stoot die petrolgrassnyer uit die garage en stel aan die vonkprop - die masjien sukkel deesdae om te vat. In die hoek van die garage staan 'n geknakte putter. Hy tel die onderste helfte op en weeg dit tussen sy hande.

Hy het die putter op 'n special by die Pro-Shop gekoop. Anne was befok daaroor, het hom vir twee dae aanmekaar uitgekak omdat hy so met geld kan mors. Dis net daai tyd van die maand, het hy homself probeer troos, maar op die derde dag het hy ook sy moer gestrip en die putter oor sy knie gebreek.

Shit, dink hy, wat 'n skade.

Hy begin in die agterplaas - stoot die grassnyer op en af, op en af langs die lappie perskebome. Die masjien dreun in sy ore terwyl hy agterna loop. Die takke van die perskebome is witgekak deur die spreeus.

Een of twee keer stop hy om 'n sigaret te rook of om met sy elmboë op die vibracrete-heining te leun. Die huis langsaan staan steeds leeg. Die vertrekke lyk koel en donker deur die gordynlose vensters.

Hy is klaar met helfte van die voorste grasperk wanneer Anne van die dorp af kom.

"Hallo," sê hy en neem 'n pakkie by haar. Hy vryf deur die kleintjie se hare. "Wat sê die dokter?"

"Dis 'n allergie. Hy het lank met my gepraat." Sy stoot die voordeur oop.

"Ek maak net gou hier klaar, dan kom luister ek," sê Jefrey.

"Ek sal in die kombuis wees," sê Anne.

"Ons eet verkeerd - almal van ons," sê Anne.

Jefrey kyk na die groente, vrugte en kruie wat op die kombuistafel lê. Hy maak die yskasdeur oop en haal 'n bottel vrugtesap uit.

"Luister jy na my?" vra Anne.

"Yes."

"Bruce sê dat Jonathan allergies is vir volroommelk. Hy het my die naam van 'n ander soort gegee wat ek moet koop." Die

kleintjie sit in sy hoë stoeltjie en kap met 'n blou plastieklepeltjie op die skinkbord voor hom. "Hy stem saam met daardie tydskrifartikel wat ek gelees het."

Jefrey haal 'n glas uit die kassie bokant die opwasbak.

"Hy sê dat 'n mens allergies vir iets kan wees sonder dat jy dit ooit weet."

"O," sê Jefrey.

Vir middagete eet hulle tunaslaai en jogurt.

"Ek maak maar iets kleins, die kinders sal sommer hotdogs by die sport kry," het Anne gesê. "Ons moet in elk geval gesonder eet."

Na middagete sê Jefrey dat hy gou gaan sigarette koop. Hy koop ook 'n pakkie Clorets en 'n hamburger wat hy sommer in die kar sit en eet.

By die huis is Anne besig om op te was. "Jy moet saggies wees, Jonathan slaap," sê sy.

Jefrey gaan lê in die TV-kamer met 'n boek.

Buite brand die middagson oor die koeltebome. Die swembadpomp brom in die agterplaas. Later skop hy sy skoene uit.

Jefrey word wakker wanneer Anne aan sy groottoon raak.

"Lekker geslaap?" vra sy.

"Ja-a," sê hy en vryf oor sy oë. "Hoe laat is dit?"

"Dis amper halfvier, jy moet die kinders by die skool loop

haal."

"Ja, ek sal nou gaan - wil net eers behoorlik wakker word."

Sy gaan sit met haar tydskrif in die son. Die reuk van naelpolitoer hang deur die hele huis.

Hy moet vir 'n minuut of tien wag voordat die bus opdaag. Nog ma's en pa's sit in hul motors in die straat voor die skool. Oorkant die pad luister iemand na 'n rugbywedstryd oor 'n radio. Sy seun is hees gesing en sy meisiekind hees geskreeu.

"Kan Ilse maar vanaand by my kom slaap?" vra sy meisiekind, "en Danie by my?" vra sy seun.

"Ek weet nie," sê hy, "julle ma is moeg en Jonathan is siek. Julle moet maar vir Mamma self vra."

Die kinders is stil in die motor op pad terug huis toe.

Jefrey sit by die groen draadtafel in die agterplaas terwyl die kinders die dag se son en sport van hulle lywe afspoel. Hulle ma het toe "nee" gesê, "eerder 'n ander aand," het sy gesê en nou speel hulle maar met mekaar.

Die een wat *aan* is moet die ander een met 'n tennisbal probeer raakgooi - meer as een keer sê hy: "Versigtig!"

Wanneer die ruit breek, gaan haal hy 'n besem en 'n skoppie. Anne, met Jonathan op die arm, skreeu op die kinders, en wanneer die meisiekind wil kom help, waarsku hy dat sy haar voete gaan sny.

Hy hoor glad nie die voordeurklokkie lui nie.

"Wat het hier gebeur?" vra Hennerik en tel 'n skerf glas van die sement af op.

Jefrey kyk in die rigting van die kinders.

"O," sê Hennerik. "Ek hoop nie ons het op 'n moeilike tyd gekom nie."

"Nee, nee, nee, dis fine. Kom sit." Jefrey steek sy hand na Sakkie van der Vyver toe uit. "Sakkie, hoe gaan dit? Kuier julle nog lekker?"

"Ja man, ons het jou gisteraand gemis toe jy waai," sê Sakkie. "Kan ek jou voorstel aan my vrou Igna?"

"Hallo." Daar word oor en weer gegroet en gevra wie wat wil drink. Hennerik drink whisky, die res is gelukkig met wyn.

Binne die huis hoor Jefrey vir Jonathan huil. Anne staan in die kombuisdeur.

"Maak julle tuis, ek is nou weer hier," sê hy.

In die kombuis sit die kleintjie in sy hoë stoeltjie. Sy gesig is rooi gehuil.

Jefrey tel hom op en kyk na Anne wat nou die kombuisdeur agter haar toegetrek het. Buite kan hulle die mense hoor praat.

"Ai Lovey, ek het vergeet dat ek hulle gisteraand oorgenooi het."

"Ek moet nog kos maak en die kind." Sy kyk na Jonathan.

"Ek sal vir ons gaan Kentucky kry."

"Ja," sê sy, "en die ruit? Dit kan nie net só bly nie."

"Ek sal iemand uitkry, moenie worry nie."

Die voordeurklokkie lui.

"Dis seker nou Paul," sê hy. "Hulle sal nie lank bly nie, ek belowe."

Anne loop woordeloos voordeur toe. "Hulle is hier agter," hoor hy haar sê.

Dit is koel in die kombuis.

Anne het die kinders kom roep om te kom bad. Later het sy ook die kleintjie by Jefrey kom haal.

"Het hier nog nie nuwe mense langsaan ingetrek nie?" vra Hennerik. "Shame, dit was darem sad van Jans-hulle."

"Nee," sê Jefrey. "Die myn hoef hom darem nie so gou uit te gesit het nie. Dis nie lekker nie "

Almal is vir 'n rukkie stil, dan sê Hennerik: "Sakkie, wil jy nie gou vir Jef jou gat gaan wys nie. Hel, ou pel, jy moet daardie ding sien. Ons twee gesinne gaan mos volgende week saam in Namibië jag."

"Die kinders sien so uit daarna," sê Igna.

"Ek gaan haal dit sommer gou," sê Sakkie, "dis in die kar se boot."

Terwyl almal vir Sakkie sit en wag, gaan lê daar 'n stilte oor die water van die swembad. Hennerik rinkel die ys in sy glas

en Igna trek 'n los rafel uit haar bloes. "Ai, weet jy," sê sy.

"Net verlede week," sê Jefrey en beduie met sy hand oor die plat water, "net verlede week het ek 'n pofadder hier in die swembad gekry."

"Ot," sê Hennerik.

Igna se voet, wat nog heeltyd op die sement bly tik-tik het, lig effens hoër. "Waar kom die slange vandaan?" vra sy.

"Ons is mos hier teen die koppies. Veral in die somer is hulle geneig om deur die heinings te kom."

"Soek seker water. Hoe het jy die ding toe uit die weg geruim?" vra Hennerik.

"Ek het maar die polisie gebel om hom te kom skiet. Anne was amper histeries."

Na Sakkie die dertig-nul-ses uit sy sak gehaal en die scope aangeskroef het, gee hy dit vir Jefrey aan.

"Mooi nè?" sê Hennerik.

"Mooi ja," sê Jefrey en streel oor die graveerwerk op die slot. Hy druk die kolf teen sy skouer.

Die geweer voel lekker in sy hande.

Dis net die regte gewig, reken hy.

# SEEBOEI

(Met dank aan Etienne
wat vir my die storie agter dié storie vertel het.)

Jiles-hulle gaan sit amper elke aand na werk op die stoep van die Beach Hotel. Buite seisoen is dit okay, want dan is daar baie parkeerplek. Binne seisoen is dit ook okay, want dan is daar mooi girls wat op die sypaadjie verbyloop.

Net Eddie weier om saam te kom as dit seisoentyd is. Hy het 'n absolute haat in skreeuende kleintjies met toffieappels en draairoomyse. "Jesus guys, kyk net hierdie mooi Indian Ntombi - wie mis nóú die somer," sê hy wintermaande wanneer die pêre effe mistroostig raak en oor hul vroue begin praat. "Come on!"

Dan word daar gewoonlik 'n bietjie gestry: Jiles sê hy mis die Zoeloe in sy tuxedo wat vir die Pretorianers *Shosalosa* sing en Eddie sê hy's befok in sy kop; Riem kla omdat dit so vroeg donker raak en Dave sê: "Yes, you can kill a song by singing it too many times."

Wanneer hulle later weer op die topic van die vroue kom, is almal sterk genoeg om nie té veel spoed te verloor nie.

*

In die somervakansie kry Eddie 'n hartaanval. Hy was op pad huistoe en het in spitsverkeer vasgehak. Die karre agter hom het hul toeters gedruk. 'n Man met 'n pienk T-shirt en 'n goue

ketting om sy bruingebrande nek het met 'n stuk spookasem beduie.

Eers toe 'n vrou met 'n baba aan die skreeu gaan, het die ander motoriste ook gesien hoe blou Eddie se gesig is - twee dae later het hulle die masjiene van hom afgehaal.

*

Die wind het opgekom oor die donker see, en hulle was op pad om maar huis toe te gaan toe Dave voorstel dat hulle "one bloody last" drink.

Niemand het beswaar gemaak nie.

"I don't know," sê Dave, "hoekom dit so shitty is nie."

"Shitty?"

"To go home, man."

"Ek dink dis die stad," sê Riem. "Toe ons nog op die plaas gebly het, het ons ook maar in die Boereklub gesuip, maar dit was altyd okay om huis toe te gaan."

Jiles pluk-pluk aan 'n haartjie in sy neus. "I wouldn't know," sê hy. "Ek het mos maar in die suburbs grootgeword."

"Maybe is dit iets met ouderdom. Vroeër was dit makliker om iemand oor te nooi vir 'n dop, of 'n braai, of so - nou is dit net soveel effort," sê Dave. Sy gladde voorkop glim van rooi na blou, na groen, soos wat die gekleurde liggies in die seewind swaai.

"Ja, effort, maar dan kom ons maar net weer terug by daai ou

topic."

"Mmm," sê almal gelyk.

"Vanaand, as ek daar instap, dan is amper al die ligte al af," sê Jiles. "Margi en die kids kyk TV, die kos is in die lou-oond en as ek klaar geshower het, dan is hulle al op pad bed toe. I mean for fuck sake. 'It's to conserve electricity,' sê sy vir my. 'Who pays the goddamn bills?' wil ek weet."

"Dis 'n kak ding, so 'n donker huis," sê Riem.

Skielik begin Dave te lag - die ander twee kyk vir hom - hulle wil weet hoekom hy lag. "It's the funniest thing," sê hy en verstik amper aan sy wyn. "Vanoggend voor ek werk toe ry, toe sit ons by die breakfasttafel en Janine kyk so vir my. You know that look, daai lippie wat so dun raak."

"Too well."

"Anyway, sy ramble toe weer daai ou storie van te min tyd met die kids spandeer en sy het ook tyd vir haarself nodig. Jap, jap, jap, the whole fucking routine."

"Ag Here," sug Riem. "So what did you tell her?"

"Die char kan 'n ekstra dag 'n week kom en ek sal vir Jimmy op 'n fishing trip vat."

"Maar wat was dan so snaaks?"

"The funny part is, dat toe sy so rant en rave, toe lyk sy vir my kompleet nes 'n klein Labrador. Ek het nooit besef hoe rond haar neusgate rêrig is nie."

"Jesus," sê Jiles.

"Janine *het* 'n bietjie van 'n diet nodig," sê Riem.

Hulle bestel nog 'n bottel wyn.

"Jou eks was darem nog altyd heel pretty; maer en alles," sê Dave en kyk na Riem wat besig is om 'n coaster in dun repies te skeur.

"Vinger in haar keel gedruk," sê hy. "Ek het dit natuurlik eers later agter gekom, toe ons al amper uitmekaar was. Dit was vir my altyd die weirdste ding: as ons plaas toe ry, dan koop sy 'n pakkie buns; net so droog het sy dan al daardie buns opgeëet. Vier of ses - unbelievable."

"Dan as julle anderkant aankom, dan werk sy hulle weer uit."

"Ja, die sielkundige sê dit kom van haar pa af. Altyd as sy so links van sy bene kom staan het, het hy haar anderkant toe oorgetel en so. Ek weet nie of dit 'n kakstorie of wat is nie - I don't know - fok dit, dis verby."

Toe die waiter met die wyn kom, vat Jiles die kurktrekker by hom. "Now is the winter of our discontent, made glorious summer by the popping of this cork," sê hy. Hy sukkel effe om die kurk uit die bottel te kry.

"O Here, Menere, hier gaat ons al weer," lag Riem en kyk na die waiter. "You know, one of his teachers bliksemed Shakespeare into him, good. Dagu shia!"

"Okay," sê die waiter.

"Pleks hy hom eerder gewys het hoe om ordentlik 'n bottel

oop te maak."

Die kurk skiet uit. "Ha!" sê Jiles en gee die kurktrekker aan die waiter terug. "Next time you can do it."

"Waarop drink ons?" vra Riem.

"Eddie, let's drink to Eddie," sê Dave en druk sy sigaret in die asbak dood.

"Op Eddie!" sê almal en maak hul glase leeg.

Hulle staan en kyk oor die vaal strand. Die wind is besig om te gaan lê. In ruil vir 'n take-away-botteltjie het Jiles vir die waiter 'n tienrand-tip gegee.

"Hier kan ons nie sit nie, dis te nat," sê Riem. Sy pak klere klou taai om sy skouers. "Come on guys, let's call it a night."

"Nie 'n naai nie," sê Jiles. "Kom, ek het nie verniet vir hierdie baby betaal nie." Hy druk die bottel wyn onder sy arm in en klim van die loopvlak tot op die nat sand. In sy voetspore vorm klein poeletjies.

"Why not!" lag Dave en sink amper tot by sy enkels in die sand weg wanneer hy ook van die loopvlak af spring.

"Ag Here, die fokkin souties het weer mal geword," sê Riem. Met die see wat in hul ore dreun, maak hulle beurte om te drink.

"Kom," sê Dave en trap oor die eerste brander. Hy voel nie meer die water om sy sokkies nie. Die ander twee plas agterna.

Eers as die water onder hul arms raak gaan staan hulle weer.

"To pee, or not to pee: that is the question," sê Jiles en

laat die leë bottel tot ver oor die swart see sing.

"To pee in the sea," sê Riem en dan is hulle vir 'n ruk lank eers weer stil. 'n Ent voor hulle in die donker wieg 'n oranje seeboei op en af in die deining. Hulle trek die seelug tot diep in hul longe. Dave voel na die pakkie sigarette in sy baadjiesak en lag saggies. Niemand vra hoekom hy lag nie. Wanneer hulle eindelik omdraai om na die skyline van die stad te kyk, sê Jiles: "This must be Africa."

"Ja," sê die ander twee pêre.

# HUISVROU

Op vyf-en-dertig het Tersia in die oggende opgestaan om vir haar man en haar twee kinders ontbyt te maak. Op dae wanneer die char nie ingekom het nie, het sy gestofsuig en klere gestryk. Wanneer sy uitspattig sad gevoel het, het sy saam met 'n vriendin aan van haar man se likeurs gesuig of alleen 'n lang ent met die motor gaan ry. Sy was nie 'n ongewone vrou nie.

Dit was waarskynlik in Maart of April - een van daardie maande in die Kaap wat 'n mens nie heeltemaal seker van die seisoen is nie - dat sy begin dink het.

Die char was besig om die kombuisvloer te poleer: zoem-zoem het die masjien oor die blokkies van die vloer beweeg; die hele huis was vol van die reuk van gestrykte klere en buite het dit gereën. Tersia het die radio eers harder gedraai en dit toe afgeskakel. Sy het met 'n houtlepel pampoen op die stoof geroer. Daar het nie, soos op mooiweersdae, swawels op die wasgoeddraad gesit nie.

"Ek is nou klaar, Mevrou," het die char gesê.

"Goed, Molly," het Tersia geantwoord. Sy het die vrou betaal en daarna die agterdeur gesluit.

Sy het deur die huis gestap. Plek-plek het het sy aan 'n meubelstuk of aan 'n kas se deur geraak - haar hand het effe langer as nodig aan die gladde, wit gangmuur gevoel. Dit was net te warm in die huis.

Tersia het op die rant van die dubbelbed in die hoofslaapkamer gaan sit. Op die sinkdak het die reën in buie géval. Die slaapkamer se lig was nog aangeskakel. Deur die gaasgordyntjies voor die venster was alles buite groen en grys. Sy het opgestaan en die spieëltafel se stoeltjie tot voor die groot hangkas teen die muur geskuif. Bo in die kas was koekblikke en albums vol ou foto's.

Sy het sommer op die mat voor die kas gaan sit en een vir een die foto's uitgepak. Later was selfs die bed vol foto's.

Sy het die boonste knoop van haar hemp losgemaak. Met haar vingerpunte het sy aan die klein krakies in haar nek gevoel.

Toe sy haar man se motor voor die huis hoor stilhou, het sy weer opgestaan.

Die volgende dag skyn die son.

Tersia word wakker toe haar man haar op die voorkop soen. "Haai," sê hy.

Sy kyk na die wekker op die bedkassie. "Ek het verslaap."

"Ek wou jou nie wakker maak nie, jy't so vas geslaap." Hy gaan sit op die bed langs haar. "Ek het sommer vir die kinders Rice Krispies gegee."

"Dankie," sê sy.

'n Hele ruk na hy en die kinders reeds weg is, hang die reuk van sy naskeermiddel steeds in die vertrek.

Tersia stoot die skuifdeure oop en trek vir haar een van die

draadstoele tot in die son langs die swembad. Onder die skadunet langs die ingeboude braaier is dit eenvoudig nog te koud - sy haat die reuk van ou vet wat daar tussen die voeë van die bruin keramiekteëls ingetrek het.

Terwyl die son op haar voete bak, drink sy tee. Sy besluit om vandag die beddegoed te was - gewoonlik laat sy dit vir Molly. Aan die anderkant van die vibracrete-heining luister iemand na 'n kerkdiens oor die radio. Die gemeente se psalm word vir 'n oomblik oordonder deur 'n boeing - hoog in die blou lug. Die vliegtuig se skaduwee beweeg stadig oor die klein grasperk en die swembad, en gly dan weg oor die heining. Sy draai haar gesig op soek na 'n silwer skittering in die strale van die son.

Die sementvloer van die waskamer is koel onder haar kaal voete.

Vir 'n oomblik staan sy voor die oop wasmasjien en laat skiet dan een vir een die knope van haar naghemp. Haar duime glip onder die rek van haar kleinbroekie in en sy laat dit tot op haar voete val. Warm lug uit die tuimeldroeër maak klein druppeltjies op haar wit vel. In haar maag pluk 'n opgewonde spiertjie. Sy haal diep asem: ruik Staysoft, Blue Surf en wanneer sy deur die deur van die waskamer tot in die wintersonnetjie loop, ruik sy ook spek en eiers. Die radio anderkant die muur is stil.

Sy skrik toe sy die voordeurklokkie hoor en stap vinnig na

die slaapkamer om 'n japon aan te trek. Eers nadat sy die veiligheidsketting opgesit het, maak sy die voordeur oop.

"Môre missies," groet 'n vrou met 'n babatjie in 'n kombers op haar rug. Die seuntjie wat saam met haar loop, het 'n halfvol swartsak in die hand.

"Yes?" sê Tersia en kyk verby die seuntjie na waar 'n vrou oorkant die straat Pick & Pay-sakke uit die kattebak van 'n motor laai.

"We come collect. Ons wil net weet of die missies nie dalk ou klere vir ons het nie. Dit raak winter."

"Ek het 'n vrou wat vir my werk - ek gee sommer vir haar die goed wat ons nie meer wil hê nie."

"Dankie," sê die vrou en draai om. "Hossala," sê sy wanneer die seuntjie met die swartsak steeds bly staan.

"Wag," sê Tersia en druk die deur toe om die veiligheidsketting te laat skiet. "Wag net hier," sê sy.

Wanneer sy die hangkas oopmaak, kry sy weer die reuk van haar man se naskeermiddel. Sy trek aan 'n das wat skeef om die nek van een van die hangers gedraai is - in haar maag spring weer 'n spiertjie. Haar vingers glip oor die opgestopte skouer van 'n sportbaadjie.

Onder die opwasbak in die kombuis kry sy 'n rol swartsakke. In die eerste sak pak sy 'n paar kraaghemde, twee langbroeke en 'n windbreaker. Die tweede en derde sak maak sy vol van haar eie klere.

"Sal julle dit kan dra?" vra sy wanneer sy die sakke voor die vrou neersit.

"Thank you, thank you, baie dankie missies - ons sal sommer dit maklik dra."

Toe hulle al op die sypaadjie is, roep Tersia: "As jy volgende week weer kom, sal ek nog goed vir jou hê."

En só het dit dan begin.

Wat? Die ding met die klere en die potte en die toaster?

Nee.

Die affair met die sielkundige?

Nee.

Dié terugkom na alles? Die regmaak van die dakteëls? Die?

Nee.

Wat dan?

Wag.

My jirre jessis, wat gaan aan met Tersia?

Wag baby, sjjjj. Moenie so oorhaastig wees nie.

*

"Jy't nie dalk my blou baadjie gesien nie?" sê Tersia se man en maak nog 'n kasdeur oop.

"Nee."

Hy klap die kasdeur toe. "Nee, o dôner," sê hy, "dinge kan mos nie net so aanmekaar wegraak nie."

Sy trek die punte van haar hemp se kraag nader aan mekaar, stywer om haar keel.

"Is jy in die oggende hier as Molly skoonmaak?"

Die hemp draai al stywer om haar duim. Haar keel voel warm, haar slape heerlik koel. In haar ore zoem 'n poleerder. Die mat is sag teen haar wang. Die gaasgordyn voor die venster roer effens in 'n Saterdagoggendbries.

"Ek wil hê jy moet 'n sielkundige gaan sien," sê haar man daardie middag na die dokter reeds weg is. "Die kinders. Mens kan nie so aangaan nie."

Sy kyk na die koel, wit plafon.

"Ek het in die kombuiskaste gekyk. Fok," sê hy.

Haar oë draai in haar kop.

"Sorry," sê hy en draai weg.

"Wat het jy met al die goed gedoen?" vra hy later.

*

Vir drie maande sien Tersia 'n sielkundige. Elke Woensdag sit sy in 'n leerstoel en draai in die rondte terwyl sy hom vertel van die vrou met die swartsakke; die een wat so lekker kan lag. "Soms nooi ek haar in vir tee," sê sy, "die kleintjie wat altyd saam met haar is, speel langs die swembad. Toe my kinders kleiner was," vertel sy.

Vir een of twee sessies kom haar man ook in, maar dit werk net nie. "Lekker aftershave wat jy aan het," sê hy vir die sielkundige, en "Sorry Ters, maar ek het eenvoudig nie die geduld nie," sê hy later vir haar wanneer hulle weer by die huis kom. "Ek bedoel, jissis - waarvoor betaal 'n mens?"

Maar sy gaan tog weer terug. "Hy raak beter," sê sy vir haar sielkundige. "Miskien, ek weet nie."

"So," sê hy soms wanneer sy stil raak, "hoe voel jy wanneer jy so deur die huis stap?"

"Jy bedoel wanneer ek my klere uittrek?"

"Ja."

Sy vertel hom en hy luister, want hy maak aantekeninge in 'n lêer wat voor hom lê. Sy maak haar hart vir hom oop.

En, op 'n wintersdag, terwyl 'n chloordop op die swembad dobber, maak sy, agter geblomde gordyne, ook haar bene vir hom oop. Dit kan soms koud wees in die Kaap.

Stadig.

Fok dit!

*

Hulle staan voor die ingang van die kerk - sy, haar man en haar kinders. Die fotograaf is besig om sy kamera op te stel.

Haar dogter is 'n mooi bruid. Die bruidegom glimlag breed -

hy noem haar, effens selfbewus, vir die eerste keer "Ma". Haar man klop sy jong skoonseun op die skouer.

Almal lag wanneer die kamera sê kliek.

Daar is diep lyne aan weerskante van haar mond en fyn plooitjies om haar oë - 'n mens kan dit op amper al die foto's sien.

Sy hak by haar man in. Hy maak die motor se deur vir haar oop. Die son val deur die blare van die akkerbome. Dis maar soos dit is - daar's niks meer oor te sê nie.

# GRENSDRAAD

Niemand praat eintlik meer daaroor nie - dit lê agter hulle. Ewie plant deesdae tamaties op die plot en Gwen bak uit. Saam met die pakketgeld doen hulle eintlik goed en was selfs verlede jaar vir 'n week Taiwan toe. Hulle het 'n videomasjien en goeie vriende en een maal 'n jaar kom kuier die kinders uit die Kaap.

Goed, Gwen gaan nog gereeld om blomme op die graf te sit en Ewie kon homself nog nooit so ver kry om die scrambler onder die afdak te verkoop nie, maar hulle is okay. Mens kan tog nie op een plek stilstaan nie.

*

Die nag was mooi en oop. Die karre het op die gruis voor die garages en selfs die grasperk volgestaan - daar was net 'n dun lagie dou oor alles. Deur die laning dennebome teen die pad kon mens elke nou en dan die blou skynsel van 'n vragmotor se ligte sien, en in die huis het harde musiek gespeel.

Toe Johannie met sy armyboots oor die stawe van die motorhek tree, het hy eers vir 'n oomblik gaan staan om na die werf te kyk. Die muurtjie tussen die windpomp en die voortuin was nuut en hy kon deur die blou maanlig sien dat die vlei agter die huis bykans opgedroog het.

In een van die vensters van die sitkamer het 'n vrou gesit.

Tussen haar vingers was 'n lang sigaret en sy het met haar ander hand iets aan iemand agter die gordyn beduie.

Toe het die honde om die hoek gekom: eers die twee worsies en daarna ook die bulldog. Johannie kon braaivleis in die lug en op die honde se asems ruik. Hy het nie probeer keer toe hulle hom in sy gesig en in sy nek en om sy ore gelek het nie.

Die musiek uit die huis het teen die nuwe heining weerkaats. Johannie het vir 'n ruk plat tussen die draaiende honde bly sit. Eers toe hy die dou deur die broek van sy browns voel slaan het, het hy opgestaan en links om, verby die afdak, om die huis gestap. Onder die afdak het die seil wat oor die Scrambler gegooi is 'n lang skaduwee getrek. Hy kon olie uit die masjien ruik en was skielik bly dat hy by die huis is.

Sy ma het hom eers gesien toe hy aan die kombuisvenster klop. Sy was besig om 'n pot af te droog en het geskrik toe sy die geluid teen die venster hoor. "Johannie," het sy gesê en haar oë het geblink. Hy't haar deur die oop ruit gesoen, en toe sy die agterdeur vir hom oopmaak, het hy sy balsak van sy skouer laat sak en dit op die novilonvloer neergesit. Die lig was skerp in die kombuis. In die wasbak het 'n hoop borde gestaan en op die kassie langs die yskas uitgepakte poedingbakkies en 'n oop houer roomys.

"Kom, jou pa gaan so surprised wees," het sy ma gesê en hom aan die arm gevat, "ons dag jy kom eers môre."

In die gang het 'n vrou voor die toe toiletdeur staan en

wag. "Gwen," het sy begin en toe vir Johannie gesien. "Gots, die verlore seun." Sy het hom gesoen en toe het die toiletdeur oopgegaan. "Kyk wie's hier," het die vrou se wange gelag. Sy het 'n tissue uit haar handsak gehaal en die lipstiffie van sy wang afgevee.

"Hallo Tannie. Hallo Tannie," het Johannie gesê en na die glimmende pers buis van 'n vistenk in een van die donker slaapkamers gekyk.

"Kom," het sy ma gesê.

"Heeeiy!" het die mans in die sitkamer geroep toe hulle vir Johannie sien. Die stoele was teen die mure geskuif, en op die eetkamertafel in die hoek het 'n klomp bottels en glase gestaan.

Ewie was met sy rug na die deur, besig om iets aan die mans voor hom te beduie. Toe hy omdraai, was sy mond vir 'n oomblik sag, en toe het hy gelag.

"Kyk wie's hier. Kyk wie's hier," het Gwen gesê en Ewie het vir Johannie om die skouers gevat. "Sussie!" het hy geroep, "kom kyk wie's hier!"

Johannie het sy pa en sy suster gegroet. "Jy lyk goed, Boeta," het Ewie gesê terwyl die ooms, een na die ander, sy hand kom skud het en die tannies sy wange rooi gesoen het. Die musiek was steeds hard deur die luidsprekers.

"Super trooper!" het een van die vroue wat besig was om te dans in sy rigting geroep. Sy't mooi tieties, het Johannie

gedink en gekyk hoe die vrou aan die hande van haar man swaai.

"Kom ons gaan kombuis toe," het Gwen gesê en hom weer aan die arm gevat.

"Ma-hulle kan maar party," het hy in die gang gesê, "ek moet net eers in 'n fokkin bad klim."

Sy het snaaks na hom gekyk. Dis een van die eerste kere wat hy voor haar gevloek het. "Ek sal vir jou water intap," het sy gesê en die badkamerlig aangeskakel. "Jy kan sommer jou goed in die kombuis los. Ek was môre. Daar is skoon klere vir jou in die buitekamer."

Johannie het die deur gesluit en toe op die bad se rant gaan sit. Hy't eers sy boots en toe stadig sy kouse uitgetrek. Toe het hy eers weer die deur oopgesluit en die boots en sokkies teen die gangmuur neergesit. Na hy sy browns uitgetrek het, het hy 'n handdoek om sy lyf gedraai en ook die klere in die gang gesit. Hy't op sy knieë gegaan en met 'n nat waslap die moddermerk wat sy een stewel op die teëlvloer gelaat het, afgevryf. Hy't gesoek na nog merke, maar daar was niks. Toe het hy die badkamervenster oopgemaak dat die naglug, die reuk van die vlei en die honde, kon inkom. Hy kon steeds die gras, geweerolie en sweet in sy browns ruik.

Eers een voet en toe sy hele lyf het hy deur die skuim tot in die warm badwater laat sak. Vir 'n ruk lank het hy so gelê en toe weer vorentoe gebuk om nog water in te tap. Teen die dak het die gloeilamp 'n lang skaduwee na regs gegooi. Die

geyser het saggies gebrom.

Hy't sy hand onder die skuim ingedruk en die waslap aan sy wysvinger deur die water getrek. Hy kon voel hoe dit al swaarder aan sy vinger rem. Toe het hy die lap oor sy gesig gesit en nog dieper in die water ingesak. Uit die een hoek van die waslap het klein druppeltjies tot in sy mond geval. Hy het die waslap tussen sy tande geneem en gesuig.

Iemand het aan die deur geklop. "Is jy okay daar binne, Johannie?" het hy sy ma se stem gehoor. Hy't die waslap van sy gesig gelig, maar nie geantwoord nie. "Skree maar as jy iets nodig het," het sy deur die deur gesê en twee minute later: "Daar's kos in die oond vir jou."

Johannie het sy hand uitgesteek na die seep op die badrand. Hy't onder sy arms en oor sy rug gewas. Toe het hy die vel om sy pielkop laat teruggly en die seep stadig, al met die rooi lyntjie onder die kop langs beweeg. Hy kon voel hoe sy ereksie groei totdat dit van sy maag af opgestaan en 'n skaduwee van sy eie gegooi het.

Die gaasgordyn voor die venster het effens geroer. Johannie het na die rimpels op sy vingerpunte gekyk en uit die bad uit opgestaan.

In die buitekamer het alles skoon en vreemd gelyk. Daar was 'n deken oor sy bed met 'n klein sjokoladetjie en 'n wit handdoek op die kopkussing. Op die voetenent van die bed het sy ma 'n jean, 'n T-shirt, 'n onderbroek en skoon sokkies vir hom

uitgesit. Hy't aangetrek en na homself in die hangkas se spieël gekyk. Sy skouers het baie groter geword in die tyd wat hy weg was; sy baard blouer. Hy het aan die vlerk geraak van een van die modelvliegtuigies wat van die dak af gehang het en toe die honde geroep.

Saam met die waggelende worshonde het hy agter om die kombuis gestap. Deur die venster kon hy sien dat daar niemand daarbinne is nie. Hy het die agterdeur oopgetrek en geluister na die stemme en musiek in die sitkamer. Ewie het die hi-fi afgeskakel en Gwen was besig om iets op die klavier te speel. "Those where the days my friends," het almal saamgesing - die vroue gemaak skril.

Die oop pak roomys het steeds langs die yskas gelê. Hy het dit en een van die lepels opgetel en weer by die agterdeur uitgeloop.

Op die sementblok langs die windpomp het hy 'n sitplek gekry vanwaar hy oor die laaste poel in die vlei kon uitkyk. Tussen hom en die huis het die riete hoog gestaan, en hy het sy bene lankuit geskop. Hy het teruggesit teen die staalraam agter hom en die roomysboks oopgevou. Terwyl die maan oor die water beweeg, het hy en die honde geëet.

Iemand het van die huis se kant af tussen die rietbosse deurgedruk. Johannie het sy lyf stywer teen die windpompstellasie gedruk en oor die worsies se koppe gevryf.

"Soldier boy," het die vrou met die mooi tieties gelag en oor 'n gebuigde dropper gestruikel. "Ons dag jy slaap al."

"Hallo Tannie," het Johannie gesê en die boks roomys neergesit.

"Laura, Laura, Laura, how many times do I have to tell you soldier boy." Sy het haar hand uitgehou dat hy haar teen die sementblok kon uittrek.

"Laura," het Johannie gesê. Hy kon die suur reuk van drank op haar asem ruik.

Sy het na die roomysboks langs hom gekyk. "So, hier is die culprit. Ons het gewonder of dit jy is."

Hy't die lepel in die pak gedoop en dit na haar toe uitgehou.

Haar oë het blou in haar oogkaste gerol, en toe het sy met die omgekrulde punt van haar tong 'n streep roomys uit die lepel gelek. "God, I'm drunk," het sy gesê en langs hom neergesak.

"Hoe oud is jy?" het hy gevra en die res van die roomys uit die lepel gelek.

"Ek sal met Gwen moet praat, dis mos nie die vraag om vir 'n lady te vra nie."

"Lady?" het Johannie gesê.

Laura het gelag en haar neus het 'n snorkgeluid gemaak. "Okay, I'll tell you, thirty eight, and never been kissed." Sy't weer gelag en die boonste knoop van haar hemp losgemaak. "It's hot," het sy gesê.

"Hot flushes?"

"Comes with the territory," het sy gesê en nog 'n knoop losgemaak. "You don't mind?" het sy gevra en met haar ronde oë na hom gekyk.

Hy't in die rigting van die huis gekyk. "No," het hy gesê. "Ek dink jy't mooi tieties."

"Lord. You do call it, don't you. Miskien moet ons eerder nog van daai roomys van jou eet." Sy't 'n klein beweginkie met haar hand gemaak. "Afkoel, afkoel."

Die worsies het rondom haar voete gesnuffel.

"Hotpants," het hy gesê en met sy pinkie oor die nylon van haar broekspyp getrek.

"Hotpants," het sy gesê. Sy't saggies met haar vingernaels oor die blouheid van sy wang getrek. "God," het sy gesê, "net gister nog was jy 'n baby."

Terwyl sy pinkienael oor die materiaal van haar broek, op verby die goue soom van die belt beweeg het, het haar hand tussen sy skouerblaaie afgesak. Hulle het mekaar se asems geproe en toe het hy haar gesoen.

Haar mond het oopgegaan en haar lyf vorentoe en op beweeg - sy het saggies gesug. Sy hand het oor die rondheid van haar maag beweeg. Op, tot bokant die naeltjie, het sy vingerpunte oor haar vel gevoel - haar tepels was hard en rond deur die gladde materiaal van haar bra.

Toe sy hand agter om beweeg, het sy haar rug krom gemaak dat hy die bra kon losclip.

"No, don't," het haar lippe gevorm toe sy hand afsak tot op haar ritssluiter. "I don't know if we should do this."

"Jy's nat," het hy gesê. Deur die haartjies kon hy die rolling van haar skaamlippe voel.

"Ek het baie gedrink. Too much alcohol." Haar hand het aan sy pols geraak en sy vingers uit haar losgetrek. "Ek sal jou eerder maak," het sy gesê.

Hy het sy hand onder die holte van haar rug ingedruk en haar heupe gelig. Met sy ander hand het hy aan die nylon van haar broek getrek. Die materiaal het begin skeur.

"Ek sal jou maak," het die woorde in haar keel bly hang. Die materiaal het verder geskeur.

Toe het sy haar heupe hoër gelig en haastig die bandjies van haar wit sandale losgetrek. Sy het die broek en kleinbroekie oor haar enkel laat glip en gewag.

Johannie het gesug toe hy haar penetreer. Hy kon voel hoe die warm, nat lippe sy voorvel terugdruk en hoe haar heupe onder hom rol.

Na hy sy saad tot diep in haar lyf geskiet het, het hy stilgeraak. Vir 'n rukkie het haar lyf nog onder hom beweeg, en toe het sy ook haar asem uitgeblaas.

In die lig van die maan kon hy sien hoe haar hemp skeef oor haar skouers hang; hoe los haar bra bokant haar donker tepels lê. Sy hand het stadig oor die bult van haar maag, oor die

litteken van 'n keisersnit beweeg.

"Lord," het sy gesê en met haar vingers deur sy taai skaamhare gevleg.

Hy't haar hand losgewoel en opgestaan. "Die mans kom altyd hier pie," het hy gesê. Op die rant van die sementblok het een van die worshonde op haar opgefrommelde broek gaan lê.

Johannie wou die volgende oggend laat slaap, maar die brom van die geyser bokant die plafon het hom reeds voor sewe wakker gemaak. Hy kon hoor hoe Ewie in die stort sing, tandeborsel, spoeg en later die toiletketting trek.

Hy't sy knieë hoog teen sy bors opgetrek en gegaap.

Die werf was koud onder sy kaal voete. Daar het wasem voor sy mond en oor die vlei gehang.

"Môre," het hy in die kombuisdeur gesê.

"Môre, hoe gaan dit met die soldaat?" het sy ma gesê terwyl sy Rice Krispies in 'n bak gooi.

"Waar was jy dan gisteraand?" het sy later gevra. "Ek het jou in jou kamer gaan soek."

Hy't sy skouers opgetrek.

"Jy't 'n lekker paartie gemis."

"Ek was moeg."

"Ek het jou gaan soek," het sy gesê.

Ewie het ingekom en ook "Môre" gesê. "Sjoe, dis 'n slagveld daarbinne," het hy gesê en met die teelepel waarmee hy sy

koffie geroer het in die rigting van die sitkamer beduie. "Helse paartie wat jy misgeloop het."

Johannie het nog 'n hap Rice Krispies gevat.

"Die koerant is daar binne as jy wil lees," het Ewie gesê.

Johannie het met die papbakkie in sy hand opgestaan. "Ma," het hy gevra voordat hy in die gang af geloop het, "wat het van my skoolbaadjie geword?"

"Die hoof," het Ewie gesê en oor sy koffie geblaas, "het nou so 'n klerebank-projek vir arm kinders begin."

"Jy gaan dit tog mos nie meer gebruik nie," het Gwen gesê. "Klop sommer ook jou suster wakker, asseblief," het sy agterna geroep toe hy al in die gang af is.

*

Die son val deur die agterdeur tot op 'n bak tamaties op die kombuistafel.

"Moet ek nog bring?" vra Ewie en sit sy hoed op die tafel neer.

Gwen roer met 'n houtlepel in 'n groot staalpot op die stoof. "Nee, dis vir nou eers okay," sê sy en vee haar hande met 'n vatdoek droog. "Sit 'n bietjie harder, asseblief my love." Sy wys na die radio en beweeg haar lyf.

Ewie draai die musiek harder en hou dan sy arms uit. "May I have this dance?"

Gwen lag en druk haar lyf teen hom vas. Saam wieg hulle oor

die linoleum, terwyl Gwen saggies sing: "Do you remember when, we used to sing: Sha la-la, la, la, la - sha, la, la ti da?" Sy kyk op na Ewie. "Toe?" vra sy.

"Wat?"

"Do you remember?"

Hy lag, los haar en gaan sit op een van die stoele. "Ja," sê hy.

Sy druk sy ken met haar wysvinger op. "En nou?"

"Het jy geweet," vra Ewie terwyl hy 'n tamatie onder sy handpalm oor die tafelblad rol, "het jy geweet dat Johannie gerook het?"

"Ja man, jy het dan nog na elke pas op die grasperk sy stompies loop en optel."

"Ek het vergeet jy weet," sê hy en sit die tamatie weer terug in die bak. Hy knip sy oë teen die middagson. "God, die aand na ons gehoor het. Ek het vir amper twee ure lank na net een dônerse stompie op daai stuk gras gesoek." Hy kyk op na Gwen. "Wat sou ek daarmee wou maak?"

Sy trek-trek aan sy arm. "Kom," sê sy.

# WOLFRAM

Benji was 'n griller by San Francisco Spur in die Strand. Hy was relatief happy, maar het tog gevoel dat daar miskien iets beter, êrens daar buite, vir hom wag. Elke oggend, terwyl die cleaning girls die matte suig, het hy vir hom 'n koppie koffie gegooi en by een van die tafeltjies deur die Snuffelgids geblaai. Op een so 'n oggend, die manager het nog gekla dat daar nie pepermente langs die till is nie en die eerste bont strandsambrele het teen die see oopgegaan, het hy dit gekry: "SEMI-GEKWALIFISEERDE ELEKTRISIëN - Somerset-Wes Stadsraad".

Hy het opgestaan, sy voorskoot afgehaal, "Fok die pepermente en fok jou," vir die manager gesê en met die koerant onder sy arm by die deur uitgestap.

Hy het nie eens teruggegaan om sy helmet te gaan kry nie.

Jis, hy was opgewonde. Sy suster wat by Old Mutual werk, het hom gehelp om 'n CV te tik en die prinsipaal by die kollege waar hy sy *N3* gedoen het, het vir hom 'n mooi referent gegee. Die interview was ook nie te bad nie en drie weke later het hy voor 'n groen kragboks gestaan om die lesing daarop te meet.

Vroegoggend was hy al in die *van* met 'n clipboard vol jobsheets. Dit was vir hom lekker met die tit-tit-tit van sprinklers op die sypaadjie en die son wat op sy elmboog bak.

Sy ma-hulle se pastoor het gesê hy moet die Here dank vir die

wonderlike job wat "Hy" vir hom gegee het en soms *het* Benji: onder die blou-blou lug terwyl hy sy kaas-en-polonie-toebroodjies vir middagete eet. Hy het diep asem gehaal en geluister na die zoem van grassnyers en die geblaf van honde agter vibracrete-mure. Hy was gelukkig.

Maar tog was daar steeds iets missing.

*

In die aande na werk eet hy gescramblede eier op toast. Hy blaai deur die comics langs sy bed en kyk na die weerkaatsing van die bure se TV teen die flatmuur. Dit is maar kak entertainment en soms verlang hy na Lynn. Altyd, as sy van die vliegtuie af gekom het, het sy by hom kom kuier. In haar handsak het sy vir hom plastic botteltjies met whisky saamgebring. Mooi girl, daai Lynn. Maar dit was lank gelede, toe hulle net klaar met skool was. Benji wonder of sy nog op die vliegtuie werk. Hy maak sy oë toe en kyk hoe sy die proppie van die Bells tussen haar vingers losdraai. Waaroor het hulle nou weer gepraat?

Hy staan op en maak die yskas se deur oop, en weer toe. Hy gaan krap in die gangkas en kry 'n string liggies van die vorige Kersfees - sy ma het nog gevra dat hy die gefusede lampies moet regmaak. Hy draai stadig die koeke uit die draad uit en staan dan weer op om te kyk of daar nie iets lekkers in

die yskas is nie - hy maak die deur oop en weer toe. Daardie laaste comic was nogal snaaks, dink hy, en kyk na die weerkaatsing van die bure se TV teen die flatmuur. Dit is maar kak entertainment.

Hy tel sy baadjie van die tafel af op. Só kan 'n mens darem nie sit en fokkol doen nie.

Eers ry hy strand toe. Daar is baie mense. Deur die geboue sien hy hoe die berg brand. Die berg brand altyd hierdie tyd van die jaar. Hy koop 'n roomys, maar eet dit net halfpad. Hy trek sy skoene uit, maar bly dan tog net op die sypaadjie bokant die sand sit. Dammit, dink hy voordat hy weer sy skoene aantrek en op sy skoeter klim.

Die wind is lekker in sy gesig terwyl hy op ry teen Sir Lowry's-pas. Op pad ry twee brandweerwaens by hom verby - hul ligte draai in die skemer. Die as van die vuur waai hoog oor die kloof en hy besluit om by die eerste uitkykplek te stop. Hy kan die warm wind in sy nek voel terwyl hy uitkyk oor die see. Hy maak sy oë toe en spring. "Jy gaan die bloody bed breek," het Lynn nog gelag - dit was die middag nadat hulle na die ponies by die winkeltjie onderkant die pas gaan kyk het. Toe hy sy oë oopmaak, kom die eerste vliegtuig oor die baai gedraai.

Die volgende oggend staan hy op. Hy eet Rice Krispies ("Snap Crackle Pop") en gaan werk toe.

By die werk praat hulle altyd oor allerhande kak voor elkeen

sy rondtes vat. Pietman Meintjies sê dat iemand die brand hier bo teen die berg gestig het en Japie Menz stuur die nuutste PlayBoy om. "Ja," sê Japie, "afgedankte hotnots wat wil wraak neem op die boere wat hulle gefire het".

"A fire for a fire," sê Pietman en blaai om, "heyyy!"

"Ek hoor vanoggend oor Radio Kontrei die vliegtuigbeacon hier bo is ook in sy moer gebrand. Hulle is glo nou worried dat die jets teen die berg kan vasvlieg."

"Genuine," sê Pietman en kyk by die venster uit.

Benji vat die PlayBoy by hom. Die een girl se oë lyk nogal soos Lynn s'n. Hy kyk lank na die foto.

Daardie dag is maar 'n gewone dag, en die volgende een ook, en die volgende een ook, maar die Vrydag vertel Pietman hom dat Japie op die rooi tapyt was oor rassisme. Van die skoonmakers het glo gehoor hoe praat hy van hotnots en meide en sulke dinge en hulle het 'n klagte gemaak.

"Jis," sê Benji.

"Dis maar bad ja," sê Pietman. "Hy sê daar's 'n kans dat hy sy job kan verloor."

"Ons moet maar ons oë oophou, 'n mens kan nie meer praat wat jy dink nie," sê Benji.

Pietman nooi hom om die aand by hom en sy vrou 'n dop te kom drink. Hulle drink brandewyn tot diep in die nag.

Die Maandag roep meneer Louw die electricians bymekaar en sê

dat Japie vir 'n maand suspend is. Hy trek sy kantoordeur toe en sê dat dit vir hom ook nie maklik is nie. "Ons moet maar versigtig wees met wat ons sê," sê hy, "die ander mense het dit in die verlede nie maklik gehad nie. Hulle is maar fyngevoelig," sê hy.

Benji kyk by die venster uit.

"Jy sal moet help met die liggies," sê meneer Louw en kyk na hom. "Ons is reeds erg kort aan hande."

Daardie aand vat Benji vir sy ma die liggies vir die Kersfeesboom. Sy gee vir hom drie nuwe comics wat sy vir hom by die kilo-shop gekoop het. "Nee, ek het hierdies nog nie gelees nie," sê hy en druk dit onder sy baadjie in, voordat hy weer op sy skoeter klim. "Hulle't vir Japie Menz suspend," sê hy en draai die sleutel in die skoeter se ignition.

"Haai," sê sy ma voordat hy in die pad af ry.

Vir twee weke werk hulle dat hulle kak. Al die bulbs moet gecheck en weer gecheck word. Die boute op die frames moet behoorlik vasgedraai word en daar waar laste gebreek het, moet hulle maar self sweis. "Daar's nie geld vir nuwe goed nie," sê meneer Louw.

Die frames wat klaar is, word teen die een muur van die stoor gepak voordat hulle weer verder werk. "Jissis," sê Pietman en gaan sit eers weer. Hy kyk na die stukke yster en liggies en goed wat nog gedoen moet word. "Ek sê vir jou nou," sê hy, "en

hulle kan my ook maar fire, maar net 'n hotnot pak só."

Benji hou sy vinger op sy mond. "Sjii, man."

"Nee, nee, nee, nee," sê Pietman en kyk na die punt van die stoor waar werkers die eerste frames op 'n bakkie laai. "Kan hulle dan nie dink nie? 'n Mens dink mos: volgende jaar moet ek weer die goed gebruik, maar nee, hulle poes dit net neer, alles bo-op mekaar." Hy haal 'n sakdoek uit sy overall se sak. "Kyk net daai Krismis Vader - die ding is so skeef gebuig mens sou sweer iemand het sy presente probeer steel - 'k sal ook nie te verbaas wees nie."

Benji maak sy oë toe en sit terug. Bells en White Horse, "ingle ells, ingle ells - what is Christmass without J&B," sê die advertensie op die radio. "Ek ken 'n girl," sê Benji, "sy't op die vliegtuie gewerk."

"Air hostess," lag Pietman.

"Jip, sy't altyd vir my botteltjies whisky saamgebring as sy kom kuier het - daai klein botteltjies wat mens op die vliegtuie kry."

"What a babe," sê Pietman en spring op wanneer een van die klokke van die bakkie af gly en op die sement val. "Vyf globes, moertoe," sê hy wanneer hy klaar gaan skel het, "sal jy hier aangaan terwyl ons die eerste goed gaan opsit?"

Teen huistoegaantyd is nog net die heel stukkendste frames oor: twee takbokke sonder horings; die staf van 'n wyse man en die vlerk van 'n engel.

"Ek weet nie of ons hierdie kak gaan regkry nie," sê Pietman. "Kom ons gaan huis toe."

"Ek gaan eers hier klaarmaak," sê Benji. "Miskien kan mens iets hiervan maak."

"Wat de fok," sê Pietman. "Okay," sê hy dan, "ek het 'n vrou wat vir my wag." Hy tel 'n bracket op en laat val dit weer. "Ek was nog nooit op 'n vliegtuig nie," sê hy, "maar dit klink 'n lekker babe - daai een wat vir jou die whisky gebring het." Hy stoot sy vingers deur sy hare. "Kom!" roep hy in die rigting van die werkers, "wil julle 'n lift hê?".

Daardie nag sweis Benji.

Êrens in 'n hoek kry hy nog los ysters en gebruik ook al die laaste fittings en bulbs.

Wanneer die weldingrod te warm raak, gaan staan hy eers buite in die koel naglug en kyk of daar nie vliegtuie oor die baai hang nie. Dan knip hy sy oë 'n paar maal en laat weer die visor oor sy gesig sak. Dis nie maklike werk nie.

"Wat de fok is dit?" vra Pietman die volgende oggend. Hy druk-druk met sy duim teen die frame.

"Kan jy nie sien nie," sê Benji, "staan net terug, man." Sy oë voel droog.

"O, nou sien ek," sê Pietman, "dis 'n moerse ding, hoor."

"Moenie worry nie, ons sal dit kan vas kry," sê Benji.

"I don't know, ons sal maar eers vir meneer Louw moet vra."

"Kak man," sê Benji.

"Weet jy of hulle al ooit daai beacon op die berg reggekry het?" vra Benji wanneer hulle die laaste stelle liggies na die hoofstraat toe aanry. "Daar is mos nou weer 'n nuwe brand op die berg."

"Ek weet nie. Klein Barny het die draadloos van die bedtafeltjie af laat val, nou luister ons nie meer nuus in die oggende nie."

"Kan jy dit nie laat regmaak nie?"

"Ja seker, maar wat, die nuus bly mos maar dieselfde. Marietjie sê net sy mis die musiek. En die weer - hoekom wil vroumense altyd na die weer luister?"

Benji maak sy oë toe.

"Chrismiss!" sê Pietman wanneer Benji se fraim ook op is.

"Mooi nè," sê Benji.

"Ja-a," sê Pietman en hou sy hande agter sy nek terwyl hy opkyk na die liggies bokant hulle. "I'll tell you one thing: mens gaan dit van fokkin ver af kan sien."

Benji kyk na die rye lampies wat blink in die son en lag. "Ja, mens sal dit van ver af kan sien," sê hy.

*

Die eerste mense staan al op die sypaadjie en wag. Die

spietkops reël die verkeer - die hele hoofstraat word afgekamp. Mense in kombi's en karavane pak stalletjies af. "Groot show, vanaand," het meneer Louw gesê, "groot show vanaand. Almal kom die liggies kyk."

Benji kyk deur die geboue hoe die berg brand. Die lug is oranje en dik van die rook. Sy vel voel warm. Hy draai in die rigting van die see, maar daar is nie eens 'n briesie nie.

Hy maak sy oë toe en sien die rooi en groen vlerkliggies van 'n boeing. Dan haal hy diep asem en swaai die switch.

## VOSPERD

Droëwors en *pool*tafels en bier; swembaddens, lemoene en tweedehandse TV-stelle, dit was Heinie se wêreld. Sy vrou, Janine, was 'n tikster by Bankfin in die stad, en sy kinders was in Belville Laer. Hy was so gelukkig as wat 'n mens maar kan wees.

Die oggend het hy postoasties geëet, in sy kar geklim en oor die snelweg gery op pad werk toe. Aan die musiek oor die motorradio kon hy agter kom dat Januarie Februarie en September Oktober geword het en dat dit amper Kersfees is. Dis maar hoe goed gebeur.

Hy het die winkel oopgesluit en die ligte aangeskakel. Vir die hele oggend was dinge stil en Heinie het gewonder of hy nie tog maar die besigheid vir 'n week of twee moet toemaak en see toe gaan nie. In die slaghuis langsaan kon hy 'n bandsaag hoor raas.

"Môre," sê hy wanneer 'n Transvaler, met 'n kind aan die hand, sukkel om die winkel se glasdeur toe te druk teen die wind.

"Ja," sê die man en hou 'n sakdoek onder die kind se druppende roomys. Hy is te laat om te keer dat sy sonbril uit die bosak van sy oopknoophemp val.

"Dis nie maklik nie," sê Heinie.

Die man tel die bril op en hou dit tussen sy tande terwyl hy

die kind se hande afvee. Nog met die bril wat uit sy mond hang, vra hy: "TV's?"

"Ons maak reg, verkoop en verhuur," sê Heinie.

"Ek soek 'n kleur-TV, om te huur?" sê die Transvaler en druk die sonbril terug in sy bosak. Hy haal 'n beursie uit en beduie met sy kop in die rigting van die straat. "Hierdie wind," sê hy.

"Ons het op die oomblik net wit-en-swart in stock."

Die man se vrou kom ook by die deur ingewaai. "Het hulle?" vra sy.

"Nooit, nooit weer kom ek Kaap toe nie - nie vir al die geld in die wêreld nie," sê die Transvaler wanneer die drie van hulle weer by die deur uit druk.

Ja, jou ou kont, gaan terug na waar jy vandaan gekom het, dink Heinie, maar glimlag tog vir hulle deur die winkelruit.

Net voor middagete bel Kalla. "Voel jy nie lus om vir 'n publunch te gaan nie?" vra hy.

"Ek ken jou publunches," sê Heinie en kyk deur die venster hoe 'n vrou met 'n waentjie vol Pick & Pay-sakke haar rok probeer af hou. "Kak wind, nè," sê hy.

"Jissis ja, maar dis mos juis hoekom ons moet binnekant wees. Daar waar die bier koud is en die vroue warm."

Heinie lag.

"Toenou ou Heino. Ons kan weer na daai plek in

Voortrekkerstraat gaan - net agter die ou Boston Hotel. Daar's lekker parking en alles."

Heinie tik met sy vingers teen die till. "Okay," sê hy, "hoe laat kom jy my optel?"

"My fine ou, Heino," sê Kalla en druk van binne af vir Heinie die Jetta se deur oop.

"Kalla, Kalla," lag Heinie. "Hoe loop dinge in die Valley?"

"Maar stil. Die Christmas-bonusses het nog nie deurgekom nie." Hy kyk oor sy skouer en trek weg. "Die mark sal seker in Januarie meer lewendig raak."

"Ja, hier's ook so baie dealers in die stad," sê Heinie terwyl hulle by garages en Seven Elevens en drankwinkels verby ry. "Kan jy net vinnig daar voor by die CNA stop? Ek wil graag 'n CD vir Janine koop."

"Ha-haaa!" lag Kalla, "cover sommer nou al reeds jou bases."

"Kak man, ek wou dit al lankal doen. Boney-M - het jy al hulle nuwe album gehoor?"

"Nee," sê Kalla terwyl hy 'n lekker plek soek om te double-park.

"Net vir ons gereserve," sê Kalla wanneer hulle by een van die laaste oop tafeltjies in die club 'n sitplek kry.

"Ek is maar bly ons het met jou kar gekom. Daai parkeerplek lyk maar fokkin scaly vir my," sê Heinie en steek 'n sigaret op. Hy draai die pakkie om in sy hand.

"Sj-sj-sjiii," sê ouens aan die tafeltjie voor hulle s'n, "die eerste show gaan nou begin."

"Kan ons nie eers 'n bier kry nie?" fluister Heinie.

"Ons wag maar," sê Kalla.

"Ag jissis, en ek ís so dors."

"Sal julle nou jul fokkin bekke hou," sê een van die mans voor hulle, en dan begin die musiek te speel.

Iemand trek agter, teen die straat, 'n blinkrooi gordyn dig en 'n silwer bol teen die dak begin draai. Wanneer 'n meisie met cowboyboots, ski-pants en nipplecaps op die verhoog verskyn, kraak die houtpanele teen die mure soos die manne daarteen klap. "Hip, hip, hip, hip," roep hulle op die beat van die musiek; op die beat waarop "Saaa-manthaaaa!" om die paal op die verhoog draai.

"Here, ek is dors," sê Heinie weer, "wys net daar vir die waitress sy moet hiernatoe kom."

"Sjj," sê Kalla en wys met sy sigaret na die verhoog. Die stripper beweeg haar bene oop en toe, oop en toe en strek dan haar een been uit dat 'n man die zip van haar boot met sy tande kan lostrek. "Hip, hip, hip, hip," skreeu die ouens terwyl sy hom aan sy das teen die verhoog op trek. Kalla trek swaar aan sy sigaret. "Dis 'n mooi ou meidjie, nè," lag hy en leun met sy elmboë vorentoe op die tafel.

"Linda!"

"Ekskuus?"

"My name is Linda," sê 'n meisie met 'n skinkbord wat haar

bes probeer om nie tussen hulle en die verhoog te staan nie. "You called me. Would you like something to drink?" Sy moet hard praat om bokant die musiek gehoor te word.

Later, beduie Kalla, maar Heinie bestel tog twee biere.

"Just after the show."

"Excuse me?"

"I'll bring your drinks right after the show!"

"Okay," knik Heinie vir die meisie met die wit bodysuit en kyk weer terug na die verhoog. Die ou met die das sit nou met slegs sy onderbroek aan op 'n stoel terwyl die stripper hom broeknaai. Op en af, op en af, wip sy. "Naai haar Flippie, naai haar!" roep die ou se pelle en dan skielik is sy op en trek ook vir Flippie aan sy arm op. Sy buk en gee hom sy klere aan. Een sokkie val, maar hy stop nie om dit op te tel nie. Onder die bult van sy maag hang sy tril pap in die blou materiaal van sy onderbroek. "Ou Phlippa!" lag sy vriende en kyk hoe die stripper uit haar ski-pants wikkel terwyl hy weer sy klere aantrek.

"Thanks," sê Kalla wanneer die girl in die bodysuit 'n bier voor hul elkeen neersit.

"Sure," sê sy en hou die skinkbord met die strokie daarop na Heinie uit.

"Can you run us as tab?"

Sy knik. "Are you going to have lunch?"

"Gaan ons eet?" vra Heinie.

"Sure thing," sê Kalla, "bring vir ons menu's." Hy sit effe terug en kyk na die waitress. "Wat is jou naam?" vra hy.

"Sorry?"

"What is your name?"

"Linda."

"Well, Linda, can you bring us some menus?"

Sy knik en draai weg van hulle.

"Linda, Linda, jy is my nooi," sê Kalla saggies en sluk lank aan sy bier. "Toe, ek het vir jou gesê dit gaan lekker wees hier."

"Sjame, maar die stripper het darem daai ou daar voor opgenaai."

"Ag, fok haar. Dit was nou 'n raw deal, sy't dan nie eens haar g-string uitgetrek nie. Dis 'n oorlamse meid daai, sê ek vir jou."

Heinie lag en kyk hoe die silwer bol teen die dak draai.

"My oupa," sê hy, "het toe ek klein was vir my 'n aardbol gekoop. Hy't my met sy vinger gewys waar presies ons sit en ek onthou ek was nog moerse worried oor hoe skuins ons hang." Hy draai effens om verby die rooi gordyn na 'n stuk van die straat te kyk. "Snaaks die goed wat mens onthou."

"Ja fokkit. Linda!" roep Kalla oor die tafeltjie. Wanneer sy kyk, tik hy teen die leë bier in sy hand. "Please," vorm sy lippe.

"Linda, Linda, jy is my nooi. Linda, Linda jou tieties is so

mooi," sing Kalla wanneer hulle oor die parkeerterein na die Jetta toe stap. "Hê? Hê-hê? Am I a poet, or what?"

"You're a poet, and you didn't even know it," lag Heinie.

"Is jy seker jy wil terug werk toe gaan?" vra Kalla met die sleutels al in die motor se deur. "Dit begin nou net lekker te kook hier binne."

"Nee hel, Kalla, ek kan nie net die shop so los nie."

"Dis amper Christmas."

"Ja, well."

"Ek," sê Kalla terwyl hulle in Voortrekkerstraat terug ry, "het natuurlik laas Saterdag 'n bietjie gaan bergklim."

"Waar?"

"Nee, sommer hier, Helderberg. My swaer-hulle klim mos gereeld en hy't nog altyd so aangehou dat ek en Beth moet saam gaan."

"So hoe was dit?"

"Sommer lekker kak hoor. Ek dag dis net so 'n entjie."

"Hoe lank het julle geklim?" vra Heinie.

"Here, ek weet nie eens nie, maar dis 'n moerse bult daai. Elke keer as mens net dink jy is bo..."

"Fokkit!"

"God, kêrel, wat nou? Ek't amper die kar omgegooi!"

"Shit, shit, shit," sê Heinie, "ek het die dônerse CD in die plek vergeet."

"Is jy seker?"

"Ja man, ek sien die CNA-sakkie nou voor my oë op daai tafeltjie lê."

"Ag," sê Kalla, "dis dalk 'n goeie Christmasbox vir Linda. Joe, maar daai girl het lekker tieties," sê hy.

Halfses sluit Heinie die winkel en ry weer oor die snelweg terug huis toe.

Hy gooi vir hom 'n whisky en gaan sit op een van die plastiekstoele langs die swembad. "Pieter," vra hy sy seun wat steeds in die water is, "tot hoe laat was Les nog hier?"

Die seun klim uit en kom lê met sy wit lyf op die teëls wat deur die middagson warm gebak is. Sy tande klap effens as hy sê: "So four bells, Pa."

"Het hy agter ook geknip?" vra Heinie en trek die reuk van gesnyde gras hoog in sy neusgate op.

"Ja Pa."

Hy is amper klaar met sy tweede whisky wanneer hy die kar buite hoor. "Kom, jy moet afdroog, jou ma is by die huis," sê hy vir Pieter terwyl die motorhuisdeur kraak. "Ons sal seker netnou eet."

"Hallo," sê Janine 'n rukkie later deur die half-oop skuifdeur en nog 'n rukkie later roep sy hulle om voor die TV te kom hotdogs eet.

"So, hoe was jou dag?" vra sy na die Nuus; na die kinders al bed toe is.

"Ag allright - bietjie stil," sê Heinie. Hy trek stadig 'n lyn op die agterkant van die sigaretboksie voor hom. "Ek en Kalla het vir 'n publunch gegaan."

"En?" vra Janine en krap iets onder haar knie.

"En wat?"

"En hoe het die strippers gelyk?"

"Kak man," sê Heinie en trek nog 'n streep, "ons was sommer Spur toe."

"Yeah right," sê Janine en lag. Sy trek haar knie tot onder haar ken op en vryf oor haar tone. "Ek het gedink," sê sy, "dat ons Sondag miskien 'n bietjie kan deurry Strand toe. Dis tog skoolvakansie en die kinders is maar verveeld hier by die huis."

"Okay," sê hy en draai die sigaretdosie om. Hy haal 'n sigaret uit, steek dit op en draai die dosie weer met die rugkant na bo.

"Ek gaan bad," sê Janine.

Hy is klaar in sy pajamas as sy uit die badkamer uit kom.

"Gaan jy nie sjower nie?" vra sy.

"Ek sal sommer môreoggend." Hy sit die sigaretboksie langs 'n glas water op die bedkassie neer. Terwyl sy haar bene met room insmeer, leun hy elke nou en dan vooroor om nog 'n streep op die agterkant van die dosie te trek. Hy draai dit weer om en haal 'n sigaret uit.

"Heinie," sê sy.

"Sorry," sê hy en sit die sigaret weer terug.

Na sy die prop van die room toegedraai het, sit sy dit op die spieëltafel terug. "Kan ek maar die lig afskakel?" vra sy.

"Nog net twee minute," vra Heinie, "ek is nou klaar."

"Wat teken jy?"

"'n Plan," sê hy.

"Van wat?" vra sy en begin om stadig oor sy maag te vryf.

"Man." Hy krap deur sy hare. "Dis so 'n idee wat ek het vir 'n bar, 'n bar hier langs die swembad." Hy kyk op na haar. "Dink jy nie dit sal lekker werk nie?"

Na Janine die lig afgeskakel het, lê Heinie nog lank en dink. Sy rol een of twee keer om en hy kan die klap van haar kleinbroekie se rek hoor wanneer sy dit gemakliker trek. "Lekker slaap," sê hy, maar sy slaap seker reeds.

Die Sondag ry hulle uit Strand toe. Dis 'n hele trek met surfboards, sambrele, 'n koelboks en 'n mandjie agter in die *boot*. Pieter en Hailey, die kleiner een, is opgewonde terwyl die radio musiek speel en die son deur die agterruit van die motor bak.

"Dis 'n lekker dag, hoor," sê Heinie en raak aan Janine se been waar dit onder haar geblomde strandrok uitsteek. "Het jy jou kozzie ingepak?"

"Ek gaan nie swem nie," sê sy en trek haar been effe na links dat haar knieë amper aan mekaar raak.

"Hoekom nie, Ma?" vra Pieter.

"Sjj, man," sê Haily en trek die skouerbandjie van haar swembroek reg.

"Hoekom mag ek nie vra nie?" vra Pieter.

"Daar's goed wat 'n man net nie vra nie."

"Wat?"

"Okay, okay," sê Heinie, "is julle lus vir roomys?"

"Mmm, Bokkie," vra hy wanneer hy voor die kafee stilhou.

"Wat?"

"Is jy lus vir 'n roomys?"

Sy kyk na die kinders wat op die warm sypaadjieteer staan en trippel. "Miskien later," sê sy. "Jy moet asseblief vir my by 'n apteek stop voor ons strand toe gaan."

Wanneer Heinie laatmiddag die sand van die surfboards en sambrele afskud voordat hy dit weer terugsit in die bak, kan hy voel hy het gebrand. Hy het lank, eers saam met Hailey en daarna saam met Pieter, op die nat sand beachbats gespeel terwyl Janine op die stoel onder die sambreel sit en lees het. Hy het selfs geswem ook, tot ver agter die brekende branders, en moet nou elke nou en dan met sy sakdoek teen sy neus druk waar druppeltjies soutwater steeds uitlek.

"Julle moet op julle handdoeke sit," sê hy vir die kinders wat buite die motor wag dat hy moet oopsluit. "So where to?" vra hy en kyk na Janine.

Die kinders is stil - hulle is moeg.

Janine klap, deur die oopgedraaide ruit aan haar kant, sand van die rug van haar sandaal af.

"So, dan is dit maar home, sweet home," sê Heinie en draai die sleutel in die aansluiter.

Janine raak aan sy elmboog. "Net nog so 'n klein draaitjie," sê sy. "Miskien daar by die farm stall in Sir Lowrey's pas verby. Dan kan ons sommer vrugte vir die huis koop."

Hy hou langs die ander karre in die skaduwee van die berg stil. "Kalla sê hulle't laas Saterdag Helderberg geklim," sê hy en wys met sy vinger na die berg.

"Watter berg het oom Kalla-hulle geklim?" vra Pieter, en Heinie wys weer.

"Jislike, ek het nie gedink hy kan nog so ver stap nie."

"Wat, hy is dan net so oud soos Pappa," sê Heinie.

"Maar Pa is darem nog fiks."

"Sal ons uitklim?" sê Janine en maak die deur aan haar kant oop. "Kyk," beduie sy vir die kinders, "hier is ponies ook."

Terwyl Janine tussen die pampoene, mandjies appels, ingelegde appelkose en draadkarretjies op die sementvloer van die winkel gaan rondkyk, stap Heinie saam met die kinders af na die ponies toe.

Die kampie is moddergetrap en 'n bruinman in 'n blou overall is besig om met 'n draadborsel die rand van die krip skoon te skuur.

"Kan die kinders nog ry?" vra Heinie.

"Dis bietjie laat nou, Meneer," sê die man en kyk na die skaduwees onder die dennebome.

Pieter pluk 'n homp gras en lok die een merrietjie nader.

"Wat is haar naam?" vra Hailey.

"Linda, nooi," antwoord die man in die oorpak.

"Linda, Linda, jy is so mooi," sing Pieter en vryf oor die ponie se wit bles. Hy kyk op na Heinie. "Sy's mooi, nè Pa?"

"Ja," sê Heinie. "'n Perd waarop mens oor die rant van die bult kan ry." Hy maak vir 'n oomblik sy oë toe: Opstaan, stort, tandeborsel, skeer, dink hy. "Kom, loop roep julle ma, ons moet huis kry."

"Heinie," sê Janine wanneer hulle by die afdraai na die N2 stilhou. "Is jy nie lus dat ons sommer deur Somerset-Wes terug ry huis toe nie?" Sy trek haar bene op. "Dan kan ons die liggies kyk en miskien sommer 'n lekker roomys eet."

"Ja, toe Pa," sê Hailey.

Heinie kyk oor die vaal see waarop die son nog net 'n spikkel maak. Voor hulle, op die snelweg, het die eerste motors reeds hul ligte aangeskakel. Agter hulle toet iemand. "Ek is moeg," sê hy, "môre is Maandag."

## TEERPAD

Karla en Paul is net voor Paasnaweek in Pretoria getroud. Albei van hulle het in daardie tyd vaste werke gehad en dit was 'n gesukkel om verlof vir die honeymoon gereël te kry. "Ons moes kies," het Paul gesê, "Paasnaweek of die naweek van die verkiesing. Toe kies ons maar Paasnaweek - mens weet nooit." Karla het gesê: "Ek weet dis moeilik met die verkeer en alles, maar wat kan ons tog nou doen."

Ten spyte van die moeilike tyd van die jaar het baie van hul vriende, party selfs sonder uitnodiging, opgedaag. Dit was 'n mooi kerkdiens en daar was baie drank op die onthaal.

Na die onthaal het hulle die saal se ligte aangeskakel en 'n laaste paar vriende het gehelp om die stoele en tafels op mekaar te pak.

"Dankie. Nag. Dankie dat julle gekom het," het Karla gesê en twee van Paul se vriende het gehelp om hom in die motor te laai.

'n Uur of twee later was hulle op pad na die groot, blou see.

Net anderkant Heidelberg skrik Paul wakker. Sy nek is styf en hy kan die sooibrand tot in sy keel voel opstoot. Vir 'n ruk lank haal hy deur sy neus asem en probeer om op die lorrie voor hulle se remligte te konsentreer.

"Trek af, jou doos," sê Karla en flikker die Corrola se

kopligte.

Paul sê iets.

"Hhh, is jy wakker?" vra Karla, sonder om haar oë van die pad af te haal.

"Ek dink so." Paul gaap en draai die ruit aan sy kant 'n entjie af. Die reuk van diesel en uitlaatgasse raak sterker. Buite blink silwer padversperrings tussen hulle en die blou lusernlande.

Vir 'n ruk ry hul weer in stilte.

"Jy was darem lekker dronkies vanaand," sê Karla wanneer dit lyk of Paul weer aan die slaap wil raak.

"Ek was nie die enigste een nie." Hy sit regopper. "Het jy vir Lucas gesien?"

Karla kyk na hom. "Ja, ek is eintlik 'n bietjie die moer in vir hom."

"Ag, almal was dronk. Niemand het seker aanstoot geneem nie. Lucas is mos maar Lucas."

"Ek weet nie," sê Karla, "hoe kan hy sommer so sy broek voor almal uittrek?" Dan lag sy. "Ek is net bly my ma-hulle was al weg - hulle sou dit nou fokkol gelaaik het."

"Mens weet nooit."

"Sal jy vir my 'n sigaret opsteek?" vra Karla later. "Die sigarette is in my handsak."

Paul strek homself uit en voel na die handsak op die agterste sitplek. "Jy weet ek hou nie daarvan om goed uit jou

handsak te haal nie," sê hy en skakel die dakliggie aan om beter te sien.

"Sjoe, maar jy kan darem 'n ou cry-baby wees as jy die dag wil."

"Maar ek voel nie lekker nie."

Sy knyp hom in die ribbes. "My ou babytjie," lag sy. "Die sigarette is in die kantsakkie. Daai ene."

Toe Paul opkyk, is die lorrie amper teen hulle. Die Corrola ruk in die dwarswind en Karla moet pluk aan die stuurwiel om hulle in die pad te hou.

"Jissis!" sê sy. "Fokkit, dit was amper."

"Ja," sê Paul en sukkel om die los sigarette wat op sy skoot uitgeval het, weer terug in die pakkie te kry. "Is jy okay?"

Karla haal diep asem. "Net bietjie geskrik," sê sy. "Die fokkers ry ook net."

Hy sit sy hand op haar skouer.

"Dis okay," sê sy en beweeg onder sy hand.

Dan steek hy vir haar 'n sigaret op en sit dit tussen haar lippe.

'n Uur voor Harrysmith vra Paul: "Wie het nou weer die ruiker gevang?"

"Hoe vra jy, jy was dan by."

"I don't know." Hy vryf aan 'n jeukerige plek op die punt van sy neus. "Ek het nou probeer dink, maar ek kan glad nie onthou nie."

"Blackouts," lag sy. "Jy sal moet versigtig wees."

"Hoekom?"

"Wel, as ek vra: 'waar was jy gisteraand?' en so, dan sal jy moet kan antwoord." Sy wys na die sigarette op die paneelkis voor hom. "Besides, dis nie goed vir jou om so baie te drink nie."

Hy steek vir haar nog een op en vra dan weer: "So, wie hét toe die ruiker gevang?"

"Jenny."

"Gôôtt," sê hy.

"Sies!"

"Waarvoor sê jy nou 'sies'?"

"Jy weet."

"Nee, ek weet nie."

"Jy dink Jenny is lelik en daarom gaan sy nie 'n man kry nie. Toe, stry," sê sy.

"Nee, ek stry nie."

Haar vingers tik teen die stuurwiel.

"Is sy nie 'n lesbian nie?" vra Paul net voordat Karla die motorradio se volume tot amper bo draai.

"Ons gaan doof raak," sê Paul na die vyfde song.

"Wat?"

Hy draai die radio sagter. "Ek wil nog met jou gesels," sê hy.

"Waaroor?"

"I don't know - oor die troue, enige iets."

Sy kyk na die radio en kyk na hom. "So jy dink Jenny is 'n lesbian."

"Ag, fok tog," sê Paul.

"Sy kan mos nie help hoe sy lyk nie. En, sy's rêrig 'n nice girl, in any case, heelwat nicer as jou hooligan-vriende uit die Kaap."

"Dis net Lucas wat kak gemaak het."

"Nee," sê Karla, "weet jy hoe ontsteld was my ma toe sy hoor dat daar 'n klomp gatecrashers by die onthaal is? Hulle't nie eens die ordentlikheid gehad om na die kerk toe te kom nie."

Paul draai die sigaretpakkie om tussen sy vingers. "Hulle was laat." Hy kyk na Karla en dan weer na die pad voor hulle. "Moes ek nou vir hulle weggewys het na hulle die heelpad uit die Kaap gery het om by die troue te wees?"

Karla sak laer oor die stuurwiel en die brandstofpedaal.

Wanneer hulle by die volgende Ultra City stop, vra Paul of sy nie wil hê dat hy vir 'n ruk lank bestuur nie.

Nadat hy die kar laat vol maak het, gaan koop Paul vir hulle koffie by die 24-uur-winkel. 'n Kind met deurmekaar hare vra vir die kassiere waar die badkamers is. Die kassiere verstaan nie, want die kind praat Afrikaans. "Toilets," sê die kind se ma, dan haal die kassiere 'n sleutel onder die toonbank uit. 'n Petroljoggie kom in om kleingeld te kry. 'n Man in 'n blou en rooi sweetpak koop Craven 'A' 20's en twee blikkies Coke.

Hy gaan staan in die deur van die kafee en hou die pakkie sigarette in die lig op. 'n Vrou in 'n geparkeerde motor knik. "Thank you," sê die man aan die kassiere en stap uit. 'n Minuut later is hy egter terug. "Would it be possible to change this for Tab?" vra hy terwyl hy die een Coke-blikkie ophou.

Paul gaan staan buite om vir Karla te wag. Toe sy by die badkamers uitkom, gee hy die koffie vir haar aan. "Dankie meneer Ferreira," sê sy en trek aan die lapel van sy troupak.

"Dis 'n plesier, mevrou Ferreira," sê hy en sit sy arm om haar terwyl hulle na die motor toe stap.

"Ek is jammer," sê sy.

"Waaroor?" vra hy.

"Jy weet," sê sy.

"Julle't baie reëlings gehad," sê hy. "Dit was 'n mooi troue."

Rondom hulle rol die natgedoude, groen heuwels in die eerste lig van die son. Hulle kan net-net nie die see ruik nie.

## SONSKYN

Frannie het in die son in gekyk en daarvan blind geword. Dit was maar 'n kakkerige stand van sake.

Twee plaaswerkers het hom op 'n koppie buite Kroonstad gekry en die boer gaan roep. Hulle't hom in komberse toegerol en agter op 'n bakkie gelaai. Toe het hulle hom hospitaal toe gevat.

Daar het twee verpleërs hom op 'n trollie gelig en in 'n gang af gestoot.

In die hospitaal se voorportaal het die boer 'n sigaret gerook en die verlepte blaartjies van 'n potplant afgetrek. Niemand het hom koffie aangebied nie en hy't toe maar weer in sy bakkie geklim en teruggery plaas toe.

*

Vir die eerste twee weke het Frannie gekots en gelag en sy kop teen die bad se rand probeer stukkend slaan. Die nurses het rondom sy bed gestaan en gepraat oor *Loving* en Elvis terwyl hulle hom afspons. Die bene in sy lyf het skerp geword: sy vingers was reguit wanneer hy oor sy ribbekas en knieë, oor die branderigheid onder sy stuitjie gevoel het. "'n Shot," het hy gevra, "net een shot" en "Barman!" het hy geskreeu wanneer die nurses oor Elvis en oor *Loving* bly praat het.

Eers na die tweede of derde week het hy begin slaap, en daarna begin droom.

Maar hulle wil hom steeds nie uitlos nie. Elke oggend vyf-uur is daar iemand om sy bloed te meet; ses-uur luister hulle na die weer en die nuus en Supertramp en die sake en Boys to Men; en daarna is dit brekfis.

Eers as die saal na son en tee en blomme ruik, kom daar 'n dokter en 'n sielkundige en nog iemand wat sy bloeddruk wil vat.

"Môre, môre, môre!"

Here Jeeeee-sus! Alweer die pastoor se mense, dink Frannie. Hy't kanker en ruik na Dettol en pis. "Hy't nie lank om te lewe nie," sê die nurse, as Frannie kla oor die voortdurende gebiddery.

"O, Here Jesus, ons Koning, ons Verlosser. Ons Saligmaker, ons Heiland - U is die Groot Geneesheer. Was ons pastoor se bloed skoon met U eie. Lig hom op uit hierdie bed van siekte."

Wie maak die koffie? Wie is die kok? En hoe is my ou mater se ou lewer gekrok?

"Tee vir enige iemand?" roep die meisie van die kiosk by die saal se deur.

"Here Jesus, ons lê voor U en smeek vir die lewe van hierdie suster van ons se man. Ons smeek vir ons pastoor. Ons smeek vir U genade."

Kry hulle nooit einde nie?

"Ja, engeltjie, dis 'n blinde man wat hier in die bed langs jou pa s'n lê," hoor Frannie 'n man se stem.

Wanneer die pastoor se mense weer weg is, droom hy van 'n sweisbril wat in 'n klipskeur onder 'n koppie lê. Die visor is gekraak en die son het sop uit die rubber gebraai.

"Hoe gaan dit met jou, Ouboet?" wil Theo weet wanneer hy by Frannie kom kuier.

"Blind en nugter," sê Frannie.

Buite brom 'n grassnyer. "Ek het vir jou 'n paar pakkies sigarette saamgebring," sê Theo. "Ek sit dit hier in die laai. Gill en die kinders stuur groete. Sy sal hulle seker vanaand of môreaand of so bring."

"Hier is besoekers vir u, Pastoor," sê die saalsuster.

"Nee, dit gaan maar kak," sê Frannie. "Onthou jy?," wil hy later weet, "onthou jy daai vinyls wat Pa altyd op die plaas gespeel het?"

"Naand Pastoor. Naand Pastoor."

"Wie maak die koffie? Wie is die kok?" begin Frannie saggies sing.

"Ek onthou so iets," sê Theo.

"Jy was nog baie klein," sê Frannie. "As ek reg onthou, gaan die song oor 'n vrou wat haar man vergiftig."

"Ouboet," sê Theo.

"Snaaks dat dit altyd vroue is met die gif."

"Wat sê die dokter?" vra Theo.

"Hy sê ek's blind."

"Hier is Oros en beskuit wat Gill-hulle gestuur het," sê Theo. Hy sit nog goed in die bedkassie. Die staaldeurtjie klap as hy dit toedruk. "Morris en Joseph en al die mense daar by die garage stuur groete. Ek sal 'n bakkie reël dat hulle ook kan kom kuier."

"Dis nie so bad nie, die oë-storie," sê Frannie, "is maar soos arc-eyes, net nie so krapperig nie. Onthou jy die keer toe ek arc-eyes gehad het?"

"Ouboet. God."

Frannie lag. "Dôner ek was gesuip - skoon vergeet om die helmet op te sit."

"Frannie, ek is jammer."

"Ja," sê Frannie.

Iemand by die pastoor se bed huil saggies.

"Toe ons net getroud is, was ons 'n ruk by Ma-hulle op die plaas. Die geyser het elke nag vir Gill wakker geraas. Pa kon mos op die onmoontlikste tye loop bad. Dit was nice tye daai."

"Frannie," sê Theo en loop dan maar later.

Hoe lyk die plafon van 'n hospitaal? Is dit koel, wit sparre waarbokant stoffies in 'n solder warrel? O, hoe mooi is die Karoo hierdie tyd van die jaar, die reën het net op die regte tyd gekom. "Julle moet van daai stoep af opstaan, daar's werk om te doen," roep sy ma. Die rooi stoepteëls is warm onder sy knieë. "Versigtig!" sê sy pa. "Ai Here Frannie, wat het jy nou

weer aangevang. Ounooi!" Alles is nat. "Wie het die melkemmer omgeskop?"

Die bedpan is koel onder die holte van sy rug. Die lakens op die bed langs syne word omgeruil. "Ja, die pastoor is toe laasnag weg," sê die saalsuster.

Gill en die kinders kom ook kuier, maar hulle praat nie veel nie. Sy kan nie onthou van die geyser wat haar wakker geraas het nie. "Ek onthou min van daardie tyd," sê sy. "Hier is 'n baadjie van jou wat ek nog in 'n kas gehad het. Ek sit dit hier op die stoel langs die bed neer," sê sy later.

Wanneer sy weg is, voel Frannie aan die baadjie se kraag - die wol is sag onder sy vingers - dis die een wat sy pa vir hom gegee het net voor hy en Gill getroud is. Die moue ruik na olie, dink hy, en hoor later hoe die nagsuster die baadjie in die kas ophang.

Na die derde keer wat Gill die kinders bring, sê sy: "'n Hospitaal is nie vir kinders nie."

"Ja, 'n hospitaal is nie vir kinders nie," sê Frannie ook voordat sy gaan.

In die middae neem hulle hom buitentoe, waar hy in die son kan sit. Daar is een of twee koeltebome. Hy kan ruik dat die tuin genoeg water kry. Behalwe vir die busse en karre anderkant die muur, is dit lekker stil - stil genoeg om vet springbokke voor te lê en op sy tyd plat te trek.

Dis op 'n Woensdag dat Rheta vir die eerste keer sy hare sny. "On this Wednesday morning: Free State, bright and sunny. Bloemfontein: a minimum of 18, a maximum of 32 degrees Celcius. Get out your golf clubs and play - dis klein-Saterdag! And for the rest of you guys in this magnificent province - rol daai mielie!" sê die man op die radio terwyl Frannie scrambled eiers op toast eet.

"Hair cuts, hair cuts," roep die nurse by die saal in. "Kom meneer Hofmeyer, jy lyk al soos Jopie Adam."

Frannie antwoord nie.

"Kom, meneer Hofmeyer, op-op! Vandag sny ons jou hare. Dis 'n baie gawe meisie wat hier in die hospitaal die mense se hare doen. Onthou jy vir Jopie Adam? Hy't 'n mak beer, Ben, gehad."

"Oh, for fuck sakes! Kom ons gaan net."

Frannie se lyf is seer gelê en hy is nie lus om te wag tot drie-uur wanneer hulle hom gewoonlik buitentoe vat nie. Hy steek sy hand uit na die haak bokant die bed waar sy japon hang.

"Haai Rheta, ek het vir jou 'n customer gebring," sê die nurse en wys vir Frannie waar om te sit.

Hy ruik sjampoe en haarsproei. Hy wonder of hier ook pienk gordyntjies soos by Gill se werk is.

'n Kol son val op sy voorkop.

"Dit pla nie, nè?" vra sy en hou haar hand tussen sy gesig en

die son.

Frannie lag.

"Dis die weirdste ding," sê Rheta, "hoe fascinating ek daai dairy gevind het. Jinne, ek is mos nie meer 'n kind nie. Miskien is dit mos juis omdat ek in 'n klein skooltjie was en ons nie rêrig op groot fieldtrips gegaan het nie."

Eers het sy sy hare gesny en met 'n lemmetjie sy nek skoongeskraap. Sy't bly praat terwyl sy Frannie se baard knip en daarna skeer. Sy voorkop was warm, maar hy't nie gedroom nie.

"Dit klink seker silly, maar dit was jenian amazing vir my: Daai koel staaltenks waarin hulle die melk hou; die rakke en rakke vol jogurt. Ek sal jou eendag moet gaan wys."

Sy praat nog 'n ruk, vat elke nou en dan aan sy gesig en skraap nog 'n haartjie af.

"Soos 'n splinternuwe sikspens," sê sy eindelik en laat die stoel weer regop kom. Met 'n handdoek vee sy die los hare uit sy nek uit. Vir 'n oomblik is sy slape koud en sweterig bo die hospitaal se geteelde vloer.

"Is jy okay?"

"Net bietjie duiselig," sê hy. "My vrou, my eks, weet jy, sny ook hare." Ek was lief vir haar, dink hy terwyl die aarde stadig draai.

"Miskien," sê sy, "miskien as jy gesond is, kan ek jou daardie dairy gaan wys."

"Miskien," sê hy.

"A lot of fucking effort," sê Frannie die volgende dag vir die sielkundige. "A lot of fucking effort, om by al daai kak verby te kom."

"Ja," sê die sielkundige, "die lewe is nie 'n feëverhaal nie. Al wat ons het, is moontlikhede."

Frannie laat gly sy vingers oor 'n geroesde skroef wat uit die rugkant van die bankie waarop hulle sit steek. "A lot of fucking effort," sê hy, 'n bietjie sagter as vroeër.

"Moontlikhede, net moontlikhede, dis al wat ons het om mee te werk," sê die sielkundige. "Ons praat môre verder daaroor," sê hy en laat vir Frannie alleen in die middagsonnetjie in die hospitaal se tuin agter.

*

"Ek het jou kom haal," sê Retha.

"Okay," sê Frannie en voel na die staaldeur van die kas. "Ek dink daar's nog 'n tas van my hierbinne."

Sy help hom om die hemde van die hangers af te haal en in die tas te pak.

"Nee, nie die skaapvelbaadjie nie - los dit hier," sê hy.

"Kan jy sign?" kom vra 'n saalsuster. "Dis vir die klere en die ander goed." Sy hou haar vingers op die papier dat hy kan teken.

"Okay," sê Frannie, "is ons nou klaar hier."

"Hier is nog beskuit en 'n halwe bottel Oros in die kassie. Wil jy dit saamvat?" vra sy.

"Fok dit," sê Frannie terwyl die son oor bome en skoolbusse en ice-cream-manne en godweetwatnog skyn.